39. Cows, pigs, goats, poultry, etc., shall not be kept except with the permission of the O.C. troops, and then only to the extent advised on sanitary grounds by the S.M.O. of the station.

PRECAUTIONS AGAINST FIRE.

40. At all stations a fire committee will be appointed, consisting of three members, including the officer i/c barracks, one of whom should, if possible, be a field officer.

41. The duty of the fire committee will be to make such recommendations as may appear advisable for the improvement of the fire arrangements, and to hold inspections of the fire appliances, at which the troops will turn out as at a fire. These inspections will be more valuable if made without warning. At least two members of the committee should be present at each inspection.

42. The committee will report half-yearly on the results of their inspections, but anything which may need prompt attention should be brought to notice at the time.

43. They will state whether the personnel, appliances, and water supply are reasonably sufficient and efficient and are distributed to the best advantage, and they will make recommendations for remedying defects.

44. A book will be kept in an appointed place, in which a record of the inspections made and any observations arising therefrom will be entered and signed by the members. The record should be full, and should show which hydrants were tested, what unit furnished the piquet, its strength, etc.

45. In all barracks and stations where mineral or highly inflammable oils or spirits are kept, for sale in institutes or for public or private use, the S.A.E.C. will decde and will inform the

INSPEKSIES BY VERTREK EN INTREK.

27. Om tyd en werk te bespaar, moet hierdie inspeksies, as dit moontlik is, verenig word.

28. Die B.O. van 'n eenheid te same met die offisier in bevel van die kaserne, 'n offisier van die S.A.Sj.D. en die boekhouer van die kasernegoedere, moet alle geboue, meubels en vasstaande meubels wat vir die gebruik van troepe bestem is (as dit moontlik is vóór die aankoms van die troepe) laat inspekteer om uit te vind wat die toestand daarvan is. Hierdie inspeksie moet uitgevoer word deur 'n offisier van die betrokke eenheid. Die troepe word daarna verantwoordelik vir die oorhandigde geboue, ens.

29. 'n Afdeling van nie meer as twee offisiere, vier onderoffisiere en twaalf man van die geledere moet die kaserne vir die eenheid of korps oorneem. Hierdie afdeling moet sonder hul gesinne vooruit gestuur word deur die eenheid. 'n Afdeling van dieselfde sterkte moet agtergelaat word om die kaserne te oorhandig.

30. 'n Offisier wat namens 'n eenheid 'n kaserne oorneem, moet, voor hy die kamer of kwartier verlaat, elke inwentaris met sy voorletters teken en dit dateer; hy moet, as sy eenheid 'n ander eenheid aflos, tegelykertyd 'n lys opmaak van goed wat vervang of ontbrekende goed wat aangevul moet word, sodat hy nie die tekening van die inwentaris hoef na te laat nie.

31. So gou as moontlik na intrek geneem is, moet die B.O. 'n sertifikaat in die regte vorm in tweevoud teken.

32. As troepe gelas word om 'n kaserne te oorhandig, moet die O. in B. van die standplaas aan die offisier in bevel van die kaserne en aan die S.A.Sj.D. so vroegtydig moontlik kennis gee van die dag en uur van verlating van die geboue, sodat reëling getref kan word vir die inspeksie by vertrek.

33. By hierdie inspeksie moet 'n ervare offisier die gemelde offisiere vergesel by die inspeksie van die hele kaserne en die vasstelling van skade. Eersgenoemde offisier moet, voor hy 'n kamer of kwartier verlaat, deur sy handtekening in die aantekeningboeke van die ander offisiere sertifiseer dat die aangetekende beskadiging of ontbrekinge reg is, of moet op die plek objekteer as daar iets is waarteen hy wil appeleer.

34. Inwentarisse van kasernegoedere wat aan eenhede uitgereik word moet deur die boekhouer van kasernegoedere opgemaak en deur hom en die ontvangende offisier geteken word. Hierdie inwentarisse word aan 'n inwentarisbord geplak en die bord dan opgehang in die kamer, gebou, of groep van geboue waar die goedere gebruik word.

Onder geen omstandighede mag meubels, ens., wat in die inwentaris opgeneem is of vasstaande meubels sonder magtiging van die boekhouer van kasernegoedere of van die offisier in bevel van die kaserne vir permanente gebruik op 'n ander plek weggeneem word nie.

35. Geen offisier of soldaat mag sonder die magtiging van die K.M.G veranderinge of toevoeginge aan kamers of geboue maak nie; laasgenoemde kan sy goedkeuring gee aan geringe veranderinge wat nie die woonruimte raak nie en ook nie van die goedgekeurde modelle en voorsieninge in die kaserne verskil nie. Tydelike geboue, hutte of 'n verhoog kan ook deur die K.M.G. goedgekeur word en ook die oprigting van 'n tribune in 'n gebou. Dit mag egter nie in gebruik geneem word voor dit deur die S.A.Sj.D. goedgekeur is, veral in verband met riesiko van brand. 'n Persoon wat sonder magtiging 'n verandering maak in die elektriese lig, waterpype of inwendige inrigting van 'n gebou vir gebruik van troepe bestem, is aanspreeklik vir betaling vir vermeerdering van elektriese stroom of waterverbruik en vir die koste om wat verander is in die oorspronkelike toestand te herstel.

36. Leë geboue binne die ring van 'n kaserne of binne die terrein van 'n eenheid, sowel as geboue in werklike besit van die troepe is, vir so ver dit die veiligheid daarvan betref, onder die sorg van die B.O.

SANITASIE.

37. In geval van epidemiese siektes, moet alles gedoen word om te voorkom dat iets wat waarskynlik besmetting zal veroorsaak na die kaserne- of krygsbehoefte- magasyn teruggestuur word. As daar rede is om te dink dat besmette beddegoed, klere, tente, ens., so teruggestuur is, moet die betrokke offisier dadelik gewaarsku word.

38. Die vensters van elke kasernekamer moet wyd genoeg oopgemaak word om 'n ruime lugstroming toe te laat en moet oop gehou word vir sover as die weer en jaargetye toelaat.

39. Koeie, varkens, bokke, pluimvee, ens., mag nie sonder toestemming van die O. in B. van die troepe gehou word nie en dan net so veel as wat deur die S.O.G. van die standplaas op grond van sanitêre redes aangeraai word.

VOORSORGMAATREËLS TEEN BRAND.

40. By elke standplaas moet 'n brandblussings-komitee aangestel word bestaande uit drie lede (met inbegrip van die offisier i/b. van die kaserne) een waarvan, as dit moontlik is, 'n hoofoffisier moet wees.

41. Die plig van die brandblussings-komitee is om aanbevelinge te doen wat raadsaam blyk vir die verbetering van die reëlinge vir brandblussing, en om inspeksies van die toestelle vir brandblussing te hou, waarby die troepe moet opkom net soos by brand. So 'n inspeksie sal meer goed doen as dit sonder waarskuwing gehou word. Ten minste twee lede van die komitee moet by iedere inspeksie aanwesig wees.

42. Die komitee moet halfjaarliks verslag doen van die resultate van sy inspeksies, maar iets wat dadelik aandag vereis, moet dadelik ter kennis gebring word.

43. Die komitee moet meld of die personeel, toestelle en watervoorraad redelik voldoende en goed is en op die voordeligste manier verdeel is, en moet aanbevelinge doen vir herstelling van gebreke.

44. 'n Boek moet op 'n vasgestelde plek gehou word waarin die inspeksies wat gehou is en die aanmerkinge in verband daarmee aangeteken en deur die lede geteken moet word. Die aantekening moet volledig wees en moet aantoon watter brandkrane getoets is, watter eenheid die brandpiket verskaf het, die sterkte daarvan, ens.

45. By alle kasernes en standplase waar mineraalolie of erg ontvlambare olie of spieritus in voorraad gehou word vir verkoop in institute of vir goewermentsgebruik of private gebruik, moet

officer i/c barracks what quantity may safely be kept in store, the place in which it is to be kept, and the rules under which it may be issued.

46. In framing these rules it will be necessary to guard against the oil or spirit being stored in places to which men can have access after dark, and to direct that lights be not taken into the store at any time. Proximity to magazines and storehouses must invariably be avoided, and the hours of issue must be such as to ensure that the utmost precautions are used to avoid danger from fire. In all places where oil or spirit is stored a box of sand or dry earth must be placed, to be thrown at once on any that may have become ignited; water must not be used.

47. Suitable sheds for the storage in barracks of motor vehicles which are the private property of members may be erected at the expense of the members concerned, as encroachments, with the approval of the O.C. troops and S.A.E.C. The following rules will be adhered to by the owners of all private vehicles stored on Defence buildings, and copies will be affixed to the walls of the sheds:—

(i) Replenishment of fuel tanks of motor cars or bicycles may only be made in the open air and at a distance of not less than 10 yards from any shed or other building.

(ii) In the case of motor vehicles fitted with burners, no burner is to be lighted or be allowed to remain alight within 10 yards of any shed or building or pile of inflammable material.

(iii) Smoking is not allowed within the sheds.

48. Lights or freshly made up fires will not be allowed in barrack-rooms or buildings occupied by troops—except in hospitals, latrines, guard-houses, galleries, or stables—later than a quarter of an hour after the last post, when an officer will visit the barracks to see that this order is obeyed. Lights are permitted in sergeants' messes up to the hour authorized by O.C. troops or garrison. Soldiers are prohibited from smoking in buildings or tents where there is loose straw.

49. In the barracks of a mounted unit, before the "Dismiss" is sounded, the orderly officer will see that all the stable buckets are filled with water and left in the most accessible spot, and a note showing that he performed this duty will be made in his report. The person responsible for the closing of rooms or buildings in which fires or lights are used during the day, but which are unoccupied at night, will personally ascertain, before leaving for the night, that there is nothing which might lead to an outbreak of fire. In messes, canteens, etc., all rooms in which fires or lights have been used during the day will be swept out before being closed at night. The raking out of a fire on to the hearthstone should be avoided. Towards the time for "Lights out" in the case of occupied buildings other than hospitals and guard-houses, or the time for closing in the case of buildings unoccupied at night, all fires should be allowed to die down as much as possible.

50. Immediately after troops enter upon the occupation of any barracks, the C.O. will appoint a N.C.O. and a party of men as a "fire-piquet," who should preferably be those who have had some previous acquaintance with things mechanical to enable them to learn more readily the handling of the appliances and the technical terms relating to them.

51. The C.O. will see that fire engines are kept clean and the hose properly dubbed, and cause each engine and hydrant to be tested monthly. The whole of the hose will be attached to the engine or stand-pipes and tested, and the hydrant boxes examined and cleared. Hose must on no account be rolled up and put away while still wet after use or practice.

52. Instructions regarding fire piquets, etc., should be posted up in each orderly-room, guard-room, and fire-engine house or shelter.

53. In addition to those forming part of the equipment of fire-engine houses, fire engines, hose reels, and wall boxes, three keys, each of which fits every hydrant and stop-cock on the water mains, are provided for each barrack, and will be distributed as follows: One each in charge of the officer i/c barracks and the S.A.E.C. and one in the regimental guard-room. Notice-boards should be put up in all barracks and guard-rooms showing where those keys and the key of the engine house will always be found.

54. The C.O. shall frame local orders defining the duties and distribution of the troops in the event of fire breaking out either within the barracks or in their neighbourhood. The troops should be practised by day and night in turning out and concentrating upon any given spot with the fire engines and apparatus. In wooden hut encampments the fire-screens and fire appliances will be distributed at convenient and accessible spots.

55. When hand-pumps are specially authorized they will be kept in a prominent position inside the building with a group of three to five fire-buckets filled with water. A small notice-board painted bright red and lettered in white should be fixed at this point, indicating it as a fixed station for these appliances.

56. An officer or soldier, as well as any other person in the employ of the Defence Department, will be liable to make good damage done to Government property by fire the result of his own neglect, but in view of the large sum to which liability may extend in such cases the amount to be recovered will usually be limited to the equivalent of a week's pay of the individual who is held responsible.

57. Whenever a fire, explosion, or similar occurrence involving the destruction of public property takes place in any barrack building, a court of inquiry (to include the officer i/c barracks, if available at the station) will be immediately assembled to investigate the cause of it.

58. In the case of fire the main points to be investigated are:—

(i) The cause and origin of the fire.

(ii) By whom it was discovered.

(iii) The action taken by the person or persons making the discovery.

(iv) To whom the fire was first reported by the person making the discovery.

die S.A.Sj.D. beslis oor die hoeveelheid wat met veiligheid in voorraad gehou kan word, die plek waar dit gehou moet word en die reëls vir die uitreiking daarvan en moet hierdie beslissing meedeel aan die offisier i/b. van die kaserne.

46. By die optrekking van die bedoelde reëls sal dit nodig wees om te waak teen die wegpak van olie en spieritus in plekke waartoe mense na donker toegang kan kry, en om te gelas dat ligte nooit in die pakhuis gebring mag word nie. Die pakhuis moet nooit in die nabyheid van goederemagasyne en kruithuise wees nie en die tyd van uitreiking moet sodanig wees dat die allerbeste voorsorgmaatreëls geneem kan word teen die gevaar van brand. In elke plek waar olie of spieritus gebêre is, moet 'n kis met sand of droë grond wees wat dadelik op die vuur gegooi moet word as daar brand ontstaan; water moet nie gebruik word nie.

47. Geskikte loodse waarin motorvoertuie wat die private eiendom van lede is in kasernes kan staan, kan, met goedkeuring van die O. in B. van die troepe en die S.A.Sj.D. as inbreuk opgerig word op onkoste van die betrokke lede. Die volgende reëls moet nagekom word deur die eienare van alle private motorvoertuie wat by Verdedigingsgeboue in loodse staan. Hierdie reëls moet aan die mure van die loodse geplak word:—

(i) Die bensientenks van motorkarre en motorrywiele mag net buitenshuis gevul word en dan op 'n afstand van ten minste 10 jaarts van 'n loods of ander gebou af.

(ii) By motorvoertuie wat van lampe voorsien is, mag geen lamp binne 10 jaarts van 'n loods, gebou of stapel ontvlambare materiale opgesteek word of brand nie.

(iii) Niemand mag in die loodse rook nie.

48. Ligte of pasopgemaakte vure mag in kasernekamers of geboue waar troepe in is—behalwe hospitale, latrienes, waghuise, galerye, of stalle—nie later as 'n kwartier na die laaste taptoe toegelaat word nie; 'n offisier moet dan die kaserne besoek om te sien dat hierdie order gehoorsaam is. Ligte word in sersantsklubs toegelaat tot die uur vasgestel deur die O. in B. van die troepe of garnisoen. In geboue of tente waarin los strooi is mag soldate nie rook nie.

49. In die kaserne van 'n berede eenheid, moet die offisier van diens, voor "verdaag" geblaas word, kyk dat al die stalemmers vol water en op die toeganklikste plek gelaat is; in sy rapport moet aantekening gemaak word van die feit dat hy hierdie taak uitgevoer het. Die persoon wat verantwoordelik is vir die toemaak van kamers of geboue waarin vure of ligte oordag gebruik word maar wat in die nag onbewoon is, moet voor hy die plek die aand verlaat self seker maak dat daar niks is wat brand sou kan veroorsaak nie. In klubs, soldatewinkels, ens., moet alle kamers waarin vuur of ligte in die dag gebruik is, uitgevee word voor hulle die aand toegemaak word. Vuur moet nie op die haardsteen uitgekrap word nie. As dit tyd word om, wat bewoonde geboue behalwe hospitale en waghuise betref, die sienjaal te blaas vir "ligte uit" of, wat betref geboue wat snags onbewoon is, toe te maak, moet gesorg word dat alle vure so veel as moontlik uitbrand.

50. Onmiddellik na troepe intrek neem in 'n kaserne, moet die B.O. 'n onderoffisier en 'n afdeling manskappe aanwys as brandpiket; dit moet by voorkeur manne wees wat vroeër al iets met masienerie te doen gehad het om makliker die hantering van die toestelle en ook die tegniese terme in verband daarmee te kan leer.

51. Die B.O. moet kyk dat die brandspuite skoon gehou en die brandspuitslang behoorlik gesmeer word, en moet elke brandspuit en brandkraan maandeliks laat toets. Die hele brandspuitslang moet aan die brandspuit of brandkraan gesit en getoets en die brandkraankaste ondersoek en skoongemaak word. Die brandspuitslang mag volstrek nie opgerol en gebêre word solank as dit na gebruik nog nat is nie.

52. Instruksies in verband met brandpikette, ens., moet in elke kantoor, wagkamer en brandspuithuis of beskutting opgeplak word.

53. Buiten die sleutels wat deel uitmaak van die uitrusting van brandspuithuise, brandspuite, spuitslangrolle en muurkissies, word vir elke kaserne drie sleutels verskaf, elkeen waarvan pas op elke brandkraan en afsluitkraan aan die hoofpyp. Hierdie sleutels word gehou soos volg:—een deur die offisier in bevel van die kaserne, een deur die S.A.Sj.D. en een in die resjimentswagkamer. Kennisgewingborde moet in alle kasernes en wagkamers opgehang word en daarop moet aangetoon word waar hierdie sleutels en die sleutel van die brandspuithuis altyd te kry sal wees.

54. Plaaslike orders met opgawe van die pligte en verdeling van troepe ingeval daar brand ontstaan in of in die omtrek van die kaserne moet deur die B.O opgetrek word. Die troepe moet oordag en in die nag geoefen word om uit te kom en met die brandspuite en toestelle op 'n gegewe punt te konsentreer. In kampe met houthutte moet die vuurskerms en toestelle ooral op gerieflike en toeganklike plekke gesit word.

55. As handpompe spesiaal geoorloof is, moet hulle op 'n goed sigbare plek in die gebou gehou word met 'n groep van 3 tot 5 brandemmers vol water. Op hierdie plek moet 'n klein kennisgewingbord wees, waarop met wit letters op 'n helder rooi grond aangeduie is dat dit die vaste plek is vir hierdie toestelle.

56. 'n Offisier of soldaat, en ook enige ander persoon in die diens van die Departement van Verdediging is aanspreeklik vir vergoeding van skade aan goewermentseiendom deur brand wat die gevolg van sy eie nalatigheid is, maar aangesien die aanspreeklikheid in sulke gevalle tot 'n groot som kan uitstrek, sal die bedrag wat ingevorder moet word gewoonlik beperk wees tot 'n bedrag wat gelykstaan aan 'n week se soldy van die man wat verantwoordelik gehou word.

57. As 'n brand, ontploffing of iets dergeliks wat vernieling van Staatseiendom meebring in 'n kasernegebou plaas vind. moet 'n hof van ondersoek (wat die offisier in bevel van die kaserne moet insluit as hy op die standplaas beskikbaar is) onmiddellik byeen geroep word om ondersoek in te stel na die oorsaak daarvan.

58. By brand is die vernaamste punte wat ondersoek moet word:—

(i) Die oorsaak en oorsprong van die brand.

(ii) Deur wie dit ontdek is.

(iii) Die stappe geneem deur die persoon of persone wat dit ontdek het.

(iv) Aan wie die brand die eerste gerapporteer is deur die persoon wat dit ontdek het.

(v) The length of time between the discovery of the fire and the sounding of alarm.
(vi) What officer was in command of the fire arrangements.
(vii) The length of time after the alarm before the appliances were at work and a jet or jets playing on the fire.
(viii) Whether the fire piquet turned out in sufficient numbers and with promptitude.
(ix) Whether there was any failure as regards water supply, hydrants, or the working of the fire appliances generally.
(x) The action taken to warn the corporation or other local fire brigade of the outbreaks.
(xi) The length of time between the warning of corporation or other local fire brigade and the arrival of assistance.
(xii) The extent of the assistance given by corporation or other local brigade.
(xiii) The period from the alarm until the outbreak was extinguished.
(xiv) The extent of the damage done to (*a*) persons, (*b*) buildings, (*c*) contents of buildings.
(xv) Responsibility for the outbreak of fire.

In the case of an explosion or similar occurrence, the above procedure will be followed as far as applicable.

59. An estimate from the S.A.E.C. of the cost of structural repairs will be attached to the proceedings of the court. The proceedings will be sent to the Q.M.G.

60. When a fire of an extensive nature occurs, causing loss of accommodation in a barrack, an immediate report will be made to the Q.M.G., stating the number of troops or animals displaced and how they will be temporarily accommodated.

Miscellaneous Barrack Duties.

61. A C.O. will exercise a careful supervision over the consumption of electric current and water. When there has been an excessive consumption of electric current or water, the Q.M.G. will direct the officer i/c barracks to report whether the excess can be traced.

62. A C.O. will resist the admission of strangers into barracks, and will exclude all persons not of respectable character.

Movement of Troops.

63. All movements of troops are ordered by the General Staff, and arrangements for their movement, embarkation, and disembarkation are made by the Q.M.G.

64. Movements of individual soldiers or troops are executed under the authority of routes issued by the competent military authority, and, as a rule, no soldier is to be moved before the requisite route has been obtained.

65. An armed party consisting of twenty men or more is not to proceed on any duty unaccompanied by an officer. An unarmed party of twenty men or more, moving by rail, will also be accompanied by an officer.

66. Whenever practicable to do so, a general medical inspection will be made of troops ordered to move in order that members obviously unfit may be detained. A unit or detachment consisting of 200 or upwards proceeding by route march will, as a rule, be accompanied by a medical officer.

Routes or Move Orders.

67. A route is the authority for—
(i) The movement itself.
(ii) The recovery of miscellaneous charges, including travelling allowances.

68. Every route should detail how the movement is to be effected, and, where railway or steamship conveyance is involved, the stages of the journey to be taken should be clearly indicated.

69. When rail warrants are issued on the authority of routes, the officer under whose authority the route is issued is responsible as to the route taken.

Railways: General Instructions.

70. Officers in command of troops moving by railway are responsible that the regulations of the Railway Administration are complied with by the troops. They are not to interfere with the prescribed running of the trains or the general working of the railway service.

71. When the number of troops to proceed is considerable, an advance party may be sent to the railway station on the day of entrainment to allot the carriages and trucks and make detailed arrangements.

72. The approach of troops to the station should be reported to the superintending staff officer, or, in his absence, to the railway authorities, in order that the route to be used within the station, and the halting place previous to entrainment, may be pointed out. The officer in command will, on arrival at the station, arrange the troops for entrainment, and tell off parties for entraining animals, guns, etc.

73. Officers in command of troops will inspect the accommodation before any entrainment takes place. They will note carefully the condition of all vehicles and report any damages or deficiencies to the station master. Any damages caused by troops during a journey will be carefully noted.

Admission to Defence Works.

74. The following rules are to be observed in granting permission to visit Defence Department works:—
(i) Every practicable facility is to be afforded to officers and others who require to visit works in the performance of their duties.
(ii) All who have business in works are to be required to treat the information they obtain there as confidential.
(iii) Persons having no business in works are to be denied access to them.

(v) Die tyd wat verloop het tussen die ontdekking van die brand en die alarm.
(vi) Watter offisier in bevel van die brandblussing was.
(vii) Hoelang dit na die alarm geduur het voor die toestelle aan 't werk en 'n stroom of strome op die vuur gerig was.
(viii) Of die brandpiket met voldoende sterkte en met spoed opgekom het.
(ix) Of daar iets makeer het aan die wateraanvoer, die brandkrane, of die werking van die brandblussingstoestelle in die algemeen.
(x) Die stappe wat geneem is om die brandweer van die stadsraad of ander plaaslike brandweer te waarsku van die brand.
(xi) Die tyd wat verloop het tussen die waarskuwing aan die brandweer van die stadsraad of ander plaaslike brandweer en die aankoms van hulp.
(xii) Watter hulp die stadsraad se brandweer of ander plaaslike brandweer gegee het.
(xiii) Hoe lang dit geduur het van die alarm tot die brand geblus was.
(xiv) Die mate van beskadiging van (*a*) persone, (*b*) geboue, (*c*) inhoud van geboue.
(xv) Verantwoordelikheid vir die ontstaan van die brand.

In geval van 'n ontploffing of iets dergeliks word dieselfde handelwys gevolg vir so ver as dit toepaslik is.

59. 'n Skatting deur die S.A.Sj.D. van die koste van reparasies aan die geboue moet aan die notule van die hof geheg en die notule aan die K.M.G. gestuur word.

60. By 'n groot brand wat verlies van huisvesting in 'n kaserne tot gevolg het, moet dadelik aan die K.M.G. rapport gemaak word met opgawe van die getal troepe en diere wat sonder dak is, en die planne vir hul tydelike beskutting.

Diverse Pligte in die Kaserne.

61. 'n B.O. moet stip toesig hou op die verbruik van water en elektriese stroom. As daar 'n oormatige verbruik van water of elektriese stroom gewees het, moet die K.M.G. die offisier in bevel van die kazerne gelas om te rapporteer of uitgevind kan word wie daaraan skuld het.

62. Die B.O. moet die toegang van vreemdelinge tot die kaserne teenstaan en moet toegang verbied aan alle persone wat nie van fatsoenlike karakter is nie.

Bewegings van Troepe.

63. Alle bewegings van troepe geskied op orders van die Generale Staf en alle reëlinge vir hulle verplasing, inskeping en ontskeping word deur die K.M.G. gemaak.

64. Bewegings van enkele soldate of van troepe word uitgevoer kragtens verplasingsorders wat deur die bevoegde militêre outoriteit uitgevaardig word. In die reël moet geen soldaat verplaas word voor die nodige verplasingsorder verkry is nie.

65. 'n Gewapende afdeling van 20 man of meer moet nie sonder 'n offisier op enige diens vertrek nie. Ook by 'n ongewapende afdeling van 20 man of meer wat per spoor reis moet 'n offisier wees.

66. 'n Algemene geneeskundige inspeksie moet, as dit doenlik is, gehou word van troepe wat gelas is om te vertrek, sodat lede wat blykbaar ongeskik is agtergehou kan word. 'n Eenheid of afdeling van 200 man of meer wat by verplasing op mars moet gaan, moet in die reël vergesel wees van 'n offisier-geneeskundige.

Verplasingsorders.

67. 'n Verplasingsorder is die magtiging vir—
(i) die verplasing self;
(ii) die terugvordering van diverse uitgawes, met inbegrip van reistoelaes.

68. Elke verplasingsorder moet in besonderhede aantoon hoe die verplasing moet uitgevoer word en as daar spoorweg- of stoomskipvervoer aan verbind is, moet die verskillende trekke van die reis duidelik aangetoon word.

69. As spoorordes onder magtiging van verplasingsorders uitgereik word, is die offisier op wie se gesag die verplasingsorder uitgevaardig is daarvoor verantwoordelik dat met die regte spoorweglyn gereis word.

Spoorweë: Algemene Instruksies.

70. Offisiere in bevel van troepe wat per spoor verplaas word is verplig om te sorg dat die troepe die regulasies van die spoorwegbestuur nakom. Hulle mag hulle nie met die voorgeskrywe loop van die treine of met die algemene werk van die spoorwegdiens bemoei nie.

71. As die getal troepe wat moet vertrek groot is, kan op die dag van vertrek 'n afdeling vooruit na die spoorwegstasie gestuur word om spoorwaens en trokse toe te wys en ander reëlinge te maak.

72. Die nadering van die troepe tot die stasie moet aan die stafoffisier wat toesig hou of in sy afwesigheid aan die spoorwegowerheid gerapporteer word, sodat die weg wat in die stasie gevolg en die plekke waar gehalt moet word om op die trein te gaan aangewys kan word. Die offisier in bevel moet by aankoms op die stasie die troepe rangskik om op te stap en afdelings aansê om diere, kanonne, ens., in te laai.

73. Offisiere in bevel van troepe moet voor 'n begin gemaak word met die inlaai die spoorwaens, ens., noukeurig inspekteer. Hulle moet sorgvuldig let op die toestand van alle voertuie en enige beskadiging of ontbreking aan die stasiemeester rapporteer. Skade gedurende 'n reis deur troepe aangerig moet noukeurig opgeteken word.

Toegang tot Verdedigingswerke.

74. Die volgende reëls moet gevolg word in verband met die verlening van verlof om werke van die Verdedigingsdepartement te besoek:—
(i) Alle moontlike geleentheid moet gegee word aan offisiere en ander persone wat werke moet besoek in die uitvoering van hul diensplig te.
(ii) Van almal wat iets te doen het in werke moet geëis word dat hulle die informasie wat hulle daar verkry as vertroulik sal beskou.
(iii) Aan persone wat niks in werke te doen het nie moet toegang verbied word.

75. Officers commanding are responsible that no unauthorized person gains admission to any works in their commands.

76. The following may be admitted without passes to works (except to position-finding cells, torpedo buildings, magazines, storehouses, and similar works):—

(i) Officers and warrant officers when in uniform.
(ii) Non-commissioned officers and men when on duty.

77. The following may be admitted without passes to the residential portions only of occupied works:—

(i) Officers, warrant officers, N.C.O.'s, and men.
(ii) Caretakers.
(iii) Wives, families, friends, and servants of the residents.

78. The admission of persons to either defensive or residential portions of completed works otherwise than as specified in paragraphs 76 and 77 will be by pass.

79. Passes for admission are issued as follows:—

(i) Special pass issued only by the C.G.S. It admits to all works, including position-finding cells, torpedo buildings, magazines, storehouses, etc.
(ii) District pass.
(iii) Visitor's pass.
(iv) Works pass.

Passes (ii), (iii), and (iv) are issued at the discretion of C.O.'s under the conditions herein after specified. The number of passes issued is to be kept as low as possible. If a pass has been lost or cancelled, instructions should immediately be sent to the works concerned to prevent the pass being improperly used.

80. A district pass will be issued to such officers and soldiers as the O.C. may authorize, and will be applicable when admission is not covered by the rules in paragraphs 76, 77, and 83.

81. A visitor's pass will not be issued to any person who is not a British subject, unless the sanction of the Minister has been obtained, and any foreign subject authorized to receive a pass will only be allowed to use it when accompanied by an officer. This pass will in no case admit the holder to position-finding cells, torpedo buildings, magazines, storehouses, etc.

82. A works pass will be issued to authorized workmen only.

83. No person is to be allowed to enter position-finding cells, torpedo buildings, magazines, storehouses, etc., unless he is provided with a special pass or a district pass. Such passes, whether held by officers or others, are only available for admission to the places named thereon. Where officers or soldiers in uniform are ordered to perform military duty in any position-finding cell, torpedo building, magazine, storehouse, etc., passes may be dispensed with at the discretion of the O.C.

84. Orders are to be issued directing sentries in the first place to refer the holders of all passes to the N.C.O.'s of the guard, who will carefully examine passes and retain all visitors' passes. Sentries will be ordered not to permit the holders of special, district, or visitors' passes to have access to any of the defences, or the holders of district or works passes to have access to any of the buildings mentioned in paragraph 83 until they have received the orders of the N.C.O. of the guard.

85. Information is not to be given regarding the construction of works or machinery in connection with them, except to officers in uniform, to holders of district and works passes when necessary for the performance of their duty, and to holders of special passes.

86. Except when necessary in the performance of duty, holders of passes of any kind are not to be permitted to make any written note, drawing, photograph, or measurement of any work, whether completely constructed or not, nor of any gun, machinery, or apparatus.

87. In each work or establishment which, in the opinion of the O.C., is of sufficient importance to require special safeguarding from observation, a register will be kept in which visitors holding special, district, or visitors' passes will be required to sign their names on entering. The custodian of the register is to note in it against the signature of the person admitted the following particulars:—

(i) Date of the visit.
(ii) Description of pass and date for which it is available.
(iii) Name of the officer issuing the pass and date of issue.

As soon as these particulars have been recorded in the case of a visitor's pass, the pass is to be destroyed by the custodian who will tear it into small pieces and note the fact in the register that he has done so.

88. The register referred to in paragraph 87 will be inspected by the O.C. periodically.

89. The Minister may, by order, in terms of section *ten* (1) of Act No. 22 of 1922, prohibit or restrict the access of all persons to any military camp, barracks, or other premises used for military purposes, or to any naval dockyard, barracks, or other premises used for naval purposes.

CHAPTER X.—DRESS AND CEREMONIAL.

Dress, Clothing, and Equipment.

General Instructions.

1. A soldier will not leave his quarters unless properly dressed, and he will not smoke in the streets when on duty.

2. It is the duty of all officers, warrant officers, and N.C.O.'s to report irregularities of dress or misdemeanours of soldiers on pass or furlough to the men's C.O.'s, whether the men belong to their own unit or corps or not.

3. The orders of dress are to be observed and read in connection with the dress, clothing, and equipment instructions.

4. (*a*) When on recorded leave all ranks are permitted to wear plain clothes.

(*b*) Officers when attending office, and when not on any other duty, are permitted to wear plain clothes after 1 p.m. daily.

75. Offisiere in bevel is daarvoor verantwoordelik dat geen ongemagtigde persoon toegang tot die werke in hul gebied kry nie.

76. Die volgende persone kan sonder passe toegelaat word tot werke (behalwe tot posiesieaanwyser-selle, torpedo-geboue, magasyne, pakhuise en dergelike werke):—

(i) Offisiere en adjudant-onderoffisiere in uniform.
(ii) Onderoffisiere en manskappe as hulle op diens is.

77. Die volgende persone kan sonder passe toegelaat word net tot die woning-gedeelte van besette werke:—

(i) Offisiere, adjudant-onderoffisiere, onderoffisiere en manskappe.
(ii) Oppassers.
(iii) Die vrouens, gesinne, vriende en bediendes van die bewoners.

78. Toegang van persone tot die verdedigings- en woning-gedeelte van voltooide werke geskied, behalwe soos gespesifiseer in para. 76 en 77 hoerbo, op 'n pas.

79. Passe vir toegang word uitgereik soos volg:—

(i) Spesiale pas, wat net deur die H.G.S. uitgereik word. Dit gee toegang tot alle werke, met inbegrip van posiesieaanwyser-selle, torpedo-geboue, magasyne, pakhuise, ens.
(ii) Distrikpas.
(iii) Besoekerspas.
(iv) Werkerspas.

Passe (ii), (iii) en (iv) word uitgereik na goeddunke van bevelvoerende offisiere onder voorwaardes hierin later uiteengesit. Die getal van die uitgereikte passe moet so klein as moontlik wees. As 'n pas verloor of gekanseleer is, moet instruksies dadelik na die betrokke werke gestuur word om te voorkom dat misbruik van die pas gemaak word.

80. 'n Distrikspas word uitgereik aan die offisiere en minderes wat die B.O. mag outoriseer en sal van toepassing wees as toegang nie order die reëls in para. 76, 77 en 83 verkry word nie.

81. 'n Besoekerspas mag aan niemand uitgereik word wat nie 'n Britse onderdaan is nie, tensy die toestemming van die Minister verkry is en enige onderdaan van 'n vreemde moontheid wat gemagtig is 'n pas te kry word toegelaat om dit te gebruik net wanneer deur 'n offisier vergesel. Hierdie pas mag in geen geval die houer daarvan toegang verskaf tot posiesieaanwysers-selle, torpedogeboue, magasyne, pakhuise, ens.

82. 'n Werkerspas word net aan geoutoriseerde werksmanne uitgereik.

83. Niemand mag toegelaat word om in posiesieaanwysers-selle, torpedogeboue, magasyne, pakhuise, ens., te gaan nie, tensy hy voorsien is van 'n spesiale pas of 'n distrikspas. Hierdie passe is, of hulle gehou word deur offisiere of andere persone, net geldig vir toegang tot die plekke wat daarin genoem is. As offisiere of minderes in uniform gelas word om militêre diens te doen in 'n posiesieaanwyser-sel, torpedogebou, magasyn, pakhuis, ens., kan as die O. in B. dit goedvind afgesien word van die pas.

84. Orders moet uitgevaardig word waarin skildwagte gelas word om die houers van alle passe in die eerste plaas te verwys na die onderoffisier van die wag; laasgenoemde moet alle passe noukeurig inspekteer en alle besoekerspasse hou. Skildwagte moet gelas word om die houers van spesiale-, distriks- of besoekerspasse toegang tot elke verdedigingswerk en die houers van werkerspasse toegang tot elke in paragraaf 83 vermelde geboue te belet tot tyd en wyl hulle die orders van die onderoffisier van die wag ontvang.

85. Informasie aangaande die konstruksie van werke of masienerie in verband daarmee mag nie gegee word nie, behalwe aan offisiere in uniform, aan houers van distriks- en werkerspasse as dit nodig is vir die verrigting van hul diens, en aan houers van spesiale passe.

86. Behalwe waar dit nodig is vir die verrigting van diens, mag houers van passe nie toegelaat word om 'n aantekening, tekening, foto, of meting te maak van 'n werk hetsy die konstruksie voltooi is of nie, en ook nie van 'n kanon, masien of apparaat nie.

87. In elke werk of inrigting wat na die oordeel van die O. in B. belangrik genoeg is om spesiale beskerming teen waarneming te vereis, moet 'n register gehou word en alle besoekers wat spesiale-, distriks- of besoekerspasse hou, moet by ingang hul name in hierdie register teken. Die bewaarder van die register moet daarin die volgende aantekening doen teenoor die handtekening van die person wat toegang gekry het:—

(i) Datum van die besoek.
(ii) Soort van pas en die datum waarop dit geldig is.
(iii) Die naam van die offisier wat die pas uitgereik het en die datum van uitreiking.

Sodra as hierdie besonderhede opgeteken is in die geval van 'n besoekerspas, moet die bewaarder die pas vernietig; hy moet dit in klein stukkies skeur en moet die feit dat hy dit gedoen het in die register aanteken.

88. Die register in paragraaf 87 vermeld, moet periodiek deur die O. in B. geïnspekteer word.

89. Die Minister kan, by bevel, kragtens artiekel *tien* (i) van Wet No. 22 van 1922, 'n verbod of 'n beperking lê op die toegang van alle persone tot 'n militêre kamp, kaserne of ander terreine wat vir militêre doeleindes gebruik word of tot 'n mariene dokwerf, kaserne of ander terrein wat vir mariene doeleindes gebruik word.

HOOFSTUK X.—TENU EN SEREMONIEEL.

Tenu, Kleding en Uitrusting.

Algemene Instruksies.

1. 'n Soldaat moet nie sy kwartiere verlaat nie tensy hy behoorlik geklee is en moet nie op straat rook nie as hy op diens is.

2. Dit is die plig van alle offisiere, adjudant-onderoffisiere en onderoffisiere om enige onreëlmatighede in tenu of misdrywe van soldate wat op verlof is aan die manne se bevelvoerende offisiere te rapporteer, of die manne aan hul eie eenhede of korpse behoort of nie.

3. Die tenu-orders moet nagekom en gelees word in verband met die instruksies met betrekking tot tenu, kleding en uitrusting.

4. (*a*) Alle range wat op geoorloofde verlof is mag burgerklere dra.

(*b*) Offisiere mag, as hulle net op kantoordiens en nie op ander diens is nie, burgerklere dra na 1 uur n.m. daeliks.

(*c*) Warrant officers and non-commissioned officers not below the rank of sergeant are not permitted to wear plain clothes when attending office or on other duty.

(*d*) Officers commanding units may grant special plain clothes permits twice a week to other ranks below the rank of sergeant.

(*e*) Plain clothes may be worn by all other ranks for recreation purposes except when taking part in military mounted sports, or when taking part in organized sport, when the helmet or forage cap and jacket will be worn over the sports kit when proceeding to and returning from the recreation ground.

5. The hair of the head will be kept reasonably short. The face shall be clean shaven, but a moustache may be grown. In the case of members of the S.A.N.S. the face shall be clean shaven or both beard and moustache grown.

Arms and Accoutrements.

6. A soldier going on pass or leave will not take any arms or accoutrements.

7. Arms and accoutrements as may be ordered will be carried on parade in all orders of dress.

8. Water is not to be kept in the water-bottle when the bottle is not in use.

9. When soldiers are transferred from one squadron or company to another, in the same regiment or battalion, their arms and accoutrements are to be transferred with them.

Small-Arm Ammunition.

10. In time of peace, ball ammunition is never to be in possession of the men, unless the O.C. should consider it necessary to authorize an issue of service ball ammunition for a special purpose.

11. Guards and escorts (except escorts for soldiers in custody) and parties detached in aid of the civil power will have the requisite ammunition served out to them before going on duty. This supply is to be collected in the presence of an officer after the duty has been performed.

12. When ammunition is in possession of the men, it is to be inspected at the daily morning parade by an officer, and any loss or damage is to be reported.

13. Before men are dismissed from any parade for which ball ammunition has been issued, an officer will ascertain that none remains in their rifles, pouches, or bandoliers. The men will also be reminded on such occasions that they are not allowed to have any unauthorized ammunition in their possession.

14. After firing with ball ammunition the officer i/c firing squad will assure all unexpended rounds of ball ammunition have been collected or otherwise accounted for.

15. Dummy cartridges may be issued to the men for practice in rapid loading in their spare time. Company, etc., commanders will satisfy themselves by frequent inspections that the dummy cartridges are correctly accounted for.

16. A unit moving from one station to another will take with it only the quantity of ammunition required to provide a sufficient guard with 20 rounds per man, unless otherwise specially ordered by the C.O.S. Any additional ammunition on charge to the unit will be returned to ordnance store unless instruction to the contrary is given.

17. When ammunition is issued from store to, or returned to store by, troops at the issuing station, an officer of the unit will, if possible, be in attendance. If an officer be not available, a warrant or senior N.C.O. will be present.

18. The issue of ammunition from the regimental ammunition store is to be made by the quartermaster or other responsible officer, and he is not to entrust the key of the store to any one. The squadron, etc., commander will inspect all ammunition issued for the use of his squadron, etc., and will be personally responsible for the correctness of the description and quantity of ammunition drawn, and for the care and expenditure of such ammunition. He will also personally check any unexpended balance of ammunition when collected from the men, and will be responsible for its return to the store.

19. All ammunition on regimental charge is to be inspected at least once a month by the C.O., who will see that it is deposited in a place of safety.

20. As damage may be done to rifles by the use of unsuitable ammunition, the use of any ammunition, whether ball, blank, or dummy, except that provided by Government, is forbidden.

21. When ammunition is found to be defective, the date of manufacture marked on the box is to be noted. The rounds complained of, with their wrappers, charger cases, or cotton bandoliers, and further samples from the same box, and the arms with which failure occurred, will be examined locally as far as possible. Should this examination establish sufficient evidence that the ammunition is defective, a full report must be forwarded by the O.C. to the Q.M.G., and samples retained for further inspection if required.

Medals and Decorations.

22. Instructions concerning the wearing of medals, decorations, and miniature medals by officers are contained in the instructions for dress.

23. Medals and decorations will be worn by other ranks when in review order (in the order prescribed in the dress instructions). In other than review order ribbons only will be worn.

24. When the grant of a medal has been notified and medal rolls have been transmitted to the A.G., the C.G.S. may, pending the issue of the medal, authorize the wearing of the regulation ribbon by all ranks whose names are entered on the rolls, except in cases where the decoration has been forfeited. The ribbon will be issued free, but indents will not be made until it has been notified that the ribbon is ready for issue.

25. Medals left behind by a soldier who absents himself without leave, and is declared by a court of inquiry to be illegally absent, will be forwarded to the A.G. If the man does not rejoin within ten years, the medals will be disposed of as unclaimed.

(*c*) Adjudant-onderoffisiere en onderoffisiere, wat nie onder die rang van sersant is nie, mag nie burgerklere dra as hul op kantoor- of ander diens is nie.

(*d*) Offisiere in bevel van eenhede kan spesiale permitte vir die dra van burgerklere tweemaal 'n week toestaan aan minderes onder die rang van sersant.

(*e*) Vir die doel van ontspanning mag burgerklere deur alle minderes gedra word behalwe as daar deel geneem word aan militêre sports te perd of aan georganiseerde sport en dan moet die helm of pet en baadjie deur die deelnemer oor sy sportsklere gedra word as hy na die ontspanningsterrein toe gaan of daarvandaan kom.

5. Die hare van die hoof moet taamlik kort gehou word. Die gesig moet kaal geskeer wees maar 'n snor kan gedra word. In die geval van lede van die S.A.S.D. moet die gesig kaal geskeer wees of anders moet hulle 'n baard en 'n snor dra.

Wapens en Mondering.

6. 'n Soldaat wat op verlof gaan moet geen wapens of mondering met hom meeneem nie.

7. Wapens en mondering, soos gelas mag word, moet by elke tenu op parade gedra word.

8. Geen water moet in die waterfles gehou word as die fles nie gebruik word nie.

All officers junior to lieutenant and coxswains with no officer in boat	Commander.....	Lay on oars. Officer or coxswain salutes.	Let fly sheet. Officer or coxswain salutes	Ease engines. Officer or coxswain salutes	Crew to attention. Officer or coxswain salutes	Crew to attention. Officer and coxswain salute	Crew stand up by order. Officer or coxswain salutes.
All officers junior to lieutenant and coxswains with no officer in boat	Lieutenant			Officer or coxswain salutes in all cases.			
Coxswain with no officer in boat	All officers junior to lieutenant			Coxswain salutes in all cases.			

* Crew to attention means sitting square on thwart facing aft. The order "boat's crew" is to be used for this purpose.

† When crew stand up they are to face in the direction of the officers they are saluting.

93. (i) Die volgende reëls in verband met eerbewyse tussen offisiere van verskillende range in bote moet in ag geneem word:—

Rang van Offisier in Boot.	Rang van Offisier wat verbygegaan word.	'n Roeiboot.	'n Seilboot.	'n Stoomboot.	Ontmoeting by Landingplaas.		
					* Roeiboot met Een Roeier op 'n Bank.	* Roeiboot met Twee Roeiers op 'n Bank.	† Stoomboot.
Kaptein of Kommandeur	Vlagoffisier.....	Op roeirieme lê. Offisier salueer	Seil laat skiet. Offisier salueer	Langsaam stoom. Offisier salueer	Bemanning onder "aandag." Offisier salueer	Bemanning onder "aandag." Offisier en bootsman salueer	Bemanning staan op as hul die order kry. Offisier salueer.
Alle ander offisiere en bootsmanne met geen offisier in die boot nie	Vlagoffisier.....	Roeirieme oorend. Offisier of bootsman salueer	Seil laat skiet. Offisier of bootsman salueer	Stoom afsluit. Offisier of bootsman salueer	Bemanning onder "aandag." Offisier of bootsman salueer	Bemanning staan op as hul die order kry. Offisier en bootsman salueer	Bemanning staan op as hul die order kry. Offisier of bootsman salueeer.
Kommandeur.....	Kaptein			Offisier salueer in alle gevalle.			
Luitenants en alle junior offisiere en bootsmanne met geen offisier in die boot nie	Kaptein.....	Op roeirieme lê. Offisier of bootsman salueer. Roeirieme oorend as die wimpel gehys is	Seil laat skiet. Offisier of bootsman salueer	Langsaam stoom. Offisier of bootsman salueer. Stoom afsluit as die wimpel gehys is	Bemanning onder "aandag." Offisier of bootsman salueer	Bemanning onder "aandag." Offisier en bootsman salueer. Bemanning staan op as hul die order kry en die wimpel gehys is	Bemanning staan op as hul die order kry. Offisier of bootsman salueer.
Luitenant.....	Kommandeur			Offisier salueer	in alle gevalle.		
Alle offisiere minder as luitenant en bootsmanne met geen offisier in die boot nie	Kommandeur...	Op roeirieme lê. Offisier of bootsman salueer	Seil laat skiet. Offisier of bootsman salueer	Langsaam stoom. Offisier of bootsman salueer	Bemanning onder "aandag." Offisier of bootsman salueer	Bemanning onder "aandag." Offisier en bootsman salueer	Bemanning staan op as hul die order kry. Offisier of bootsman salueer.
Alle offisiere minder as luitenant en bootsmanne met geen offisier in die boot nie.	Luitenant			Offisier of bootsman salueer in alle gevalle.			
Bootsman met geen offisier in die boot nie	Alle offisiere minder as luitenant			Bootsman salueer	in alle gevalle.		

* Bemanning onder "aandag" beteken haaks op die roeibank sit met gesig na die agterstewe. Die kommando "bootsbemanning" moet vir hierdie doel gegee word.

† As die bemanning opstaan moet front gemaak word na die offisiere wat gesalueer word.

(ii) Laden boats, or those towing or in tow, are not included in above rules. The officer or coxswain will only salute.

(iii) Coxswains of boats, when an officer is in charge, do not salute except at landing-places, and then only when ordered to do so by the above rules.

(iv) Officers of branches other than the military branch are to receive the same salutes as officers of the military branch of corresponding rank, with the exception of tossing or laying on oars and letting fly sheet.

(v) In the case of boats conveying officers of branches other than the military branch passing, or being passed by, boats conveying officers of the military branch of the same relative rank, the officers in charge of the boats, or the coxswains, should there be no officers in charge, are to mutually salute.

(vi) Boat-keepers are to stand up and salute officers who pass their boats, unless the boat's awning is spread, when they will sit up smartly and salute.

(vii) When passing a funeral party afloat with the body, oars will be tossed by double-banked boats or corresponding marks of respect paid by either pulling or steam boats.

Note.—In boats fitted with crutches, oars are never to be tossed, but the salute given by laying on oars.

94. N.C.O.'s and men will address warrant officers, Classes I and II, in the same manner as they do officers, but will not salute them.

95. In a civil court an officer or soldier will remove his headdress while the judge or magistrate is present, except when the officer or soldier is on duty under arms with a party or escort inside the court.

Guards of Honour.

96. A guard of honour, as a general rule, of 100 rank and file with a captain in command, two subaltern officers (one carrying the King's colour), a proportion of sergeants, and the command or district band, will attend—

(i) upon the King and other Royal personages, and upon Presidents of Republican States;

(ii) at State ceremonials.

97. Similar guards of honour, but with the regimental colour, will attend upon the Governor-General on such occasions as are customary.

98. A guard of honour of 50 rank and file, with two officers, one carrying the regimental colour, and a band, will attend—

(i) when a foreign general or flag officer lands at a military station to visit the civil governor or officer in command;

(ii) when a naval officer of flag rank commanding-in-chief lands for the first time at a port within his command;

(iii) if deemed expedient, to receive distinguished personages other than those mentioned in the preceding paragraphs.

Guards and Sentries.

99. Guards, including guards of honour, mounted over the person of the King and members of the Royal Family, will pay no compliments except to the King and members of the Royal Family; and guards, including guards of honour, mounted over viceroys and governors within their respective governments, will pay no compliments to officers or persons of lesser degree. When any such guards are visited by officers on duty, they will turn out to them with sloped arms.

100. Guards are at all times between reveille and retreat to turn out and pay the compliments specified in paragraph 62 to general officers in uniform and to civil governors within the limits of their jurisdiction. Guards and parties on the march will also pay the prescribed compliments to general officers in uniform.

101. An officer under the rank of a general officer is not entitled to the compliment of the bugle sounding the salute or the drum beating a ruffle when guards "present arms" to him. An officer who is not in uniform is not entitled to the compliment of a guard turning out, except members of the Royal Family and governors or lieutenant-governors within the precincts of their governments.

102. To regimental C.O.'s—irrespective of their army rank—their regimental guards are to turn out, and present arms, once a day.

103. When a general officer in uniform, or a person entitled to a salute, passes in rear of a guard, the commander is to cause his guard to fall in and stand with sloped arms facing the front, but no drum is to beat or bugle to sound. When such officers pass guards while in the act of relieving, both guards are to salute as they stand, receiving the word of command from their senior commander.

104. Guards are to turn out at all times when armed parties of any branch of the service approach their posts; to armed corps they will present arms, and before other armed parties they will stand with sloped arms. They will not pay compliments between the sounding of "Retreat" and "Reveille," except to Grand Rounds. They will not turn out to unarmed parties. A mounted party, armed, will draw and carry arms to all guards turning out to it.

Note.—By the expression "armed party" is meant a party consisting of at least twenty rank and file under an officer armed with swords, guns, or rifles, and mounted in the case of mounted units.

By the expression "armed corps" is meant an armed party of a certain strength, namely, a regiment of cavalry, a battery of horse, field, heavy, or mountain artillery with its guns, garrison artillery of not less than two companies, engineers of not less than four companies, a battalion of infantry with or without colours, A.S.C., or A.O.C. of not less than four companies.

(ii) Gelaaide bote, sleepbote of bote wat gesleep word val nie onder bostaande reëls nie. Net die offisier of bootsman salueer.

(iii) Bootsmanne van bote met 'n offisier aan die hoof salueer nie behalwe by landingsplekke en dan net as hul, ooreenkomstig bostaande reëls, orders kry om dit te doen.

(iv) Offisiere van takke, met uitsondering van die militêre tak, moet op dieselfde manier as offisiere van die militêre tak van oorstemmende rang gesalueer word, behalwe dat die salute "Roeirieme oorend," "Op roeirieme lê" en "Seil laat skiet" nie gegee word nie.

(v) As bote wat offisiere van ander takke as die militêre tak vervoer en bote wat offisiere van die militêre tak van ooreenstemmende rang vervoer, mekaar verbygaan, moet die offisiere in bevel van die bote, of die bootsmanne as die bote nie onder bevel van offisiere is nie, mekaar salueer.

(vi) Bootopsigters moet offisiere wat hul bote verbygaan salueer in 'n staande houding, behalwe as die sonskerm gespan is, en dan moet hulle regop sit en salueer.

(vii) As 'n begrafnisafdeling te water met die lyk verbygegaan word moet die roeirieme oorend gehou word op bote met twee roeiers op een bank, of ooreenstemmende eerbewyse betoon word, sowel deur roei- as stoombote.

Noot.—As bote van roeimikke voorsien is, moet die roeirieme nooit oorend gehou word nie, maar moet die saluut geskied deur op die roeirieme te lê.

94. Onderoffisiere en manskappe moet adjudant-onderoffisiere, Klas I en II, op dieselfde manier aanspreek as wat offisiere aangespreek word, maar moet hulle nie salueer nie.

95. In 'n burgerlike hof moet 'n offisier of soldaat sy hoofdeksel afhaal solank as die regter of magistraat aanwesig is, behalwe wanneer die offisier of soldaat op diens is onder wapens met 'n afdeling of eskorte binne die hof.

Erewagte.

96. 'n Erewag, wat gewoonlik bestaan uit 100 man van die geledere met 'n kaptein in bevel, twee luitenants (een waarvan die Koningsvaandel dra), 'n eweredige aantal sersants en die leërplaas- of distriks-musiekkorps, word opgestel—

(i) vir die Koning en ander koninklike persone; en vir presidente van republikeinse state;

(ii) by staatsplegtighede.

97. Dergelike erewagte, maar met die resjimentsvaandel, word by gebruiklike geleenthede opgestel vir die Goewerneurgeneraal.

98. 'n Erewag, wat bestaan uit 50 man van die geledere, met twee offisiere (een waarvan die resjimentsvaandel dra) en 'n musiekkorps, word opgestel—

(i) as 'n vreemde generaal of vlagoffisier by 'n militêre standplaas land om die burgerlike goewerneur of offisier in bevel te besoek;

(ii) as 'n seeoffisier van die rang van vlagoffisier in opperbevel, vir die eerste maal land by 'n hawe wat binne sy gebied geleë is;

(iii) as dit nodig geag word, om persone van onderskeiding, behalwe die wat in dit voorgaande paragrawe vermeld is, te ontvang.

Wagte en Skildwagte.

99. Wagte, met inbegrip van erewagte, opgestel vir die persoon van die Koning en lede van die Koninklike Famielie, betoon geen eerbewyse behalwe aan die Koning en lede van die Koninklike Familie; en wagte, met inbegrip van erewagte, opgestel vir onderkonings en goewerneurs binne hul respektiewe regerings, betoon geen eerbewyse aan offisiere of persone van 'n minder graad. As hierdie wagte deur offisiere op diens besoek word, moet hulle met die geweer "oor" vir sulke offisiere aantree.

100. Wagte moet altyd tussen die môre- en aandsienjale aantree en die eerbewyse, soos in paragraaf 62 voorgeskryf, betoon aan opperoffisiere in uniform en aan burgerlike goewerneurs binne die perke van hul gebied. Wagte en afdelings op mars moet ook die voorgeskrywe eerbewyse aan opperoffisiere in uniform betoon.

101. 'n Offisier benede die rang van opperoffisier is nie op begroeting van 'n beuelsienjaal of 'n roffelslag geregtig nie as wagte hom die geweer presenteer. 'n Offisier wat nie in uniform is nie, is nie geregtig om deur aantree van die wag begroet te word nie. Dit geld egter nie vir lede van die Koninklike Famielie en ook nie vir goewerneurs of luitenant-goewerneurs binne die perke van hul regerings.

102. Vir resjimentsbevelvoerders (wat hul rang in die leër ook al is) moet die resjimentswag eenmaal elke dag aantree en die geweer presenteer.

103. As 'n opperoffisier in uniform, of 'n persoon wat op 'n saluut geregtig is, agter 'n wag verbygaan, moet die bevelvoerder sy wag laat aantree en in die houding van "oor-geweer" laat staan, met die gesig na die front, maar geen tamboer moet geslaan en geen beuel geblaas word nie. As sulke offisiere wagte verbygaan op die oomblik van aflossing, moet albei wagte salueer soos hulle staan, waarby hulle die kommando van die senior bevelvoerder ontvang.

104. Wagte moet altyd aantree as gewapende afdelings van enige tak van die diens hul poste nader. Vir gewapende korpse moet hulle die geweer presenteer en vir ander gewapende afdelings moet hulle in die houding "oor-geweer" staan. Tussen die môre- en aandsienjaal moet hul geen eerbewyse betoon nie behalwe aan groot rondes. Vir ongewapende afdelings tree hul nie aan nie. 'n Berede afdeling met wapens, kom in die houding van "geweer-op" vir alle wagte wat vir hulle aantree.

Noot.—Die uitdrukking "gewapende afdeling" beteken 'n afdeling wat bestaan uit nie minder nie as 20 manskappe, onder 'n offisier, gewapen met sabels, kanonne of gewere, en te perd in die geval van berede eenhede.

Die uitdrukking "gewapende korps" beteken 'n gewapende afdeling van 'n seker sterkte, t.w., 'n resjiment kawallerie, 'n battery rydende-, veld-, sware of bergartillerie, met kanonne, vestingsartillerie van nie minder nie as 2 kompanjies, sjenietroepe van nie minder nie as 4 kompanjies, 'n infanteriebataljon, met of sonder vaandels, intendans of leër-krygsbehoeftediens van nie minder as 4 kompanjies.

105. Honours will be paid by sentries as follows.

Post of Sentry.	Present Arms.	Salute.
Royal palace or furnished from a Royal guard.	Members of the Royal family.	Officers of all ranks (in uniform).
	Armed corps.	Unarmed parties.
Residences of viceroys and governors.	Viceroys and governors.	Officers of all ranks (in uniform).
	Armed corps.	Unarmed parties.
Residences of generals.	Generals.	Officers below the rank of general.
	Armed parties.	Unarmed parties.
Other posts.	General and field officers.	Officers below field rank.
	Armed parties.	Unarmed parties.

106. All guards and sentries are to pay the same compliments to commissioned officers of other Forces—when in uniform—as are directed to be paid to officers of the Force.

Flags to be Flown.

107. The Royal Standard, being the personal flag of the Sovereign, is to be hoisted on ships, official buildings, forts, or enclosures, only when His Majesty the King is personally present in the ship, building, fort, or enclosure. The presence of a member of the Royal Family will be signiled under similar circumstances by the hoisting of such member's personal standard.

List of Flag Stations and Flags to be Flown.

108.

Stations.	Union Jack.	
	12 ft. × 6 ft.	6 ft. × 3 ft.
	(*a*)	(*b*)
Pretoria.		
Defence Headquarters	1	1
Headquarters, Roberts Heights	—	1
Air Force Headquarters, Roberts Heights	—	1
The Military School, Roberts Heights	—	1
District Headquarters (see Military Districts)	—	—
Cape Peninsula.		
Command Headquarters	1	1
Main Barracks, Simonstown	—	1
District Headquarters (see Military Districts)	—	—
Headquarters, Military Districts.		
No. 1, Capetown	—	1
No. 2, Port Elizabeth	—	1
No. 3, East London	—	1
No. 4, Pietermaritzburg	—	1
No. 5, Durban	—	1
No. 6, Standerton	—	1
No. 7, Potchefstroom	—	1
No. 8, Johannesburg	—	1
No. 9, Pretoria	—	1
No. 10, Kroonstad	—	1
No. 11, Bloemfontein	—	1
No. 12, Calvinia	—	1
No. 13, Kimberley	—	1
No. 14, Worcester	—	1
No. 15, Graaff-Reinet	—	1

(*a*) On anniversaries only, or when required for special occasions.
(*b*) Daily.

Note.—At ordnance stations the distinguishing pennant may be flown.

Artillery Salutes.

109. Pretoria and Capetown are the stations at which salutes are authorized to be fired, and H.M.S.A. ships carrying light q.f. guns.

110. Royal salutes consist of 21 guns.

Royal salutes will be fired in honour of the following personages on the occasions stated:—

I. The Sovereign; a Member of the Royal Family; a Foreign Crowned Head, or Sovereign Prince, or his Consort; a Prince who is a Member of a Foreign Royal Family; the President of a Republican State:
Salutes will be fired both on arrival and departure.

II. On the passing of a vessel flying flags denoting the presence of the Sovereign (or Members of the Royal Family representing him), The Queen, the Queen Mother, or the Prince of Wales. The presence of the Sovereign (or his representative) is denoted on board any ship of war by the Royal Standard at the main, the flag of the Lord High Admiral at the fore, and the Union Jack at the mizzen, or on board any vessel with less than three masts by the same flags in the most conspicuous parts; the presence of the Prince of Wales or other Member of the Royal Family on board any ship is denoted by their respective standards:
No other flag will be saluted in the presence of either the Royal Standard or the Standard of the Prince of Wales or other Member of the Royal Family, except the standard of a Foreign Royal Family, or of the President of a Republic.

III. When one of H.M.S.A. ships passes a place on shore where the Royal Standard or the standard of any Member of the Royal Family is flying, or passes a vessel flying the standard of a Foreign Crowned Head or Sovereign Prince, or the Consort of such Head or Prince, or the President of a Republic.

IV. The Birthday of the Sovereign.

105. Eerbewyse word deur skildwagte betoon soos volg:—

Pos van Skildwag.	Geweer presenteer.	Salueer.
Koninklike paleis of verskaf deur 'n koninklike wag.	Lede van die Koninklike Famielie.	Offisiere van alle range (in uniform).
	Gewapende korpse.	Ongewapende afdelings.
Wonings van onderkonings en goewerneurs.	Onderkonings en goewerneurs.	Offisiere van alle range (in uniform).
	Gewapende korpse	Ongewapende afdelings.
Wonings van generaals.	Generaals.	Offisiere benede die rang van generaal.
	Gewapende afdelings	Ongewapende afdelings.
Ander poste.	Opper- en hoofoffisiere.	Offisiere benede hoofoffisiersrang.
	Gewapende afdelings.	Ongewapende afdelings.

106. Alle wagte en skildwagte moet aan offisiere van ander magte (as hulle in uniform is) dieselfde eerbewyse betoon as wat hulle gelas word om aan offisiere van die Mag te betoon.

Vlae wat Gehys moet word.

107. Die "Royal Standard" moet as die persoonlike vlag van die Soewerein op skepe, publieke geboue, forte of afgekampte plekke gehys word net as Sy Majesteit die Koning persoonlik in die skip, gebou, fort of afgekampte plek aanwesig is. Die aanwesigheid van 'n lid van die Koninklike Famielie word onder dieselfde omstandighede aangeduie deur die persoonlike vlag van die lid te hys.

108. *Lys van vlagstasies en vlae wat gehys moet word.*

Stasies.	Union Jack.	
	12 vt. × 6 vt.	6 vt. × 3 vt.
	(*a*)	(*b*)
Pretoria.		
Verdedigingshoofkwartier	1	1
Hoofkwartier, Robertshoogte	—	1
Hoofkwartier van die Lugmag, Robertshoogte	—	1
Militêre Skool, Robertshoogte	—	1
Distrikshoofkwartiere (kyk Militêre Distrikte)	—	—
Kaapse Skiereiland.		
Hoofkwartier, Troepe	1	1
Hoofkaserne, Simonsstad	—	1
Distrikshoofkwartiere (kyk Militêre Distrikte)	—	—
Hoofkwartiere Militêre Distrikte.		
No. 1, Kaapstad	—	1
No. 2, Port Elizabeth	—	1
No. 3, Oos-Londen	—	1
No. 4, Pietermaritzburg	—	1
No. 5, Durban	—	1
No. 6, Standerton	—	1
No. 7, Potchefstroom	—	1
No. 8, Johannesburg	—	1
No. 9, Pretoria	—	1
No. 10, Kroonstad	—	1
No. 11, Bloemfontein	—	1
No. 12, Calvinia	—	1
No. 13, Kimberley	—	1
No. 14, Worcester	—	1
No. 15, Graaff-Reinet	—	1

(*a*) Net op verjaarsdae of as dit nodig is vir spesiale geleenthede.
(*b*) Daeliks.

Noot.—By krygsbehoeftedepots kan die onderskeidende wimpel gehys word.

Artillerie Salute.

109. Pretoria en Kaapstad is die standplase waar dit geoorloof is salute te vuur; en ook op S.M.S.A. skepe waarop ligte snelvuurkanonne is.

110. Koninklike salute bestaan uit 21 kanonskote.

Koninklike salute word ter ere van die volgende hoë persone gevuur by die geleenthede soos vermeld:—

(i) Die Soewerein; 'n lid van die Koninklike Famielie; 'n Vreemde gekroonde hoof of soewereine prins of sy gemalin; 'n prins wat 'n lid is van 'n vreemde koninklike famielie; die president van 'n republiekeinse staat.
Salute word gevuur by aankoms en ook by vertrek.

(ii) By die verbygaan van 'n skip met vlae wat die teenwoordigheid daarop aanduie van die Soewerein (of lede van die Koninklike Famielie wat hom verteenwoordig), die Koningin, die Koningin-moeder of die Prins van Wallis. Die teenwoordigheid van die Soewerein (of sy verteenwoordigers) word aan boord van elke oorlogskip aangeduie deur die "Royal Standard" aan die grootmas te vertoon, die vlag van die "Lord High Admiral" aan die voormas en die "Union Jack" aan die besaansmas. Op 'n skip met minder as drie maste word dieselfde vlae op die mees sigbare plekke vertoon. Die teenwoordighid van die Prins van Wallis of 'n ander lid van die Koninklike Famielie op enige skip word deur hulle respektiewe vlae aangeduie.
Geen ander vlag word in die teenwoordigheid van die "Royal Standard" of van die vlag van die Prins van Wallis of 'n ander lid van die Koninklike Famielie gesalueer nie behalwe die vlag van 'n vreemde koninklike famielie of van die president van 'n republiek.

(iii) As een van S.M.S.A. skepe 'n plek langs die kus verbygaan waar die "Royal Standard" of die vlag van 'n lid van die Koninklike Famielie vertoon word, of 'n skip verbygaan waarop vertoon word die vlag van 'n vreemde gekroonde hoof of soewereine prins, of die gemalin van daardie hoof of prins, of die president van 'n republiek.

(iv) Die verjaardag van die Soewerein.

111. When any anniversary falls on a Sunday, the salute will be fired at noon on the following day.

112. Upon the occasion of the celebration of the birthday of the king or the queen of a foreign nation, or of other important national festivals and ceremonies, by any ships of war of such nation, a salute not exceeding 21 guns may be fired in conjunction with any of His Majesty's ships that may be present, on official intimation of the intended celebration being received by the O.C. the troops at the station.

113. A salute, consisting of 19 guns, will be fired in honour of the Governor-General on the following occasions:—

(*a*) On first landing in South Africa.
(*b*) On reading of Royal Commission and taking oaths of office.
(*c*) On leaving South Africa on leave of absence.
(*d*) On returning to South Africa from leave of absence exceeding three months.
(*e*) On leaving South Africa on expiration of term of office.
(*f*) When officially arriving at or departing from Pretoria and Capetown, but not oftener than once each in twelve months.

114. Salutes in honour of officers of the army, other than those mentioned in the preceding paragraph, will not be fired by forts except at their funerals, when the number of guns will be as given in paragraph 137.

115. Officers temporarily acting in any higher command are entitled, during their temporary tenure, to all the honours or salutes that may appertain to that office, provided that an officer under the rank of brigadier-general or commodore is not to be saluted in virtue of his military or naval rank.

116. An inferior authority is not to be saluted in the presence of a superior authority. Personal as well as other salutes are included in both cases.

117. Such of the authorities mentioned in the foregoing instructions as may, from their rank and appointments, be entitled to be saluted in more than one capacity, will be saluted under that rank which shall entitle them to the greatest number of guns, but on no occasion is the same individual to be saluted in more than one capacity.

118. A foreigner of high distinction, or a foreign general or flag officer, when visiting the governor or the military officer in command (see paragraph 121), may, on landing, be saluted with the number of guns which, from his rank, he is entitled to receive from a ship of war of his own nation, or with such number, not exceeding 19, as may be deemed proper; but such salute will not in any case exceed the number of guns given to officers of corresponding rank in His Majesty's Army and Navy.

119. All salutes from ships of war of other nations to a fort or one of H.M.S.A. ships are to be returned gun for gun.

120. The following regulations, in which the maritime powers generally have concurred, are to be observed in reference to the interchange of salutes between His Majesty's S.A. ships and foreign ships of war which bear the flag of a flag officer or the broad pendant of a commodore or captain commanding a squadron or division:—

	Guns.
The flag of an admiral of the fleet or flag officer who ranks with a field marshal is to be saluted with ...	19
The flag of an admiral is to be saluted with	17
The flag of a vice-admiral is to be saluted with	15
The flag of a rear-admiral is to be saluted with	13
The broad pendant of a commodore or a captaine de vaisseau chef de division in the French Navy is to be saluted with	11

For the purpose of this paragraph, as the rank of full admiral does not exist in the French Navy, vice-admirals of that nation whose flags may be hoisted at the main are to be regarded as full admirals, and are to be saluted with 17 guns.

121. If a foreigner of high distinction, or a foreign flag officer or general officer, should visit any one of His Majesty's S.A. ships, he may be saluted on his going on board, or on leaving the ship, with the number of guns which he, from his rank, would receive on visiting a ship of war of his own nation, or with such number, not exceeding 19 guns, as may be deemed proper; should the number of guns to which he is entitled from ships of his own nation be less than is given to the officers of his rank under paragraph 120, he is to be saluted with the greater number.

122. The captain of a ship, or the senior officer of more than one ship, on anchoring at a foreign port where there is a fort or battery, or where a ship of the nation may be lying, shall salute the National Flag with 21 guns, on being satisfied that the salute will be returned.

The salute shall be fired on each occasion that a ship visits a foreign port, except in the case of a ship leaving port temporarily, when by agreement with the local authorities the salute on her return may be dispensed with. This rule has been concurred in by the maritime powers generally.

123. If one or more H.M.S.A. ships should meet a foreign ship of war bearing the flag of a flag officer, or the broad pendant of a commodore commanding a station or squadron, and superior in rank to the senior officer in command of His Majesty's S.A. ship or ships, such senior officer shall salute the foreign flag officer with the number of guns accorded to his rank in paragraph 120. If the meeting takes place in port, the salute is not to be fired until the proper national salutes shall have been interchanged, and then only if the local regulations admit thereof.

124. If from any special cause one of His Majesty's S.A. ships from which a salute may reasonably be expected is unable to salute, the circumstances are to be explained on the spot.

125. His Majesty's S.A. ships shall not, on any account, lower their flags to any foreign ships whatsoever unless the foreign ships shall first, or at the same time, lower their flags to them.

126. The following regulations are to be observed in regard to return salutes to or from His Majesty's S.A. ships and forts or bateries:—

(*a*) *Royal.*—Royal salutes are not to be returned.

111. As 'n verjaardag op 'n Sondag val word die saluut die middag van die volgende dag gevuur.

112. By geleentheid van die viering van die geboortedag van die Koning of die Koningin van 'n vreemde nasie of die viering van ander belangrike nasionale feeste en plegtighede deur die oorlogskepe van sulke nasie, kan, in vereniging met enige van Sy Majesteits skepe wat teenwoordig is, 'n saluut van nie meer nie as 21 kanonskote gevuur word as daar 'n amptelike meedeling omtrent die voorgenome viering ontvang is deur die B.O. van troepe by die standplaas.

113. 'n Saluut van 19 kanonskote word ter ere van die Goewerneur-generaal gevuur by die volgende geleenthede:—

(*a*) As hy die eerste maal in Suidafrika land.
(*b*) As die Koninklike Opdrag voorgelees en die ampseed afgelê word.
(*c*) As hy op verlof Suidafrika verlaat.
(*d*) As hy na Suidafrika terugkeer van verlof van meer as drie maande.
(*e*) As hy Suidafrika verlaat by verstryking van sy ampstyd.
(*f*) As hy amptelik in Pretoria en Kaapstad aankom of daarvandaan vertrek, maar nie meer nie as eenmaal elke jaar vir elkeen van hierdie twee plekke.

114. Salute ter ere van offisiere van die leër, uitgenome die wat in die voorgaande paragraaf vermeld is, word nie deur forte gevuur nie, behalwe by geleentheid van die begrafnisse van sulke offisiere en dan is die aantal kanonskote soos voorgeskrywe in paragraaf 137.

115. Offisiere wat tydelik in 'n hoër bevel optree is gedurende hul tydelike ampstyd geregtig op al die eerbewyse en salute wat by daardie amp behoort; maar 'n offisier benede die rang van brigadier-generaal of kommodoor moet nie op grond van sy militêre of mariene rang gesalueer word nie.

116. 'n Minder outoriteit moet nie in die teenwoordigheid van 'n meerder outoriteit gesalueer word nie. Dit sluit in persoonlike en ander salute.

117. Enige van die in die voorafgaande instruksies vermelde outoriteite, wat op grond van hul rang en betrekkinge geregtig is om in meer as een hoedanigheid gesalueer te word, moet gesalueer word onder die rang wat hulle die reg gee op die grootste aantal kanonskote, maar een en dieselfde persoon moet by geen geleentheid in meer as een hoedanigheid gesalueer word nie.

118. 'n Vername vreemdeling of 'n vreemde generaal of vlagoffisier kan, as hy die goewerneur of militêre offisier in bevel besoek (kyk paragraaf 121) by landing gesalueer word met die aantal kanonskote wat hy, op grond van sy rang, geregtig is te ontvang van 'n oorlogskip van sy eie nasie, of met so 'n aantal, maar nie meer nie as 19, as wat gepas geag word. So 'n saluut moet egter in geen geval uit 'n groter aantal kanonskote bestaan nie as die waarop offisiere van ooreenstemmende range in Sy Majesteits Leër of Seemag geregtig is nie.

119. Alle salute van oorlogskepe van ander nasies aan 'n fort of een van S.M.S.A. skepe, moet deur eweveel kanonskote beantwoord word.

120. Die volgende regulasies, waarmee die maritieme moëndhede in die algemeen ingestem het, moet in ag geneem word in verband met die wisseling van salute tussen S.M.S.A. skepe en vreemde oorlogskepe onder die vlag van 'n vlagoffisier of die breë wimpel van 'n kommodoor of kaptein in bevel van 'n eskader of smaldeel:

	Kanonskote.
Die vlag van 'n vlootadmiraal of vlagoffisier wat gelyk staan in rang met 'n veldmaarskalk word gesalueer met	19
Die vlag van 'n admiraal word gesalueer met	17
Die vlag van 'n viseadmiraal	15
Die vlag van 'n skout-by-nag	13
Die breë wimpel van 'n kommodoor of 'n kapitaine de vaisseau chef de division in die Franse Seemag word gesalueer met	11

Aangesien die rang van volle admiraal nie in die Franse Seemag bestaan nie, word daardie nasie se viseadmiraals wie se vlae aan die grootmas gehys is, vir die doel van hierdie paragraaf as volle admiraals beskou en word hulle met 17 kanonskote gesalueer.

121. Ingeval 'n vername vreemdeling, of 'n vreemde vlagoffisier of opperoffisier een van S.M.S.A. skepe besoek, kan hy, as hy op die skip gaan of die skip verlaat, gesalueer word met die aantal kanonskote wat hy op grond van sy rang sou ontvang as hy 'n oorlogskip van sy eie nasie besoek, of met so 'n aantal kanonskote, maar nie meer nie as 19, as wat gepas geag mag word. Ingeval die aantal kanonskote, waarop hy van sy eie nasie se skepe geregtig is, minder is as die aantal waarmee die offisiere van sy rang onder paragraaf 120 gesalueer word, moet hy met die groter aantal gesalueer word.

122. Die kaptein van 'n skip of die senior offisier van meer as een skip moet by ankering in 'n vreemde hawe waar 'n fort of battery is of waar 'n skip van so 'n vreemde nasie lê, die nasionale vlag met 21 kanonskote salueer as hy verseker is dat die saluut beantwoord sal word.

Die saluut moet gevuur word elke maal wat 'n skip 'n vreemde hawe besoek behalwe as 'n skip die hawe tydelik verlaat en dan kan, in oorleg met die plaslike outoriteit, van die saluut by sy terugkeer afgesien word. Hiermee het die maritieme moëndhede in die algemeen ingestem.

123. As een of meer van S.M.S.A. skepe 'n vreemde oorlogskip ontmoet onder die vlag van 'n vlagoffisier of onder die breë wimpel van 'n kommodoor in bevel van 'n standplaas of eskader en hoër in rang as die senior offisier in bevel van S.M.S.A. skip of skepe dan moet daardie senior offisier die vreemde vlagoffisier salueer met die aantal kanonskote wat sy rang toekom volgens paragraaf 120. As die ontmoeting in 'n hawe plaas vind, moet die saluut nie gevuur word voor die gebruiklike nasionale salute eers gewissel is nie en dan net as die plaaslike regulasies dit toelaat.

124. As daar 'n besondere oorsaak is waarom een van S.M.S.A. skepe, van wie 'n saluut redelikerwys verwag kan word, nie kan salueer nie moet die omstandighede daar en dan verklaar word.

125. S.M.S.A. skepe moet onder geen omstandighede hulle vlae vir enige vreemde skepe neerlaat nie tensy die vreemde skepe eers of op dieselfde tyd hul vlae neerlaat.

126.—Die volgende regulasies moet in ag geneem word in verband met die beantwoording van salute aan of van S.M.S.A. skepe en forte of batterye:—

(*a*) *Koninklike.*—Koninklike salute moet nie beantwoord word nie.

(*b*) *From Foreign Ships of War.*—All salutes from foreign ships of war, either to His Majesty's S.A. ships or forts, are to be returned gun for gun. Should there be no fort or battery from which such salutes can be returned, the senior naval officer present will return them gun for gun.

127. In the case of salutes from His Majesty's S.A. ships, forts, and batteries to foreign Royal personages and other functionaries, the following arrangement entered into with the maritime powers is to be observed:—

(i) *Salutes Not Returned.*—Salutes from ships of war which will not be returned:

(*a*) To Royal personages, chiefs of States, or members of Royal Families, whether on arrival at or departure from a port, or upon visiting ships of war;

(*b*) to diplomatic, naval, military, or consular authorities, or to governors or officers administering a government, whether on arrival at or departure from a port, or when visiting ships of war;

(*c*) to foreigners of high distinction on visiting ships of war;

(*d*) upon occasions of national festivals or anniversaries.

(ii) *Salutes Returned.*—Salutes from ships of war which will be returned gun for gun:

(*a*) To the national flag on anchoring at a foreign port;

(*b*) to the flags of foreign admirals and commodores when met with at sea or in harbour (see paragraph 120).

(iii) *Reciprocity with Foreign Ships.*—When foreign ships of war salute the British flag or British Royal or other personages, or any of His Majesty's functionaries in similar circumstances, the same rules are to be reciprocally observed by His Majesty's S.A. ships present as to returning or not returning the salutes.

(iv) *Viceroy.*—Salutes to the Viceroy of India are not returned.

Note.—By clause (i) of this paragraph [taken in conjunction with clause (iii)] His Majesty's S.A. ships will not return a personal salute to a British officer fired by foreign vessels; nor will such return salute be expected by the officers of a power which adheres strictly to the international arrangement. If, however, on any occasion where personal salutes are exchanged a personal salute fired by one of His Majesty's S.A. ships or by a ship of some third nation to a foreign officer is returned, it is an excess of courtesy which it would be impossible not to reciprocate by returning any personal salute to a British officer fired immediately afterwards under like conditions. His Majesty's S.A. ships may even take the initiative in returning personal salutes, if such is known to be the custom of the nation whose ship has saluted, and if it is expected that a personal salute to an officer of that nation will presently have to be fired and will be returned.

128. When foreign or British merchant ships or any ships not in the Royal Navy or S.A.N.S. salute His Majesty's S.A. ships, the return salute is to be five guns to a single ship and seven to more than one sailing in company.

Flags to be Hoisted when Saluting or Returning Salutes.

129. When salutes are interchanged with foreign ships of war or forts, or when personal salutes are fired in honour of foreigners, the following rules as to the flags that shall be displayed are to be observed by His Majesty's S.A. ships:—

(a) *Royal Personages.*—In the case of a foreign Royal personage or chief of a State.	The flag of the nation of such Royal personage, etc., is to be hoisted at the main.
(b) *Festivals.*—When salutes are fired, whether in British or in foreign ports, on the occasion of a foreign national festival.	The flag of the foreign nation in honour of which the day is being celebrated is to be hoisted at the main during the salute, and for such further time as the ships of the nation may be dressed, or if none are present, until sunset.
(c) *National Flag.*—On anchoring at a foreign port.	The flag of the foreign nation which is being saluted is to be hoisted at the main during the salute.
(d) *Foreign Flag Officers.*—When meeting a foreign flag officer, or when returning the salute of any foreign flag officer or ship of war.	The flag of the foreign nation is to be hoisted at the fore during the salute or return salute.
(e) *Visits of Foreign Authorities.*—On the occasion of visits from foreign diplomatists, governors, or naval, military, or consular authorities, or of distinguished persons entitled to salutes.	The flag of the foreign nation to which the person saluted belongs is to be hoisted at the fore during the personal salute.

130. The foregoing salutes to foreign Royal personages and other foreign authorities and flags are only authorized in the case of a government formally recognized by His Majesty.

131. His Majesty's S.A. ships and forts do not exchange salutes in any part of His Majesty's dominions.

132. The Minister may sanction such salutes as have been customary, and which he may deem right and proper, at religious ceremonies, but these salutes are in no cases to exceed nineteen guns.

133. Salutes other than those authorized by these regulations are not to be allowed, except such as may be necessary for the fulfilment of any treaty obligation; provided that, upon any important occurrence, the Minister may direct such salutes to be fired as the occasion may seem to him to require.

134. Salutes will not be fired before sunrise or after retreat, or during the usual hours for divine service on Sundays. The same principle will apply to guards of honour and official receptions. In exceptional cases the course to be pursued will be determined locally.

(*b*) *Van vreemde oorlogskepe.*—Alle salute van vreemde oorlogskepe aan S.M.S.A. skepe of forte moet met 'n gelyke aantal kanonskote beantwoord word. As daar geen fort of battery is waaruit sulke salute kan beantwoord word nie moet die aanwesige senior see-offisier die salute met eweveel kanonskote beantwoord.

127. In verband met salute van S.M.S.A. skepe, forte en batterye, aan vreemde koninklike persone en ander amptenare moet die volgende reëling, met die maritiême moëndhede getref, in ag geneem word:—

(i) *Salute wat nie beantwoord word nie.*—Salute van oorlogskepe wat nie beantwoord word nie—

(*a*) aan koninklike persone, hoofde van state of lede van koninklike families as hulle by 'n hawe aankom of daarvandaan vertrek of as hulle oorlogskepe besoek;

(*b*) aan diplomatieke, mariene, militêre, of konsulêre outoriteite of aan goewerneurs of amptenare aan die hoof van 'n regering, as hulle by 'n hawe aankom of daarvandaan vertrek of as hulle oorlogskepe besoek;

(*c*) aan vername vreemdelinge as hulle oorlogskepe besoek;

(*d*) by geleentheid van nasionale of jaarfeeste.

(ii) *Salute wat beantwoord word.*—Salute van oorlogskepe wat met eweveel kanonskote beantwoord moet word—

(*a*) aan die nasionale vlag by ankering in 'n vreemde hawe;

(*b*) aan die vlae van vreemde admiraals en kommodoors by ontmoeting op see of in hawe (kyk paragraaf 120).

(iii) *Salute van vreemde skepe.*—As vreemde oorlogskepe die Britse vlag of Britse koninklike of ander hoë persone of enige van Sy Majesteits amptenare in dergelike omstandighede salueer, moet die aanwesige S.M.S.A. skepe dieselfde reëls in verband met die al of nie beantwoord van salute in ag neem.

(iv) *Onderkoning.*—Salute aan die Onderkoning van Indië word nie beantwoord nie.

Noot.—Volgens klousule (i) van hierdie paragraaf [in verband geneem met klousule (iii)] moet S.M.S.A. skepe 'n persoonlike saluut wat vir 'n Britse offisier deur vreemde skepe gevuur word nie beantwoord nie; ook word die beantwoording van so 'n saluut nie verwag nie deur die offisiere van 'n moëndheid wat hom stip aan die internasionale reëling hou. As egter, by 'n geleentheid waar persoonlike salute gewissel word, 'n persoonlike saluut gevuur deur een van S.M.S.A. skepe of deur 'n skip van een of ander derde nasie aan 'n vreemde offisier, beantwoord word dan is dit 'n beleefdheid wat, hoewel dit oordrewe is, noodwendig terugbetoon moet word en dit word gedoen deur 'n persoonlike saluut aan 'n Britse offisier onmiddellik na die saluut op dieselfde manier te beantwoord. S.M.S.A. skepe kan selfs die eerste wees om persoonlike salute te beantwoord as dit bekend is dat dit die gewoonte is van die nasie waarvan die skip gesalueer het en as dit verwag word dat 'n persoonlik saluut aan 'n offisier van daardie nasie kort daarna gevuur sal moet word en beantwoord sal word.

128. As vreemde of Britse handelskepe, of skepe wat nie in die Koninklike Seemag of S.A.S.D. is nie, S.M.S.A. skepe salueer, moet die saluut beantwoord word deur vyf kanonskote te vuur vir net een skip en sewe vir twee of meer skepe wat in die geselskap vaar.

Vlae wat Gehys moet word as daar Gesalueer of Teruggesalueer word.

129. As salute gewissel word met vreemde oorlogskepe of forte of as persoonlike salute gevuur word ter ere van vreemdelinge, moet die volgende reëls in verband met die vlae wat gehys moet word deur S.M.S.A. skepe gevolg word:—

(a) *Koninklike persone.*—'n vreemde koninklike persoon of hoof van 'n staat.	Die vlag van die nasie van daardie koninklike persoon ens., word aan die grootmas gehys.
(b) *Feesdae.*—As salute gevuur word in Britse sowel as in vreemde hawes by geleentheid van 'n vreemde nasionale fees.	Die vlag van die vreemde nasie ter ere waarvan die dag gevier word, word aan die grootmas gehys gedurende die saluut of vir so 'n langer tyd as wat die skepe van daardie nasie versier mag wees, of, as daar nie skepe aanwesig is nie, tot sononder.
(c) *Nasionale vlag.*—By ankering in 'n vreemde hawe.	Die vlag van die vreemde nasie wat gesalueer word, word aan die grootmas gehys gedurende die saluut.
(d) *Vreemde vlagoffisiere.* — As 'n vreemde vlagoffisier ontmoet word of as 'n vreemde vlagoffisier of oorlogskip teruggesalueer word.	Die vlag van die vreemde nasie word aan die voormas gehys gedurende die saluut of die beantwoording daarvan.
(e) *Besoeke van vreemde outoriteite.*—By besoeke van vreemde diplomate, goewerneurs, of mariene, militêre, of konsulêre outoriteite, of van vername persone wat op salute geregtig is.	Die vlag van die vreemde nasie waaraan die gesalueerde persoon behoort, word aan die voormas gehys gedurende die persoonlike saluut.

130. Die voornoemde salute aan vreemde koninklike persone en ander vreemde outoriteite en vlae is net geoorloof in die geval van 'n regering wat formeel deur Sy Majesteit erken is.

131. Geen salute word tussen S.M.S.A. skepe en forte in enige deel van Sy Majesteits Domieniums gewissel nie.

132. Die Minister kan salute goedkeur wat gebruiklik gewees is en wat hy reg en gepas ag by godsdiensplegtighede, maar hierdie salute moet in geen geval meer as 19 kanonskote bedra nie.

133. Salute waarvoor in hierdie regulasies geen magtiging gegee is nie moet nie toegelaat word nie behalwe die wat nodig is om enige verpligting onder 'n verdrag na te kom; met die voorwaarde egter dat die Minister by 'n belangrike gebeurtenis las kan gee om sulke salute te laat vuur as wat die geleentheid volgens sy oordeel mag vereis.

134. Salute word nie voor son-op of na son-onder gevuur nie; ook nie gedurende die gewone tyd vir godsdiensoefening op Sondae nie. Dit geld ook vir erewagte en amptelike resepsies. In buitengewone gevalle word plaaslik beslis hoe in hierdie omstandighede gehandel moet word.

Military Funerals.

135. A military funeral will be accorded to an officer or soldier, provided troops are stationed within reasonable distance of the burial ground; but if any additional expense is involved for the use of a gun-carriage or the attendance of soldiers, such military funeral will not be ordered without the special authority of the A.G.

136. Honours are not to be paid officially at the funerals of officers who, at the time of their decease, are not in the exercise of some military command or office, or of discharged soldiers of any rank. In special circumstances, however, where it is desired to accord a military funeral to an ex-officer or soldier, application stating reasons should be made to the A.G. for the grant of authority.

137. Military funerals are to be saluted by forts or field guns, and attended in accordance with the following table:—

Rank or corresponding Rank.	Salute of Guns.	Rounds of Small Arms.	Troops to attend with due proportion of Officers.
Field-marshal.....	19	—	6 battalions and 8 squadrons.
General.....	17	—	4 battalions and 6 squadrons.
Lieutenant-general.....	15	—	3 battalions and 4 squadrons.
Major-general.....	13	—	2 battalions and 3 squadrons.
Brigadier-general.....	11	—	1 battalion and 2 squadrons.
Colonel commanding...	—	3 rounds in each case	His own regiment or detachments equivalent thereto.
Lieutenant-colonel.....	—		300 rank and file.
Major.....	—		200 rank and file.
Captain.....	—		His own company or 100 men.
Lieutenant or Second Lieutenant	—		40 rank and file, under a lieutenant or second lieutenant.
Warrant Officer.....	—		25 rank and file under a sergeant.
Sergeant.....	—		19 rank and file under a sergeant.
All other grades.....	—		13 rank and file under a sergeant.

138. At the funeral of a general or flag officer, or of a commodore or brigadier-general, dying upon service, minute-guns are to be fired while the body is being borne to the burial ground, but these minute-guns are not to exceed the number prescribed by the preceding paragraph. When any such officer who has died when afloat is to be buried on shore, minute-guns are to be fired from the ship, if a ship of war, while the body is being conveyed to the shore, and where the means exist, minute guns will be fired from the shore while the procession is moving from the landing-place to the burial ground. The total minute-guns so fired must not exceed twice the number of guns prescribed by the preceding paragraph.

139. The salute of guns prescribed by paragraph 137, or, in the case of a flag officer or commodore, a salute of the number of guns to which the deceased was entitled when living, will be fired after the body is deposited in the grave.

140. The pall is to be supported by officers of the same rank as that held by the deceased, but if a sufficient number of that rank cannot be obtained, officers next in seniority are to supply their places.

141. Honours paid at the funeral of a staff or departmental officer of the army are to be regulated according to his rank, or corresponding rank, as the case may be.

142. In addition to the firing parties, the funeral of an officer will be attended by the officers, that of a warrant officer by the warrant officers, that of a sergeant by the sergeants, and that of a corporal by the corporals, of the corps to which the deceased belonged or was attached. The funeral of a N.C.O. or private will be attended by the company, etc. (officers included), to which he belonged or was attached.

Minute-Guns at Civil Funerals.

143. At the funeral of a civil functionary the same number of guns will be fired as minute-guns, while the procession is going to the burial ground, as he was entitled to as salutes when living. A civil functionary not entitled to salutes of cannon when living is not to have guns fired at his funeral.

Salute to Remains of Distinguished Foreigners, Etc.

144. Should a vessel carrying the remains of a foreigner of high distinction, foreign general, or foreign flag officer, arrive during saluting hours at any authorized saluting station, the same number of minute-guns will be fired on its arrival as the deceased was entitled to under paragraph 118 when living.

Visits of Ceremony.

145. The following rules, in which the maritime powers generally have concurred, are to be observed by all naval officers in reference to the interchange of visits with officers of friendly men-of-war in all ports, whether British or foreign:—

(a) *Preliminary Visit.*—On the arrival of any ship or ships of war of another nationality, the flag or other officer in command of one or more ships of war in port, whatever may be his rank, will send an officer to such arriving ship, or in case of a fleet or squadron, to the ship of the officer in chief command of it, to offer the customary courtesies.

The captain of the ship to which this visit is paid will send an officer to return it.

Militêre Begrafnisse.

135. Aan 'n oorlede offisier of soldaat word 'n militêre begrafnis gegee as daar troepe binne 'n redelike afstand van die begraafplaas gestationeer is; maar as die gebruik van 'n kanonwa of die aanwesigheid van soldate ekstra onkoste meebring, moet daar nie vir so 'n militêre begrafnis las gegee word nie behalwe op spesiale magtiging van die A.G.

136. By die begrafnisse van offisiere wat nie tydens hul dood in een of ander militêre bevel of amp was nie, of van ontslae soldate van enige rang moet geen eerbewyse amptelik betoon word nie. Onder spesiale omstandighede, egter, waar verlang word om 'n militêre begrafnis aan 'n gewese offisier of soldaat te gee, moet by die A.G. aansoek gedoen word vir die nodige magtiging.

137. Militêre begrafnisse moet gesalueer word deur forte of veldkanonne en bygewoon word ooreenkomstig die volgende tabel:—

Rang of ooreenstemmende rang.	Kanonskote.	Geweerskote (sarsies).	Troepe wat aanwesig moet wees met 'n eweredige aantal offisiere.
Veldmaarskalk.....	19	—	6 bataljons en 8 eskadrons.
Generaal.....	17	—	4 bataljons en 6 eskadrons.
Luitenant-generaal.....	15	—	3 bataljons en 4 eskadrons.
Generaal-majoor.....	13	—	2 bataljons en 3 eskadrons.
Brigadier-generaal.....	11	—	1 bataljon en 2 eskadrons.
Kolonel in bevel.....	—	3 sarsies vir elkeen	Sy eie resjiment of afdelings wat daaraan gelykstaan.
Luitenant-kolonel.....	—		300 van die geledere.
Majoor.....	—		200 van die geledere.
Kaptein.....	—		Sy eie kompanjie of 100 man.
Luitenant of twede luitenant			40 van die geledere onder 'n luitenant of twede luitenant.
Adjudant-onderoffisier	—		25 van die geledere onder 'n sersant.
Sersant.....	—		19 van die geledere onder 'n sersant.
Alle ander grade.....	—		13 van die geledere onder 'n sersant.

138. By die begrafenis van 'n generaal of vlagoffisier of van 'n kommodoor of brigadier-generaal, wat op diens sterf, moet minuutskote gevuur word terwyl die lyk na die begraafplaas vervoer word. Hierdie minuutskote moet egter nie die aantal in die voorgaande paragraaf voorgeskryf, te bo gaan nie. As so 'n offisier wat op see gesterf het, op land moet begrawe word, moet minuutskote van die skip af, as dit 'n oorlogskip is, gevuur word terwyl die lyk na die land vervoer word; en waar daar geleentheid voor is moet minuutskote van die land af gevuur word terwyl die lykstasie van die landingplek na die begraafplaas gaan. Die totale aantal van sulke minuutskote moet nie meer wees nie as dubbel die aantal skote in die voorgaande paragraaf voorgeskryf.

139. Die kanonskote voorgeskryf in paragraaf 137 of (in die geval van 'n vlagoffisier of kommodoor) die minuutskote waarop die oorledene in sy leeftyd geregtig was moet gevuur word nadat die lyk in die graf gelê is.

140. Die slippe van die lykkleed moet gedra word deur offisiere van dieselfde rang as wat die oorledene gehou het maar as daar nie genoeg offisiere van daardie rang beskikbaar is nie, moet hul plekke gevul word deur offisiere wat die naaste aan daardie rang is.

141. Eerbewyse wat by die begrafnis van 'n staf- of diensvakoffisier van die leër betoon word, moet volgens sy rang of ooreenstemmende rang, na gelang van die vereiste, gereël word.

142. Die begrafnis van 'n offisier moet, benewens die vuurafdelings, deur die offisiere bygewoon word; die begrafnis van 'n adjudant-onderoffisier deur die adjudant-onderoffisiere; die van 'n sersant deur die sersants, en die van 'n korporaal deur die korporaals, van die korps waaraan die oorledene behoort het of toegevoeg was. Die begrafnis van 'n onderoffisier of manskap moet bygewoon word deur die kompanjie, ens. (offisiere daarby inbegryp) waaraan hy behoort het of toegevoeg was.

Minuutskote by Burgerlike Begrafnisse.

143. By die begrafnis van 'n burgerlike amptenaar word, terwyl die lykstasie na die begraafplaats gaan, net so veel minuutskote gevuur as die saluutskote waarop hy in sy leeftyd geregtig was. By die begrafenis van 'n burgerlike amptenaar wat nie op salute met kanonne in sy leeftyd geregtig was nie moet geen kanonskote gevuur word nie.

Saluut vir Lyke van Vername Vreemdelinge, ens.

144. As 'n skip, wat die lyk van 'n vername vreemdeling, van 'n vreemde generaal, of van 'n vreemde vlagoffisier aan boord het, gedurende saluuture by enige aangewese saluutstasie aankom, word by die aankoms daarvan dieselfde aantal minuutskote gevuur as die waarop die oorledene in sy leeftyd onder paragraaf 118 geregtig was.

Seremoniebesoeke.

145. Die volgende reëls waarmee die maritieme moëndhede in die algemeen ingestem het, moet deur alle seeoffisiere gevolg word wat betref onderlinge besoeke tussen offisiere van bevrinde oorlogskepe in alle Britse en vreemde hawes:—

(a) *Voorlopige besoek.*—By aankoms van enige oorlogskip of oorlogskepe van 'n ander nasionaliteit, stuur die vlagoffisier of 'n ander offisier in bevel van een of meer oorlogskepe in die hawe, wat sy rang ook mag wees, 'n offisier na die aangekome skip, of, in geval van 'n vloot of eskader, na die skip van die offisier wat in opperbevel is, om die gebruiklike beleefdhede aan te bied.

Die kaptein van die skip, wat hierdie besoek ontvang, stuur dan 'n offisier om die besoek te beantwoord.

(b) *Official Visit.*—Within twenty-four hours of his arrival, the flag or other officer in chief command of the arriving ship or ships will visit the officer in chief command of the fleet or squadron or single ship of war of another nationality present at the port, if he be his equal in grade, and the visit will be returned within twenty-four hours of being paid. In the case of officers of different grades, the inferior will pay the first visit, the same limits of time being observed as to the visit and its return.

The grades are:—

(i) Admiral.
(ii) Vice-admiral.
(iii) Rear-admiral.
(iv) Commodore.
(v) Captain.
(vi) Commander.
(vii) Lieutenant or other officer in command.

(c) *Return Visit.*—Officers of superior grades will return visits as follows:—

All flag officers, including commodores, will return the visits of captains and those of grades superior to captains; they will send their flag captains or commanders to return the visits of commanders, lieutenants, and other officers in command.

Captains and officers of a lower grade will return the visits of commanders and officers of inferior rank in command.

(d) *Visits of other than Senior Officers.*—After the interchange of visits between the senior officers shall have taken place, the captains or other officers in command of the several ships of war arriving will visit the captains or other officers in command of the ships of war in port, who will return their visits.

(e) *Reciprocity from Foreign Officers.*—His Majesty's officers may expect that strict reciprocity will be observed in similar circumstances by foreign naval officers in respect to these visits of ceremony.

146. On the arrival of a fleet, squadron, or ship at a foreign port, the first visit will be made by the naval or consular officer who is subordinate in relative rank to the other, according to the following scale:—

(a) Agents and consuls-general or commissioners and consuls-general	To rank with but after rear-admirals, except in the case of the agent and consul-general in Egypt, who, occupying a position similar to that of a governor, takes precedence of all flag officers.
(b) Consuls-general.....	To rank with but after commodores.
(c) Consuls.....	To rank with but after captains of three years' standing, and before all other such captains.
(d) Vice-consuls.....	To rank with but after lieutenants of eight years' standing.
(e) Consular-agents.....	To rank with but after all other lieutenants.

147. The senior naval officer present will arrange, when necessary, to provide a suitable boat to enable the diplomatic, colonial, or consular officer to pay any official visits afloat, and to reland him, on the officer notifying his wishes to that effect.

APPENDIX A.

The following is the table of corresponding ranks in the Imperial Army, Royal Navy, and Royal Air Force:—

Imperial Army.	Royal Navy.		Royal Air Force.
(i) Field marshal.	Admiral of the fleet.		Marshal of the air.
(ii) General.	Admiral.		Air chief marshal.
(iii) Lieutenant-general.	Vice-admiral.	Engineer-in-chief, if Engineer vice-admiral.	Air marshal.
(iv) Major-general.	Rear-admiral.	Engineer-in-chief, if Engineer rear-admiral,	Air vice-marshal.
(v) Colonel-commandant.	Commodore, 1st and 2nd class.		Air commodore.
(vi) Colonel.	Captain of 3 years' seniority.	Staff captain of 4 years' seniority. Engineer captain of 8 years' seniority in that rank. Deputy-inspector-general of hospitals and fleets. Secretary to admiral of the fleet. Paymaster-in-chief.	Group captain.
(vii)-Lieutenant-colonel.	Captain under 3 years' seniority.	Staff captain under 4 years' seniority. Engineer captain under 8 years' seniority in that rank. Secretary to commander-in-chief of 5 years' service as such.	Wing commander.
	Commander, but junior of the Army rank.	Engineer commander. Fleet-surgeon. Secretary to commander-in-chief under 5 years' service. Fleet paymaster Naval instructor of 15 years' seniority.	

(b) *Offisiële besoek.*—Die vlagoffisier of ander offisier in opperbevel van die aangekome skip of skepe besoek, binne 24 uur na sy aankoms, die offisier in opperbevel van die in die hawe aanwesige vloot of eskader, of van 'n enkele oorlogskip van 'n ander nasionaliteit, as laasgemelde van gelyke rang is as hy; en hierdie besoek word binne 24 uur nadat dit afgelê is, beantwoord. In die geval van offisiere van verskillende grade moet die mindere die eerste besoek aflê en hier word dieselfde tydgrens in ag geneem as wat geld vir die besoek en die teenbesoek.

Die grade is soos volg:—

(i) Admiraal.
(ii) Viseadmiraal.
(iii) Skout-by-nag.
(iv) Kommodoor.
(v) Kaptein.
(vi) Kommandeur.
(vii) Luitenant of ander offisier in bevel.

(c) *Teenbesoek.*—Offisiere van hoër grade beantwoord besoeke soos volg:—

Alle vlagoffisiere, met inbegrip van kommodoors, beantwoord die besoeke van kapteins en van offisiere van 'n hoër graad as kaptein. Hulle stuur hul vlagkapteins of kommandeurs om die besoeke van kommandeurs, luitenants en ander offisiere in bevel te beantwoord.

Kapteins en offisiere van 'n laer graad beantwoord die besoeke van kommandeurs en offisiere van laer rang in bevel.

(d) *Besoek van offisiere behalwe senior offisiere.*—Nadat die besoeke tussen die senior offisiere onderling plaasgevind het, besoek die kapteins of ander offisiere in bevel van die verskillende oorlogskepe, wat by die hawe aankom, die kapteins of ander offisiere in bevel van die oorlogskepe wat in die hawe is; en laasgenoemde beantwoord die besoeke.

(e) *Seremoniebesoeke deur vreemde offisiere.*—Sy Majesteits offisiere kan van vreemde seeoffisiere verwag dat hulle die reëls in verband met hierdie seremoniebesoeke ook onder dergelike omstandighede stip sal nakom.

146. By die aankoms van 'n vloot, 'n eskader of 'n skip in 'n vreemde hawe word die eerste besoek afgelê deur die mariene of konsulêre offisier wat in die betreklike rang ondergeskik is aan die andere, ooreenkomstig die volgende skaal:—

(a) Agente en konsuls-generaal of kommissarisse en konsuls-generaal	Neem rang in met, maar na skout-by-nag, behalwe in die geval van die agent en konsul-generaal in Egypte wat, aangesien hy net so 'n posiesie as 'n goewerneur beklee, voorrang inneem bo alle vlagoffisiere.
(b) Konsuls-generaal.....	Neem rang in met, maar na kommodoors.
(c) Konsuls.....	Neem rang in met, maar na kapteins wat al drie jaar kaptein is en voor alle ander kapteins.
(d) Vise-konsuls.....	Neem rang in met, maar na luitenants wat al ag jaar luitenant is.
(e) Konsulere-agente.....	Neem rang in met, maar na alle andere luitenants.

147. Die aanwesige senior seeoffisier moet, as dit nodig is, reëlings tref om 'n geskikte boot te verskaf om die diplomatieke, koloniale of konsulêre amptenaar in staat te stel enige offisiële besoeke te water af te lê en om hom weer aan wal te bring as dit die verlange van die amptenaar is.

AANHANGSEL "A."

Die volgende tabel gee die ooreenstemmende range aan in die Imperiale Leër, die Koninklike Seemag en die Koninklike Lugmag:—

Imperiale Leër.	Koninklike Seemag.		Koninklike Lugmag.
(i) Veldmaarskalk.	Vlootadmiraal.		Maarskalk van die Lug.
(ii) Generaal.	Admiraal.		Eerste lugmaarskalk.
(iii) Luitenant-generaal	Viseadmiraal.	Opperinsjenieur, as hy viseadmiraal-insjenieur is.	Lugmaarskalk.
(iv) Generaal-majoor.	Skout-by-nag.	Opperinsjenieur, as hy skout-by-nag insjenieur is.	Viselugmaarskalk.
(v) Kolonel-kommandant.	Kommodoor, 1ste en 2de klas.		Lugkommodoor.
(vi) Kolonel.	Kaptein met 3 jaar ansiënniteit.	Stafkaptein met 4 jaar ansiënniteit. Kaptein-insjenieur met 8 jaar ansiënniteit in die rang. Adjunk inspekteur-generaal van Hospitale en Vlote. Sekretaris van die Vlootadmiraal. Opperbetaalmeester.	Groepkaptein.
(vii) Luitenant-kolonel.	Kaptein met minder as 3 jaar ansiënniteit.	Stafkaptein met minder as 4 jaar ansiënniteit. Kaptein-insjenieur met minder as 8 jaar ansiënniteit in die rang. Sekretaris van Opperbevelhebber met 5 jaar diens in die betrekking.	Vleuelkommandant
	Kommandeur, maar junior van die Leër-rang.	Kommandeur-insjenieur. Vlootarts. Sekretaris van die Opperbevelhebber met minder as 5 jaar diens. Betaalmeester van die Vloot. Mariene instrukteur met 15 jaar ansiënniteit.	

Imperial Army.	Royal Navy.		Royal Air Force.
(viii) Major.	Lieutenant of 8 years' seniority.	Engineer lieutenant of 8 years' seniority, qualified and selected. Staff surgeon. Secretary to junior flag officer, commodore, 1st class. Staff paymaster and paymaster. Naval instructors of 8 years' seniority. Carpenter lieutenant of 8 years' seniority.	Squadron leader.
(ix) Captain.	Lieutenant under 8 years' seniority.	Engineer lieutenant under 8 years' seniority, or over that seniority, but not duly qualified and selected. Surgeon. Secretary to commodore, 2nd class. Assistant paymaster of 4 years' seniority. Naval instructor under 8 years' seniority. Carpenter lieutenant under 8 years' seniority.	Flight lieutenant.
(x) Lieutenant.	Sub-lieutenant.	Engineer sub-lieutenant. Asst. paymaster under 4 years' seniority.	Flying officer (or observer).
(xi) Second lieutenant.	Chief gunner. Chief boatswain. Chief signal boatswain. Commissioned telegraphist. Commissioned master-at-arms. Commissioned shipwright. Chief artificer engineer. Commissioned mechanician. Commissioned armourer. Commissioned electrician. Chief schoolmaster. Commissioned wardmaster. Commissioned writer. Commissioned victualling officer. Commissioned instructor in cookery. Chief R.M. gunner.		No equivalent.
(xii) Warrant officer, Class I:—			
(a) Conductor, A.O.C. Master-gunner, 1st class. 1st class schoolmaster. Staff serjeant-major, 1st class.	Gunner. Royal Marine gunner. Boatswain. Signal boatswain. Warrant telegraphist. Chief master-at-arms. Warrant shipwright. Artificer engineer. Warrant mechanician. Warrant armourer. Warrant electrician. Head schoolmaster. Warrant wardmaster. Warrant writer. Warrant victualling officer. Instructor in cookery. — But senior of these Army ranks. Midshipman. Clerk. — But junior of these Army ranks.		No equivalent.
(b) Master-gunner, 2nd class. Garrison sergeant-major	No equivalent.		No equivalent.
(c) All other warrant officers, class I.	Battalion chief petty officer (R.N. division only).		Chief master mechanic. Sergeant-major, class I. Master clerk.
(xiii) Warrant officer, Class II:—			
Master-gunner, 3rd class 3rd class schoolmaster.	No equivalent.		No equivalent.
Quartermaster-corporal-major (Household Cavalry), or quartermaster-sergeant.	No equivalent.		Master mechanic, Sergeant-major, class II.
Squadron corporal-major (Household Cavalry) or squadron, battery, troop, company sergeant-major.	No equivalent.		No equivalent.
(xiv) Non-commissioned officers and men:—			
(a) Staff-sergeant.	Chief petty officer.		Chief mechanic. Flight sergeant. Flight clerk.
(b) Sergeant.	Petty officer.		Sergeant-mechanic. Sergeant. Sergeant clerk.
(c) Lance-sergeant.	Leading seamen, higher grade (R.N. Division only).		No equivalent.
(d) Corporal. Bombardier. 2nd corporal.	Leading seaman, but junior of these Army ranks.		Corporal mechanic. Corporal. Corporal clerk.
(e) Lance-corporal. Lance-bombardier.	Able seaman, higher grade (R.N. Division only).		No equivalent.
(f) Trooper, gunner, private, etc.	Able seaman. Ordinary seaman.		Air mechanic, 1st class. Clerk, 1st class. Air mechanic, 2nd class. Private, 1st class. Clerk, 2nd class. Air mechanic, 3rd class. Private, 2nd class. Clerk, 3rd class.
(g) Boy.	Boy.		Boy.

Imperiale Leër.	Koninklike Seemag.		Koninklike Lugmag.
(viii) Majoor.	Luitenant met 8 jaar ansiënniteit.	Luitenant-insjenieur met 8 jaar ansiënniteit, gekwalifiseer en uitgekies. Stafarts. Sekretaris van junior vlagoffisier, kommodoor, 1ste klas. Stafbetaalmeester en betaalmeester. Mariene instrukteurs met 8 jaar ansiënniteit. Luitenant-timmerman met 8 jaar ansiënniteit.	Eskader-leier.
(ix) Kaptein.	Luitenant met minder as 8 jaar ansiënniteit.	Luitenant-insjenieur met minder as 8 jaar ansiënniteit of meer as die ansiënniteit, maar nie behoorlik gekwalifiseer en uitgekies nie. Arts. Sekretaris van kommodoor, 2de klas. Assistent betaalmeester met 4 jaar ansiënniteit. Mariene instrukteur met minder as 8 jaar ansiënniteit. Luitenant-timmerman met minder as 8 jaar ansiënniteit.	Luitenant by 'n vliegtuigafdeling.
(x) Luitenant.	Onderluitenant.	Onderluitenant-insjenieur. Assistent betaalmeester met minder as 4 jaar ansiënniteit.	Offisier-vlieger (of waarnemer).
(xi) Twede luitenant.	Eerste kanonnier. Eerste bootsman. Eerste bootsman-seiner. Offisier-telegrafis. Offisier-skeepsprovoos. Offisier-skeepstimmerman. Eerste insjenieur-ambagsman. Offisier-werktuigkundige. Offisier-wapensmid. Offisier-elektriesiën. Eerste skoolmeester. Offisier-wykmeester. Offisier-klerk. Offisier-prowiandmeester. Offisier-instrukteur in kokery. Eerste K.M. kanonnier.		Geen ekwiwalent.
(xii) Adjudant-onderoffisier, Klas I:—			
(a) Kondukteur L.K.D. Hoofkanonnier, 1ste klas. 1ste klas skoolmeester. Stafsersant-majoor, 1ste klas.	Kanonnier. K.M. kanonnier. Bootsman. Bootsman-seiner Adjudant-onderoffisier-telegrafis. Eerste skeepsprovoos. Adjudant-onderoffisier-skeeps-timmerman. Insjenieur-ambagsman. Adjudant-onderoffisier-werktuigkundige. Adjudant-onderoffisier-wapensmid. Adjudant-onderoffisier-elektriesiën. Hoofskoolmeester. Adjudant-onderoffisier-wykmeester. Adjudant-onderoffisier-klerk. Adjudant-onderoffisier-prowiandmeester. Instrukteur in kokery. — Maar senior van hierdie Leërrange. Adelbors. Klerk. — Maar junior van hierdie Leërrange.	Geen ekwiwalent.
(b) Hoofkanonnier, 2de klas. Garnisoen-sersant-majoor.			Geen ekwiwalent.
(c) Alle andere adjudant-onderoffisiere, Klas I.	Bataljon eerste onderoffisier (Net Koninklike Mariene Afdeling).		Eerste hoofambagsman. Sersant-majoor, Klas I.
(xiii) Adjudant-onderoffisier, Klass II:			
Hoofkanonnier, 3de klas.	Geen ekwiwalent.		Hoofklerk.
3de klas skoolmeester			Geen ekwiwalent.
Korporaal-majoor-kwartiermeester (Household Cavalry) of sersant-kwartiermeester.	Geen ekwiwalent.		Hoofwerktuigkundige. Sersant-majoor, Klas II.
Eskadron-korporaal-majoor (Household Cavalry) of eskadron-, battery-, troep-, kompanjie-sersant-majoor.	Geen ekwiwalent.		Geen ekwiwalent.
(xiv) Onderoffisiere en manskappe:—			
(a) Stafsersant.	Eerste onderoffisier.		Eerste werktuigkundige. Vliegtuigafdeling-sersant. Vliegtuigafdeling-klerk.
(b) Sersant.	Onderoffisier.		Sersant-werktuigkundige. Sersant. Sersant-klerk.
(c) Ondersersant.	Voorman-seeman, hoër graad (Net Koninklike Mariene Afdeling).		Geen ekwiwalent.
(d) Korporaal. Bombardier. 2de korporaal.	Voorman-seeman, maar junior van hierdie Leërrange.		Korporaal-werktuigkundige. Korporaal. Korporaal-klerk.
(e) Onderkorporaal. Onderbombardier	Bevare seeman, hoër graad (Net Koninklike Mariene Afdeling).		Geen ekwiwalent.
(f) Kanonnier, manskap, ens.	Bevare seeman. Gewone seeman.		Lugmag werktuigkundige, 1ste klas. Klerk, 1ste klas. Lugmag werktuigkundige, 2de klas. Manskap, 1ste klas. Klerk, 2de klas. Lugmag werktuigkundige, 3de klas. Manskap, 2de klas. Klerk, 3de klas.
(g) Jonge.	Jonge.		Jonge.

CHAPTER XI.—CORRESPONDENCE, DOCUMENTS, ORDERS, AND RECORDS.

Correspondence.

General Instructions.

1. Rules as to the method of conducting correspondence will be issued from time to time, and must be strictly adhered to.

2. All correspondence from and between military sections of Defence Headquarters, Commands, and Units of the Force shall be signed by an officer. The rank and unit or appointment are to be added after the signature. All signatures are to be in manuscript and not stamped, except as the C.G.S. may authorize. In correspondence between heads of sections and between C.O.'s, letters are to be signed by these officers themselves or on their behalf, the general rule being that official correspondence will be conducted between equals in rank. All correspondence addressed to higher authority (and all orders and instructions) must be signed by, or on behalf of, the head of the section or C.O.

3. An officer is responsible for the correctness of documents submitted by him. In transmitting correspondence to higher authority, he is to record his opinion or recommendation thereon, adding such observations, based on local knowledge, as may enable a final decision to be arrived at.

4. A letter of a secret or confidential nature is to be marked "Secret" or "Confidential" as the case may be. Such a letter must be enclosed in two envelopes, of which the inner one only will be marked "Secret" or "Confidential," in addition to the address, and the outer one inscribed with the address only. A secret or confidential plan or other document is to be similarly treated. In addition to these precautions, secret and confidential correspondence, if sent through the post, will be registered if the sender considers such a course necessary, and in every case will be acknowledged at once.

5. The formal acknowledgment of the receipt of a secret communication, the contents of which are not revealed in such acknowledgment, should not be marked "Secret." This will apply also to papers which are not in themselves secret though connected with secret papers.

6. Packets or envelopes endorsed "Secret" or "Confidential" shall only be opened by the officer to whom they are addressed or his authorized deputy.

Documents and Maps marked "Secret," "Confidential," or "For Office Use Only."

7. A document or map marked "Secret" is intended only for the personal information of the individual to whom it is officially issued, and of those officers under him whose duties it affects and who it is necessary should be made acquainted with such document, or portion thereof, or map, for the proper carrying out of their duties.

8. The officer to whom such a document or map is issued is personally responsible for its safe custody, and that its contents are disclosed to those officers and to those only who must necessarily be made acquainted therewith and to the extent only that is necessary for their several duties. The existence of such a document or map is not to be disclosed by him or them to any other person without the sanction of superior military authority.

9. A document or map marked "Confidential" is of a privileged nature. The contents are only to be disclosed to authorized persons.

10. The information contained in a document or map marked "For official use only" is not to be communicated to the Press or to any person not holding an official position.

11. Documents and maps classed as "Secret" or "Confidential" are not to be referred to in any catalogue or publication which is not itself a document marked "Secret" or "Confidential," as the case may be. The only legitimate use an officer or soldier may make of documents or information of which he becomes possessed in his official capacity is for the furtherance of the Public Service in the performance of his duty. Publishing official documents or information, or using them for personal controversy, or for any private purpose, without due authority, will be treated as a breach of official trust under the Official Secrets Act, 1911.

12. Secret and confidential books, documents, and maps will be distributed as directed by the C.G.S. Heads of sections and C.O.'s to whom such are issued will be responsible for their safe custody and distribution to those concerned; will obtain and retain individual receipts for all such distributions, *vide* paragraph 14; and will furnish the C.G.S. with a certificate showing that such documents, etc., have been so distributed.

13. When a document, etc., becomes obsolete and orders have been issued for its destruction, the holders of such will furnish their C.O.'s with certificates of destruction, who in turn will furnish the C.G.S. with a list of the serial numbers of the copies destroyed.

14. Should any such book, document, or map be lent by the officer responsible for its safe custody to an officer authorized to be made acquainted with its contents, a receipt will be obtained from the officer, to whom it is lent, which will be retained until the book, document, or map is returned.

15. Heads of sections and C.O.'s will forward to the C.G.S. annually on the 1st January a list of the secret books, documents, and maps for which they are responsible, with a certificate appended to the effect that such books, etc., are in their personal custody. Should any of the secret documents, etc., enumerated in the list be in the temporary custody of a subordinate officer, the head of section or C.O. will also forward a supplementary list, duly completed and certified by the officer actually holding the said document, etc.

16. A head of section or C.O. will keep a list of all secret and confidential documents, etc., issued to him, and will check it against them at least once in every six months. On each occasion of handing over his office or command, all such documents, etc., will be handed over and verified with the list by the officer succeeding to the office or command, who will give receipt therefor. Should any deficiency be discovered, the matter shall immediately be reported to the C.G.S., who will cause due inquiry to be made and take such disciplinary and other steps as the case may warrant.

HOOFSTUK XI.—BRIEFWISSELING, DOKUMENTE, ORDERS EN REGISTERS.

Briefwisseling.

Algemene Instruksies.

1. Reëls in verband met die manier waarop briefwisseling moet geskied, sal van tyd tot tyd uitgereik word en moet stip nagekom word.

2. Alle briewe van en aan militêre afdelings van Verdedigingshoofkwartier, leërplase en eenhede van die Mag moet deur 'n offisier geteken word. Die rang en eenheid of betrekking moet agter die handtekening toegevoeg word. Alle handtekeninge moet met die hand geskrywe en nie gestempel wees nie, behalwe soos deur die H.G.S. gemagtig mag word. By briefwisseling tussen hoofde van afdelings en tussen bevelvoerende offisiere moet briewe deur hierdie offisiere self, of namens hulle, geteken word en dit is 'n algemene reël dat offisiële briewe tussen offisiere van gelyke rang moet gewissel word. Alle briewe gerig aan hoër gesag (en alle orders en instruksies) moet deur, of namens, die hoof van die afdeling of B.O. geteken word.

3. 'n Offisier is verantwoordelik vir die juistheid van dokumente wat deur hom ingedien word. As hy briewe aan hoër gesag deurstuur moet hy sy opienie of aanbeveling daaromtrent boekstaaf, met sy aanmerkinge daarby, gebaseer op plaaslike kennis, om sodoende tot 'n finale beslissing te kan kom.

4. 'n Brief van 'n geheime of konfidensiële aard moet gemerk word "Geheim" of "Konfidensieel" na gelang van die omstandigheid. So 'n brief moet in twee koeverte ingesluit word. Net die binnenste een, met die adres daarop, moet gemerk word "Geheim" of "Konfidensieel" en op die buitenste een moet net die adres voorkom. 'n Geheime of konfidensiële kaart of ander dokument moet op dieselfde manier ingesluit en geadresseer word. Benewens hierdie voorsorgsmaatreëls moet geheime en konfidensiële briewe, as dit deur die pos gestuur word, geregistreer word as die versender dit nodig ag, en in elke geval moet die ontvangs dadelik erken word.

5. Die formele erkenning van die ontvangs van 'n geheime mededeling waarvan die inhoud nie in die erkenning bekend gemaak is nie, moet nie "Geheim" gemerk word nie. Dit geld ook vir papiere wat, hoewel hulle nie self geheim is nie, betrekking het op geheime papiere.

6. Pakkies of koeverte met die opskrif "Geheim" of "Konfidensieel" moet net oopgemaak word deur die offisier aan wie dit geadresseer is of deur sy gemagtigde plaasvervanger.

Dokumente en Kaarte wat gemerk is Geheim, Konfidensieel of Net vir Kantoorgebruik.

7. 'n Dokument of kaart gemerk "Geheim" is bedoel net vir die persoonlike informasie van die persoon aan wie dit offisieel uitgereik is, en van die offisiere onder hom wie se pligte dit raak en wat met so 'n dokument, of gedeelte daarvan, of kaart bekend gestel sal moet word vir die behoorlike uitvoering van hul pligte.

8. Die offisier aan wie so 'n dokument of kaart uitgereik word, is persoonlik verantwoordelik vir die veilige bewaring daarvan en dat die inhoud daarvan bekendgemaak word net aan die offisiere wat noodwendig daarmee bekend gestel moet word en dan net vir sover as dit nodig is vir hulle respektiewe pligte. Die bestaan van so 'n dokument of kaart mag nie, sonder toestemming van hoër militêre gesag, deur hom of hulle aan enige ander persoon bekendgemaak word nie.

9. Die inhoud van 'n dokument of kaart wat "Konfidensieel" gemerk is, moet net aan geoorloofde persone bekendgemaak word.

10. Die informasie vervat in 'n dokument of kaart gemerk "Net vir offisiële gebruik" moet nie aan die pers of aan enige persoon wat nie 'n offisiële betrekking beklee, meegedeel word nie.

11. Van dokumente en kaarte geklassifiseer as "Geheim" of "Konfidensieel" moet nie melding gemaak word nie in enige katalogus of publikasie wat nie self 'n "Geheim" of "Konfidensieel" gemerkte dokument is nie. Die enigste manier waarop 'n offisier of soldaat wettig gebruik kan maak van dokumente of informasie wat hy in sy offisiële hoedanigheid in besit kry, is vir die bevordering van die publieke diens in die uitvoering van sy plig. Die publiek maak van offisiële dokumente of informasie of die gebruik maak daarvan vir persoonlike redetwiste, of vir enige private doel, sonder behoorlike magtiging, sal geag word as troubreuk onder die Offisiële Geheime Wet, 1911.

12. Geheime en konfidensiële boeke, dokumente en kaarte word uitgegee soos gelas deur die H.G.S. Hoofde van afdelings en bevelvoerende offisiere aan wie daardie dokumente, ens., uitgereik is, is verantwoordelik vir die veilige bewaring en vir die uitgifte daarvan aan die betrokke persone; moet aparte ontvangsbewyse vir al sulke uitgiftes verkry (kyk paragraaf 14); en moet die H.G.S. voorsien van 'n sertifikaat dat daardie dokumente, ens., aldus uitgegee is.

13. As 'n dokument, ens., verouder is en die vernietiging daarvan gelas is, moet die houers daarvan sertifikate van vernietiging verskaf aan hul bevelvoerende offisiere wat dan weer 'n lys van die serienommers van die vernietigde afskrifte aan die H.G.S. verskaf.

14. As so 'n boek, dokument of kaart deur die offisier, wat vir die veilige bewaring daarvan verantwoordelik is, geleen word aan 'n offisier wat met die inhoud bekend gestel mag word, moet 'n ontvangsbewys verkry word van die offisier aan wie dit geleen is en hierdie ontvangsbewys moet gehou word totdat die boek, dokument of kaart teruggegee word.

15. Hoofde van afdelings en bevelvoerende offisiere moet jaarliks op die 1ste Januarie aan die H.G.S. 'n lys stuur van die geheime boeke, dokumente en kaarte waarvoor hulle verantwoordelik is, met 'n sertifikaat daarby dat daardie boeke, ens., in hul persoonlike bewaring is. As enigeen van die geheime dokumente, ens., wat op die lys voorkom, tydelik in die bewaring van 'n ondergeskikte offisier is, moet die hoof van 'n afdeling of die B.O. ook 'n aanvullingslys stuur, wat behoorlik opgemaak en gesertifiseer is deur die offisier wat werklik die bedoelde dokument, ens., in sy besit het.

16. 'n Hoof van 'n Afdeling, of 'n B.O., moet 'n lys hou van alle geheime en konfidensiële dokumente, ens., wat aan hom uitgereik is en moet ten minste eenmaal elke ses maande die lys daarmee vergelyk. Elke maal wat hy sy amp of bevel oorhandig, moet al daardie dokumente, ens., ook oorhandig word. Die offisier, wat hom in die amp of bevel opvolg, moet dan die lys daarmee vergelyk en 'n ontvangsbewys daarvoor gee. As ontdek word dat daar iets ontbreek, moet die omstandighede dadelik aan die H.G.S. gerapporteer word en hy sal dan behoorlik ondersoek laat instel en sulke disiplinêre stappe neem as wat onder die omstandighede nodig is.

17. Books, documents, and maps, including those marked "For official use only," issued for the Public Service will be dealt with, as regards custody and handing over, in a similar manner to that laid down in the preceding paragraph.

Issue of Textbooks.

18. All ranks will be supplied (free of charge for first issue only, unless worn out by fair wear and tear, or lost or destroyed through no fault of the holder) with the latest editions of such training and other manuals as are necessary for the proper performance of their duties, according to scales approved by the C.G.S.

19. A member to whom a textbook has been issued free of charge, which has been lost or destroyed through his fault, shall take immediate steps to have it replaced on payment. On kit inspection, all such books must be shown.

Orders.

20. General Orders will be issued by the Minister over the signature of the C.G.S., as may be required.

21. S.A.P.F. Orders will be issued by the Minister over the signature of the C.G.S., as may be required.

22. Station (Command) Orders will be issued by the O.C., as may be required.

23. Unit or Corps Orders will be issued by the O.C., as may be required.

24. Standing Orders relating to the Force, or any portion thereof, may be issued as required by the C.G.S.

25. Standing Orders relating to a unit or corps may be issued as required with the approval of the C.G.S.

26. Unit or Corps Orders will be divided into three parts, as follows:—

Part I will deal with training, manoeuvres, parades, and matters which do not affect a member's pay, service, or documents;
Part II with matters which affect a member's pay, service, or documents;
Part III with matters of a technical nature where necessary.

27. Unit or Corps Orders will be numbered consecutively, commencing on the 1st January of each year, and each paragraph will be given a letter or sub-number.

28. Unit or Corps Orders shall be posted up in a conspicuous position in a convenient place to which the soldier has full access, and all soldiers should be encouraged by their officers and non-commissioned officers to read and assimilate them as issued. Wherever possible, such orders will be read out on parade.

Records.

29. The A.G. will maintain records of the personal particulars and services of all officers. Officers' medical histories will be kept at the headquarters of the unit or corps in which they are serving.

30. The form of engagement of each soldier will be completed in duplicate; one copy (duplicate) will be permanently kept in the office of the A.G., and the other (original attestation) held at the headquarters of the unit or corps in which the man is serving. Attesting officers will take special care that the form is filled in clearly and completely.

31. A soldier when attested will receive a Force number, which will be allotted by the A.G. In all documents relating to a soldier, this number will precede his name. The number will not be changed as long as he remains in the Force unless a new system of numbering should be introduced. If a soldier desert, is discharged, or die, his number will not be given to any other soldier. A soldier promoted to warrant rank will retain his number.

32. The following documents will be attached to the duplicate attestation:—

(i) Authority for engagement, if necessary;
(ii) previous documents in the case of a man re-engaged after a break in service. (Medical history-sheet to be detached and sent to Commanding Officer for attachment to new duplicate attestation);
(iii) proceedings of any court of inquiry on injuries sustained or on report "missing" while on active service;
(iv) declaration of change of name or any other similar document relating to the soldier;
(v) the soldier's will.*

33. The following documents will be maintained with the original attestation:—

(i) Regimental conduct-sheet;
(ii) squadron, etc., conduct-sheet;
(iii) medical history-sheet;
(iv) employment-sheet;
(v) railway concession certificate, record of.

34. Every circumstance affecting a soldier, published in Part II of unit orders, will be entered immediately on Form P.F. 1 (Form of Attestation and Service Record), where columns are provided for the purpose, the original of which is kept by the C.O., and a copy by the A.G. (Records Branch).

35. On discharge, the original attestation and attached documents will be sent to the A.G., when the military history-sheets (original and duplicate) shall be checked together. If any discrepancy between them be discovered, it shall be investigated forthwith and the erroneous copy duly rectified.

* The importance of making a will is not sufficiently realized by soldiers. C.O.'s will, therefore, urge upon all troops the importance of executing their wills, especially before proceeding on active service, but a soldier cannot be compelled to make his will. All wills should be duly witnessed, although this formality is not essential in the case of wills executed by soldiers on active service. All wills executed by soldiers will be secured in sealed envelopes and transmitted by their C.O. to the A.G. for safe custody.

17. Met boeke, dokumente en kaarte (met inbegrip van die wat gemerk is "Net vir offisiële gebruik") uitgereik vir die Staatsdiens, moet, wat betref bewaring en oorhandiging, gehandel word net soos in die voorgaande paragraaf bepaal.

Uitreiking van Handboeke.

18. Alle range moet, ooreenkomstig die skale soos goedgekeur deur die H.G.S., voorsien word van die jongste uitgawes van die oefenings- en ander handboeke wat nodig is vir die behoorlike uitvoering van hul pligte. Net die eerste uitreiking is kosteloos, tensy bedoelde boeke op die gewone manier verslyt is, of verloor of vernietig is sonder skuld van die houer daarvan.

19. As aan 'n lid 'n handboek kosteloos uitgereik is wat deur sy eie skuld verloor of vernietig is, moet hy dadelik stappe neem om 'n ander in die plek daarvan te laat stel teen betaling. By inspeksie van uitrusting moet al sulke boeke getoon word.

Orders.

20. Generale Orders word, na gelang vereis word, deur die Minister uitgereik en deur die H.G.S. onderteken.

21. S.A.S.M. Orders word, na gelang vereis word, deur die Minister uitgereik en deur die H.G.S. onderteken.

22. Standplaas- (Leërplaas-) orders word, na gelang vereis word, deur die B.O. uitgereik.

23. Eenheids- of Korpsorders word, na gelang vereis word, deur die B.O. uitgereik.

24. Staande Orders in verband met die Mag of enige gedeelte daarvan kan, na gelang vereis word, deur die H.G.S. uitgereik word.

25. Staande Orders in verband met 'n eenheid of korps kan, na gelang vereis word, met die goedkeuring van die H.G.S. uitgereik word.

26. Eenheids- of Korpsorders word verdeel, soos volg:—

Deel I handel oor oefening, maneuwers, parades en sake wat nie op 'n lid se soldy, diens of dokumente betrekking het nie.
Deel II handel oor sake wat op 'n lid se soldy, diens of dokumente betrekking het.
Deel III handel oor sake van tegniese aard, as dit nodig is.

27. Eenheids- of Korpsorders word genommer met volgnommers wat begin op die 1ste Januarie van elke jaar. Aan elke paragraaf word 'n letter of sub-nommer gegee.

28. Eenheids- of Korpsorders moet op 'n gerieflike plek aangeplak word waar dit goed gesien kan word en waartoe die soldaat volle toegang het. Alle soldate moet deur hul offisiere en onderoffisiere aangemoedig word om hierdie orders, na gelang hulle uitgereik word, te lees en te onthou. Waar dit moontlik is moet die orders op parade voorgelees word.

Registers.

29. Die A.G. moet registers hou van die persoonlike besonderhede en dienste van alle offisiere. Geneeskundige state van offisiere moet by die hoofkwartier van die eenheid of korps waarby hulle dien, gehou word.

30. Die vorm van diensneming van elke soldaat moet in duplikaat ingevul word. Een afskrif (duplikaat) moet permanent in die kantoor van die A.G. gehou word en die ander een (origenele attestasie) moet by die hoofkwartier van die eenheid of korps waarby die man dien, gehou word. Attesterende offisiere moet goed daarvoor sorg dat die vorm duidelik en kompleet ingevul word.

31. As 'n soldaat geattesteer is, kry hy 'n Magnommer wat deur die A.G. toegewys word. Hierdie nommer moet voor die naam van die soldaat geplaas word in alle dokumente wat op hom betrekking het. Solank as die soldaat in die Mag bly, moet hierdie nommer nie verander word nie tensy 'n nuwe stelsel van nommering ingevoer word. As 'n soldaat deserteer, ontslaan word, of sterf, moet sy nommer nie aan 'n ander soldaat gegee word nie. 'n Soldaat wat tot die rang van adjudant-onderoffisier bevorder is, behou sy nommer.

32. Die volgende dokumente moet aan die duplikaat-attestasie geheg word:—

(i) Magtiging vir diensneming, as dit nodig is;
(ii) vroeëre dokumente in die geval van 'n man wat na 'n onderbreking van diens weer in diens geneem word. Die geneeskundige staat moet afgehaal en aan die B.O. gestuur word om aan die nuwe duplikaat-attestasie geheg te word;
(iii) notule van enige hof van ondersoek, in verband met letsels veroorsaak, of 'n rapport van "vermis" terwyl op aktiewe diens;
(iv) verklaring in verband met verandering van naam of 'n ander dergelike dokument met betrekking tot die soldaat;
(v) die soldaat se testament.*

33. Die volgende dokumente moet by die originele attestasie gehou word:—

(i) Resjiments-gedragstaat;
(ii) eskadrons- (ens.) gedragstaat;
(iii) geneeskundige staat;
(iv) werkstaat;
(v) opgaaf van spoorweg-konsessiesertifikate.

34. Elke omstandigheid wat 'n soldaat raak, soos gepubliseer in Deel II van eenheidsorders moet dadelik op Vorm P.F. 1 (vorm van attestasie en opgaaf van diens) aangeteken word in die kolomme wat daarvoor bestem is. Die origineel word deur die B.O. en 'n duplikaat deur die A.G. (Afdeling Registers) gehou.

35. By ontslag word die originele attestasie en aangehegte dokumente na die A.G. gestuur en dan word die militêre dienstate (origineel en duplikaat) met mekaar vergelyk. As daar 'n verskil tussen hulle ontdek word, moet dit dadelik ondersoek en die foutiewe eksemplaar behoorlik reggemaak word.

*Dit word nie deur soldate genoeg ingesien hoe belangrik dit is om 'n testament te maak nie. Bevelvoerende offisiere moet dus alle troepe met nadruk daarop wys hoe belangrik dit is om hul testamente te maak, veral voor hul op aktiewe diens gaan; maar 'n soldaat kan nie gedwing word om sy testament te maak nie. Alle testamente moet ook deur getuies geteken word, hoewel hierdie formaliteit nie 'n absolute vereiste is in die geval van testamente wat deur soldate op aktiewe diens gemaak word nie. Alle testamente deur soldate gemaak, moet deur hul B.O. in verseëlde koeverte aan die A.G. gestuur word vir veilige bewaring.

36. Any alteration recorded at the soldier's unit or corps headquarters in regard to his next-of-kin will be entered on the military history-sheet (original copy) and reflected in unit orders.

37. C.O.'s will ensure that the medical history-sheet for each member contains full particulars as to his number, name, rank, unit or corps, age, and length of service, and that the following particulars are entered:—

(i) Admissions to and discharge from hospital;

(ii) wounds or injuries received, with date of court of inquiry in remarks column;

(iii) any illness of a member not treated in hospital but who receives medical treatment for more than one day;

(iv) vaccination, inoculation, and dental treatment.

38. C.O.'s will ensure that an employment-sheet is kept for each member under his command. The employment-sheet is intended to be a guide to the capabilities and qualifications of a soldier for employment in civil life, but is not to refer to the soldier's military character, which is recorded in his conduct-sheet.

39. The employment-sheet is to be referred to by the unit commander in assessing in testimonial form the soldier's character when he leaves the service, therefore it is important that anything concerning the soldier which can possibly be of assistance in assessing his capabilities and qualifications must be recorded therein as it occurs. For this reason the trade qualifications of a soldier in a technical corps, together with any improvement or deterioration of qualifications, the extent to which a soldier has been employed at his trade, and the manner in which he has carried out his work, are to be recorded.

40. The capabilities and qualifications of each soldier will be summed up and recorded on the employment-sheet annually before 1st April, and whenever a soldier is transferred to another unit. This summary is to indicate the soldier's merits, and if necessary his defects, under such heads as industry, energy, cleanliness, trustworthiness, intelligence, initiative, self-reliance, capacity for continuous hard work, educational standard, etc. Special mention will be made of any trade or occupation which is likely to be of use to the soldier in civil life. After each summary is completed, it will be read to the soldier, who, if dissatisfied, will be given an opportunity of appealing to his C.O. The opportunity thus afforded will be used to warn a soldier who is deteriorating of the serious consequences which unfavourable entries will have on his prospects after leaving the Force.

Regimental Conduct-Sheets.

41. Regimental conduct-sheets will be kept as confidential documents *in every unit and corps for officers therein serving* who have been convicted by court martial or awarded a summary punishment by a general officer. Entries will be made as detailed in paragraph 43. If an officer who has been convicted by court-martial or awarded a summary punishment by a general officer is transferred or posted to another unit or corps, the sheet will be sent to his new C.O.

42. A regimental conduct-sheet will be made out for every soldier. The regimental conduct-sheets of warrant officers and N.C.O.'s not below the rank of staff sergeant will be kept as confidential documents; those of other soldiers will be kept with their other documents.

43. The following entries will be made in the regimental conduct-sheets in accordance with the subjoined instructions:—

(i) *Every conviction by court martial*, whether the sentence is wholly remitted or not; but no entry will be made of any charge upon which a finding of "not guilty" has been recorded.

The "statement" of the charge as set forth in Rule 11, Rules of Procedure, U.M.D.C., is to be entered. In cases where the "statement" does not disclose the full nature of an offence, such as charges under sections 11 and 40 of the U.M.D.C., the purport of the "particulars" will be added, thus:—

"Neglecting to obey garrison orders—bathing in the river at a prohibited hour"; or

"Conduct to the prejudice of good order and military discipline—alcoholism."

When the charge is under section 19, and the particulars show that the offence was committed when on duty or after having been warned for duty, the entry in the conduct-sheet should be—

"Drunkenness—on duty"; or

"Drunkenness—having been warned for duty."

The original sentence, together with any alteration or revision or variation by the confirming officer, is to be recorded in the column "Punishment awarded."

The date of the original sentence is to be recorded in the column "Date of award," with the word "confirmed" and the date of confirmation immediately below it.

A finding of "guilty" need not be entered, but where the accused is found guilty of a cognate charge or the finding has been altered on revision, such alteration will be recorded in the column "punishment awarded."

When the record of a court martial is ordered to be removed, the entry of the conviction is to be erased, and the authority quoted.

(ii) *Every case of desertion or fraudulent enlistment in which trial has been dispensed with.*—The authority to be quoted and the date of the order to be entered.

(iii) *Every conviction by a court of criminal jurisdiction.*—When the sentence of the court is a fine, and the offender has not undergone imprisonment in default of payment, the C.O. may, if he thinks a regimental entry of the conviction should not be made, represent the case to the A.G. for decision as to whether entry shall or shall not be made.

36. Enige verandering wat by die hoofkwartier van die soldaat se eenheid of korps aangeteken word in verband met sy naasbestaande moet op sy militêre diensstaat (die origineel) aangeteken en in die eenheidsorders vermeld word.

37. Bevelvoerende offisiere moet sorg dat die geneeskundige staat van elke lid volledige besonderhede bevat wat betref sy nommer, naam, rang, eenheid of korps, sy ouderdom en die tyd wat hy gedien het, en dat die volgende besonderhede aangeteken word:—

(i) Opneming in en ontslag uit die hospitaal;

(ii) wonde en letsels wat hy opgedoen het met vermelding van die datum van die sitting van die hof van ondersoek in die aanmerkinge-kolom;

(iii) enige siekte van 'n lid wat nie in die hospitaal behandel word nie, maar wat geneeskundige behandeling vir meer as een dag ontvang;

(iv) inenting, inspuiting en tandheelkundige behandeling.

38. Bevelvoerende offisiere moet sorg dat vir elke lid onder hul bevel 'n werkstaat gehou word. Die werkstaat is bedoel om aan te duie watter bekwaamheid en kwalifikasies die soldaat besit vir werk in die burgerlike lewe, maar moet nie melding maak nie van die soldaat se militêre karakter, want dit word in sy gedragstaat aangeteken.

39. Van die werkstaat moet deur die bevelvoerder van die eenheid gebruik gemaak word as hy die soldaat se karakter, by verlating van die diens, in die vorm van 'n getuigskrif klassifiseer. Dit is dus van belang dat enige aangeleentheid in verband met die soldaat, wat moontlik tot hulp sal wees om te bepaal wat sy bekwaamheid en kwalifikasies is, op die werkstaat aangeteken moet word na gelang dit voorkom. Om hierdie rede moet daar aantekening gehou word van die vak-kwalifikasies van 'n soldaat in 'n tegniese korps; ook van enige verbetering of agteruitgang van kwalifikasies; tot watter mate 'n soldaat in sy vak werksaam was; en die manier waarop hy sy werk uitgevoer het.

40. Die bekwaamheid en kwalifikasies van elke soldaat moet jaarliks voor die 1ste April opgesom en op die werkstaat aangeteken word en ook as 'n soldaat na 'n ander eenheid oorgeplaas word. Hierdie opsomming moet die soldaat se verdienste en, as dit nodig is, sy tekortkominge aantoon onder sulke hoofde as vlyt, werkkrag, sindelikheid, betroubaarheid, vernuft, selfstandigheid, selfvertroue, vermoë om aanhoudend hard te werk, skoolkennis, ens. Van enige ambag of beroep wat die soldaat waarskynlik tot nut sal wees in die burgerlike lewe moet spesiaal melding gemaak word. Elke opsomming moet, nadat dit voltooi is, aan die soldaat voorgelees word en as hy ontevrede is daarmee moet hy in die geleentheid gestel word om hom op sy B.O. te beroep. In geval van die agteruitgang van 'n soldaat moet van daardie geleentheid gebruik gemaak word om hom te wys op die nadelige invloed wat ongunstige aantekeninge sal hê op sy vooruitsigte nadat hy die Mag verlaat.

Resjiments-gedragstate.

41. Regjiments-gedragstate moet, as konfidensiële dokumente, *in elke eenheid of korps vir offisiere wat daarin dien*, gehou word as hulle deur 'n krygsraad veroordeel of deur 'n opperoffisier summier gestraf is. Aantekeninge moet, ooreenkomstig paragraaf 43, gemaak word. As 'n offisier wat deur 'n krygsraad veroordeel of deur 'n opperoffisier summier gestraf is, na 'n ander eenheid of korps oorgeplaas of daarby ingedeel word, moet die gedragstaat aan sy nuwe B.O. gestuur word.

42. Vir elke soldaat moet 'n resjiments-gedragstaat opgemaak word. Die resjiments-gedragstate van adjudant-onderoffisiere en onderoffisiere, wat nie onder die rang van stafsersant is nie, word as konfidensiële dokumente gehou; die van ander soldate word by hul ander dokumente gehou.

43. Die volgende aantekeninge moet ooreenkomstig onderstaande instruksies in die resjiments-gedragstate gemaak word:—

(i) *Elke veroordeling deur 'n krygsraad*, hetsy die vonnis in sy geheel kwytgeskel is of nie; maar van 'n beskuldiging waarop 'n uitspraak van "onskuldig" gevolg het, word geen aantekening gemaak nie.

Die "opgawe" van die aanklag soos aangegee in Reël 11, Reëls van Prosedure, U.M.R.D., moet aangeteken word. In gevalle waar die volle aard van 'n oortreding nie uit die "opgawe" blyk nie, soos aanklagte onder seksies 11 en 40 van die U.M.R.D., moet in beknopte vorm die "besonderhede" toegevoeg word op die volgende manier:—

"Versuim om garnisoensorders te gehoorsaam—in die rivier, baai op 'n verbode tyd"; of

"gedrag tot nadeel van die goeie orde en militêre disipliene—misbruik van drank."

As die aanklag onder seksie 19 is en uit die besonderhede blyk dat die oortreding deur die soldaat op diens begaan is nadat hy vir diens aangesê is, moet die aantekening in die gedragstaat wees—

"Dronkenskap—op diens"; of

"Dronkenskap—na hy vir diens aangesê is."

Die oorspronklike vonnis, te same met enige verandering of hersiening of wysiging deur die bekragtigende offisier, moet in die kolom "straf opgelê" aangeteken word.

Die datum van die oorspronklike vonnis moet in die kolom "datum van oplê van straf" aangeteken word met die woord "bekragtig" en die datum van bekragtiging onmiddellik daaronder.

'n Uitspraak van "skuldig" hoef nie aangeteken te word nie, maar as die beskuldigde skuldig verklaar is aan 'n verwante aanklag, of die uitspraak by hersiening verander is, moet die verandering in die kolom "straf opgelê" aangeteken word.

As daar las gegee word om die notule van 'n krygsraad te skrap, moet die aantekening van die veroordeling deurgehaal en die magtiging vermeld word.

(ii) *Elke geval van desersie of bedrieglike diensneming waar van formele beregting afgesien is.* Die magtiging moet vermeld en die datum van die order aangeteken word.

(iii) *Elke veroordeling deur 'n hof met jurisdiksie in kriminele sake.* As die vonnis van die hof 'n boete is en die oortreder nie gevangenisstraf by wanbetaling ondergaan het nie, kan die B.O., as hy dink dat 'n resjimentsaantekening van die veroordeling nie moet gemaak word nie, die saak aan die A.G. voorlê om te beslis of die aantekening gemaak moet word of nie.

If it is ordered that entry is not to be made, the case will not be treated as a previous conviction on a trial by court martial.

Convictions by the civil power, whether before or after enlistment, for offences committed prior to enlistment, are not to be entered or given in evidence against a soldier on a trial by court martial. Conviction for offences, committed in civil life while in a state of desertion, are to be entered and given in evidence before court martial as previous conviction.

Certified copies of all convictions by the civil power will be annexed to the soldier's regimental conduct-sheet. When the imprisonment awarded for any such conviction exceeds seven days, the certified record will be produced in evidence in the same manner as a former conviction by court martial. When the imprisonment is for seven days or under, the conviction is to be treated as an ordinary entry in the regimental conduct-sheet with regard to the forfeiture of good conduct badges.

(iv) *Every case in which a soldier has been bound over by a court, or given a suspended sentence, or ordered to appear for conviction or judgment, if called upon, or in which the charge has been dismissed but the soldier has been ordered to pay costs.* In any case where the C.O. is of opinion that a regimental entry should not be made, he may represent the case for decision of the A.G., whether entry shall or shall not be made.

When a regimental entry has been made, a certified copy of the order of the court will be annexed to the soldier's regimental conduct-sheet.

(v) *Every severe reprimand of a N.C.O.*

(vi) *Every case of reduction of a N.C.O. to a lower grade, or to the ranks, or deprivation of lance stripe, or acting rank for an offence, but not for inefficiency.*

(vii) *Every award of detention by the C.O.*

(viii) *Every award of field punishment by the C.O.* (on active service only).

(ix) *Every award by the C.O. of forfeiture of pay* (on active service only).

(x) *Confinement to barracks exceeding seven days.*

When deprivation of pay, under regulation No. 57 of the regulations under Chapter VII of the Act, is awarded as an alternative to C.B., the equivalent number of days C.B. must be entered on the conduct-sheet and not the amount or number of days' pay the soldier is deprived of.

(xi) *Every instance of drunkenness.*

(xii) *Every remission, commutation, or mitigation of a sentence, whether such sentence was awarded by a court martial or otherwise,* shall be entered in the remarks column, quoting date and authority.

44. (i) Each entry will be initialed by the C.O., or adjutant, in the column for remarks. The signature in full will be appended to court martial entries.

(ii) Vague entries, such as "improper conduct," are to be avoided.

(iii) The following abbreviations, etc., are to be used: —

Confinement to barracks—C.B.
Imprisonment with hard labour—Impt.H.L.
Detention—Detn.
Penal servitude—P.S.
Deprived of lance stripe—Depd.Lce.Stripe.

(iv) Forfeiture of pay, proficiency pay, service pay, or good conduct badge, is to be noted under the head of "remarks," as—

Forfeits.....days' pay; or,

(v) A specimen regimental conduct-sheet will be kept in the office of every officer entitled to award regimental entry.

45. If a conduct-sheet is lost, the C.O. will assemble a court of inquiry to investigate the circumstances and obtain evidence as to the entries contained in the lost sheet. The C.O. will then cause a new sheet to be drawn up and substituted for the lost sheet, an entry in rek ink, "substituted for original, lost," with date and C.O.'s signature, being made in front of "number of sheet."

46. When a unit proceeds on active service, all regimental conduct-sheet will be forward to the officer in charge of records. At the conclusion of the campaign, or when a soldier returns, the regimental conduct-sheet will be completed from the entries made in the field conduct-sheet.

Squadron, Battery, and Company Conduct-Sheets.

47. A squadron conduct-sheet for each soldier under the rank of staff sergeant will be kept in a guard-book and will be retained in the custody of the squadron, etc., commander, under lock and key. The guard-book will also contain a specimen conduct-sheet for guidance in making entries, together with an alphabetical list of soldiers on the strength of, or attached to, the squadron, etc. Should a sheet be temporarily withdrawn, the date and reason for such withdrawal will invariably be noted in pencil against the soldier's name on the list.

48. An entry will be made in the squadron, etc., conduct-sheet of every award of punishment against the soldier, by whomsoever made, except that offences exempt from insertion under paragraph 43 (iii) and (iv) or under rule (iv), paragraph 49, will not be entered.

49. The following rules for keeping squadron, etc., conduct-sheets will be observed: —

(i) The heading of each sheet will be filled in.

(ii) The same rules will be observed as are laid down for regimental conduct-sheet in paragraphs 43 and 44.

(iii) The officer who makes an entry will initial it in the last column,

As dit gelas word dat geen aantekening gemaak moet word nie, moet die saak nie, by beregting deur 'n krygsraad, as 'n vroeëre veroordeling beskou word nie.

Veroordeling deur die burgerlike overheid, hetsy voor of na diensneming, weëns oortredinge voor diensneming begaan, moet nie aangeteken word nie, en ook nie as getuienis teen 'n soldaat by 'n beregting deur 'n krygsraad, aangevoer word nie.

Veroordeling deur die burgerlike owerheid, hetsy voor gedurende dersersie begaan, moet aangeteken word en voor 'n krygsraad as getuienis van 'n vroeëre veroordeling aangevoer word.

Gesertifiseerde afskrifte van alle veroordelinge deur die burgerlike owerheid moet aan die soldaat se resjiments-gedragstaat geheg word. As die gevangenisstraf vir so 'n veroordeling opgelê meer was as sewe dae moet die gesertifiseerde notule as getuienis ingedien word net soos 'n vroeëre veroordeling deur 'n krygsraad. As die gevangenisstraf vir sewe dae of minder is, moet die veroordeling beskou word as 'n gewone aantekening in die resjiments-gedragstaat wat betref die verbeuring van onderskeidingstekens vir goeie gedrag.

(iv) *Elke geval waar 'n soldaat deur 'n hof 'n verbod opgelê is of waar 'n soldaat 'n opgeskorte vonnis gekry het of gelas is om, as hy aangesê word, vir veroordeling of vonnis te verskyn, of waar die aanklag van die hand gewys is maar die soldaat gelas is om die koste te betaal.* In enige geval waar die B.O. van oordeel is dat 'n resjimentsaantekening nie gemaak moet word nie kan hy die geval aan die A.G. voorlê om te beslis of 'n aantekening gemaak moet word of nie.

As daar 'n resjimentsaantekening gemaak is, moet 'n gesertifiseerde afskrif van die order van die hof aan die soldaat se resjiments-gedragstaat geheg word.

(v) *Elke ernstige berisping van 'n onderoffisier.*

(vi) *Elke geval van terugsetting van 'n onderoffisier na 'n laer graad of na die geledere, of ontneming van die streep van 'n ondersersant, onderkorporaal, ens., of waarnemende rang, weëns 'n oortreding, maar nie weëns onbekwaamheid nie.*

(vii) *Elke toewysing van detensie deur die B.O.*

(viii) *Elke toewysing van veldstraf deur die B.O.* (net op aktiewe diens).

(ix) *Elke toewysing deur die B.O. van verbeuring van soldy* (net op aktiewe diens).

(x) *Kaserne-arrest vir meer as sewe dae.*

As ontneming van soldy, onder regulasie 57 van die regulasies onder Hoofstuk VII van die Wet, in stede van kaserne-arrest toegewys is, moet op die gedragstaat die ekwiwalente aantal dae kasere-arrest aangeteken word en nie die bedrag of die aantal dae waarvoor soldy van die soldaat ontneem is nie.

(xi) Elke geval van dronkenskap.

(xii) Elke kwytskelding, verwisseling of versagting van 'n vonnis, hetsy die vonnis deur 'n krygsraad of ander outoriteit opgelê is, moet in die aanmerkinge-kolom aangeteken word met vermelding van die datum en die magtiging.

44. (i) Elke aantekening moet deur die B.O. of die adjudant, met die voorletters in die aanmerkinge-kolom geteken word. Aantekeninge omtrent krygsrade moet met die volle handtekening onderteken word.

(ii) Vage aantekeninge soos "onbehoorlike gedrag" moet nie gemaak word nie.

(iii) Die volgende afkortinge, ens., moet gebruik word: —

Kaserne-arrest—K.A.
Gevangenisstraf met harde arbeid—G.H.A.
Detensie—Det.
Dwangarbeid—D.A.
Ontneming van ondersersant-, onderkorporaal-, ens., strepe —Ontn.onderser.ens.strepe.

(iv) Verbeuring van soldy of van bekwaamheidssoldy, diens-soldy of van onderskeidingsteken vir goeie gedrag moet onder die hoof "aanmerkinge" aangegee word soos volg: —

Verbeur soldy vir.....dae; of

(v) 'n Vorm van die resjiments-gedragstaat moet in die kantoor van elke offisier wat die reg het om 'n resjiments-aantekening te gelas, gehou word.

45. As 'n gedragstaat verloor is, moet die B.O. 'n hof van ondersoek byeroep om die omstandighede na te gaan en getuienis te verkry in verband met die aantekeninge in die verlore staat. Die B.O. moet dan 'n nuwe staat laat opmaak om in die plek van die verlore een te stel en dan word, voor "nommer van gedragstaat," die volgende aantekeninge met rooi ink gemaak, nl., "In die plaas gestel van origineel wat verloor is," met die datum en die B.O. se handtekening daarby.

46. As 'n eenheid op aktiewe diens gaan, moet alle resjiments-gedragstate aan die register-offisier gestuur word. As die veldtog afgeloop is, of as die soldaat terugkeer, moet die aantekeninge uit die veld-gedragstaat op die resjiments-gedragstaat oorgedra word.

Eskadrons-, Battery- en Kompanjie-Gedragstate.

47. 'n Eskadrons-gedragstaat vir elke soldaat onder die rang van stafsersant moet in die wagboek gehou word en in die bewaring van die bevelvoerder van die eskadron, ens., agter slot gehou word. Die wagboek moet ook 'n vorm van die gedragstaat bevat om aan te toon hoe aantekeninge gemaak moet word, met 'n alfabetiese naamlys daarby van soldate op die sterkte van of toegevoeg aan die eskadron, ens. As 'n blad tydelik uitgeneem word moet die datum wanneer en die rede waarom dit uitgeneem is altyd in potlood teen die soldaat se naam op die lys aangeteken word.

48. In die eskadrons- (ens.) gedragstate moet aantekening gemaak word van elke straf wat 'n soldaat opgelê is, deur wie ook, met hierdie uitsondering egter dat oortredinge wat onder paragraaf 43 (iii) en (iv) of onder reël (iv), paragraaf 49, uitgesluit is, nie moet aangeteken word nie.

49. Die volgende reëls in verband met die hou van eskadrons-(ens.) gedragstate moet gevolg word: —

(i) Die hoof van elke staat moet ingevul word.

(ii) Dieselfde reëls as die wat voorgeskryf is vir resjiments-gedragstate in paragrawe 43 en 44 moet gevolg word.

(iii) Die offisier wat die aantekening maak moet dit in die laaste kolom met sy voorletters teken.

(iv) The squadron, etc., commander will record therein every offence committed by soldiers for which punishment has been awarded, except offences (other than drunkenness or those involving forfeiture of pay) for which confinement to barracks for one day, or its equivalent punishment on board ship, or one extra guard or piquet has been awarded. Admonition will not be entered except in cases of drunkenness and in those involving forfeiture of pay.

(v) Every act of drunkenness committed by a soldier is to be entered in black ink, and numbered consecutively, in red ink, in the column set apart for that purpose.

(vi) Every case of admission to hospital on account of alcoholism duly certified by a medical officer, whether it has been dealt with as an offence or not, is to be entered in red ink, unless the soldier has been tried on a charge based upon the same facts and acquitted.

(vii) All entries in the squadron, etc., conduct-sheets will be compared frequently by the C.O. or an officer deputed by him with the awards recorded in the guard reports and minor offence reports.

50. In the case of a sheet being lost, the procedure laid down in paragraph 45 will be followed.

51. On promotion to staff sergeant or any higher rank, any entries in the squadron, etc., conduct-sheet such as those mentioned in paragraph 56 will, for purposes of assessment of character, application for good conduct medal, etc., be transferred to the regimental conduct-sheet in red ink, with a note that these entries do not count as regimental entries. If there are no such entries to be transferred, the fact will be noted on the regimental conduct-sheet in red ink. The squadron, etc., conduct-sheet will then be destroyed.

52. The squadron, etc., conduct-sheet of a soldier will be destroyed on his discharge. A record of such entries as are referred to in paragraph 56 will, however, be made on a fresh sheet and placed with the discharge documents, and those entries and entries in the regimental conduct-sheet will alone be taken into account in assessing a soldier's character. If there are no such entries, the fact will be noted on the regimental conduct-sheet in red ink.

53. It will also, if containing any entries, be destroyed, and a blank one substituted—

(i) on completion of six months from the date of his attestation;

(ii) after every continuous period of two years during which he shall not have incurred an entry in his squadron, etc., sheet;

(iii) on attaining the rank of sergeant.

54. When a new sheet is taken into use, an entry, signed by the squadron, etc., commander, will be made at the top of the sheet, "sheet destroyed (date); last entry (date);* number of cases of drunkenness (date of last instance)."

55. Before destroying squadron, etc., conduct-sheets, the headings on the new sheet will be compared. The entries in the regimental sheets will be checked and completed.

56. Entries in the squadron conduct-sheets of deprivation of lance stripe or severe reprimands of N.C.O.'s, of admission to hospital for alcoholism, and of cases of drunkenness, which under previous regulations have not been reckoned as regimental entries, are not to be transferred to the regimental conduct-sheets. They are to be copied into successive new squadron, etc., conduct-sheets, and will be taken into account in the assessment of the soldier's character.

57. When a soldier proceeds on active service, his squadron conduct-sheet will be forwarded with his other documents to the officer in charge records. At the conclusion of the campaign, or when a soldier returns, the squadron conduct-sheet will be completed, from the entries made by the unit in the field, in the field conduct-sheet.

Field Conduct-Book.

58. A field conduct-sheet will be held in peace by the squadron, etc., commander for every serving soldier.

59. On active service all entries of offences and every case of a sentence being suspended, or a suspended sentence being remitted or put into execution, will be made in the field conduct-book, except that in the case of N.C.O.'s of the rank of staff sergeant and upwards, regimental entries only will be recorded. If necessary, field conduct-sheets will be prepared for officers and warrant officers (see paragraph 41). Every entry in the field conduct-book will be initaled by the officer making it.

60. The book will contain a nominal list of the men of the squadron, etc., with an assessment by the squadron, etc., commander of their respective characters at the commencement of the campaign, number of cases of drunkenness, with date of last instance, etc.

61. If a man be transferred, while in the field, to another unit or corps, it will be sufficient if he be accompanied by a memorandum showing an assessment of his character up to date of transfer, and the total number of cases of drunkenness recorded against him, with the date of last entry.

62. If the character is not satisfactory, a short explanatory note may be added, e.g.:—

No..... Private....., previous cases of drunkenness....., last case....., last offence.....
Character, bad. Insubordinate.

63. At the conclusion of a campaign, or when a soldier dies or returns, his field conduct-sheet will be forwarded to the officer in charge records.

*The date to be entered will be the date of award, or, in the case of imprisonment or detention, the date of return to duty.

(iv) Die eskadrons- (ens.) bevelvoerder moet daarin aantekening maak van elke oortreding deur soldate begaan waarvoor straf opgelê is, behalwe oortredinge (met uitsondering egter van gevalle van dronkenskap en oortredinge wat soldyverbeuring as gevolg het) waarvoor kasernearrest vir een dag, of 'n gelykstaande straf aan boord skip, of een ekstra wag- of skildwag-beurt opgelê is. 'n Vermaning moet nie aangeteken word nie, behalwe in gevalle van dronkenskap en in die wat soldyverbeuring as gevolg het.

(v) Elke maal wat 'n soldaat hom skuldig maak aan dronkenskap moet dit met swart ink aangeteken word en in volgorde in die kolom wat daarvoor bestem is, met rooi ink genommer word.

(vi) Elke geval van opneming in die hospitaal weëns misbruik van drank, behoorlik gesertifiseer deur 'n offisier-geneeskundige, hetsy dit as 'n oortreding behandel is of nie, moet met rooi ink aangeteken word, tensy die soldaat in verhoor geneem is op 'n aanklag gebaseer op dieselfde feite en vrygespreek is.

(vii) Alle aantekeninge in die eskadrons- (ens.) gedragstate moet dikwels deur die B.O., of 'n offisier deur hom aangestel, vergelyk word met die strawwe soos aangeteken in die wagrapporte en rapporte van geringe oortredinge.

50. In geval 'n gedragstaat verloor is moet gehandel word soos voorgeskryf in paragraaf 45.

51. By bevordering tot stafsersant of hoër rang moet enige aantekeninge in die eskadrons- (ens.) gedragstaat, soos die wat in paragraaf 56 vermeld is, vir die doel van klassifikasie van karakter, aansoek om medaljie vir goeie gedrag, ens., met rooi ink op die resjiments-gedragstaat oorgebring word met 'n noot daarby dat hierdie aantekeninge nie as resjiments-aantekeninge tel nie. As daar geen aantekeinge is wat oorgebring moet word nie moet die feit in die resjiments-gedragstaat met rooi ink aangeteken word. Die eskadrons- (ens.) gedragstaat word dan vernietig.

52. Die eskadrons- (ens.) gedragstaat van 'n soldaat moet by sy ontslag vernietig word. Die aantekeninge wat in paragraaf 56 vermeld is, moet egter op 'n nuwe gedragstaat opgegee en by die ontslagpapiere gevoeg word. Net daardie aantekeninge en aantekeninge in die resjiments-gedragstaat moet in aanmerking geneem word as 'n soldaat se gedrag geklassifiseer word. As daar nie sulke aantekeninge is nie, moet die feit in die resjiments-gedragstate met rooi ink vermeld word.

53. Die eskadrons- (ens.) gedragstaat moet ook, as daar enige aantekeninge op voorkom, vernietig word en deur 'n nuwe een vervang word—

(i) na voltooiing van ses maande diens van die datum van attestasie af;

(ii) na elke onafgebroke tydperk van twee jaar waarin geen aantekening teen hom in sy eskadrons- (ens.) gedragstaat voorkom nie;

(iii) by bereiking van die rang van sersant.

54. As 'n nuwe gedragstaat in gebruik geneem word, moet 'n aantekening, geteken deur die bevelvoerder van die eskadron, ens., bo aan die gedragstaat gemaak word, soos volg: "Gedragstaat vernietig (datum); laaste aantekening (datum)*; aantal gevalle van dronkenskap (datum van laatste geval)."

55. Voor die eskadrons- (ens.) gedragstate vernietig word, moet die hoofde op die nuwe staat met die van die oue vergelyk word. Die aantekeninge in die resjiments-gedragstate moet nagegaan en ingevul word.

56. Aantekeninge in die eskadrons-gedragstate van ontneming van ondersersants-, onderkorporaals- ens. -strepe, of ernstige berisping van onderoffisiere, van opneming in die hospitaal vir misbruik van drank, en van gevalle van dronkenskap wat onder vorige regulasies nie as resjiments-aantekeninge gereken is nie, moet nie op die resjiments-gedragstate oorgebring word nie. Hulle moet in agtereenvolgende nuwe eskadrons- (ens.) gedragstate afgeskryf word en moet in aanmerking geneem word by klassifikasie van die soldaat se karakter.

57. As 'n soldaat op aktiewe diens gaan, moet sy eskadronsgedragstaat met sy ander dokumente na die registeroffisier gestuur word. As die veldtog oor is of as 'n soldaat terugkeer moet die eskadrons- gedragstaat aangevul word uit die aantekeninge deur die eenheid te velde gemaak in die veld-gedragstaat.

Veld-Gedragregister.

58. 'n Veld-gedragstaat moet deur die bevelvoerder van 'n eskadron, ens., in vredestyd gehou word vir elke diensdoende soldaat.

59. Op aktiewe diens moet alle oortredinge en elke geval waar 'n vonnis opgeskort is of 'n opgeskorte vonnis kwytgeskel of uitgevoer is in die veld-gedragregister opgeteken word, met hierdie uitsondering dat in die geval van onderoffisiere van die rang van stafsersant en hoër, net resjiments-aantekinge gemaak moet word. As dit nodig is, moet veld-gedragstate opgemaak word vir offisiere en adjudant-onderoffisiere (kyk paragraaf 41). Elke aantekening in die veld-gedragregister moet deur die offisier wat dit maak met sy voorletters geteken word.

60. Die boek moet 'n naamlys bevat van die manne van die eskadron, ens., met 'n opgaaf, deur die bevelvoerder van die eskadron, ens., van die karakter van elke man by die aanvang van die veldtog, aantal gevalle van dronkenskap, met die datum van die laaste geval, ens.

61. As 'n man, terwyl hy te velde is, na 'n ander eenheid of korps oorgeplaas word, sal dit voldoende wees as 'n memorandum saam met hom gaan wat 'n opgaaf van sy karakter tot op die datum van oorplasing en ook die aantal gevalle van dronkenskap wat teen hom aangeteken is, en van die datum van die laaste aantekening.

62. As die karakter nie bevredigend is nie kan 'n korte verklarende aantekening toegevoeg word, b.v.:—

No..... Manskap....., vroeër gevalle van dronkenskap.....Laaste geval.....
Laaste oortreding.....
Karakter, sleg. Weerspannig.

63. As die veldtog afgeloop is of as 'n soldaat sterf, of terugkeer, moet sy veld-gedragstaat aan die register-offisier gestuur word.

* Die datum wat aangeteken moet word is die datum van die toewysing van straf, of, in die geval van gevangenisstraf of detensie, die datum van terugkeer na diens.

Guard Reports.

64. Guard reports and minor offence reports, showing the disposal of accused soldiers by C.O. and by squadron, etc., commanders respectively, are to be preserved in original. Guard reports will be pasted daily into a guard-book.

65. Inspecting officers will compare the guard and minor offence reports with the entries in the conduct-sheets, and may then authorize the destruction of the reports, which will not, however, be carried out till one year shall have elapsed from the date of the last report.

Casualties.

66. The death of a member will be reported by the C.O. to the A.G. by telegraph, supplemented by full particulars by the following post. The C.O. will also immediately notify the local registrar of births and deaths and the Financial Under-Secretary.

67. A C.O. will notify the dangerous illness of any member to his next-of-kin, if residing in South Africa, by telegraph, supplemented by a letter by the following post giving all available particulars as received from the medical authorities.

68. The A.G. will notify the death of any member to the next-of-kin, by telegraph, stating number, rank and name, and the place, date, and cause of death, and, when the next-of-kin resides in South Africa, the probable place and time of burial.

69. In a case of death, a letter of sympathy, signed by the C.O., giving all information as to the illness and any other matters likely to be of interest, will be sent to the next-of-kin.

Casualties on Active Services.

70. C.O.'s will report all casualties affecting members of their unit without delay to Force Headquarters in general terms as follows:—

(i) Date of action or engagement.
(ii) Officers (stating rank, name, and initials)—
  (*a*) killed;
  (*b*) wounded;
  (*c*) missing.
(iii) Other ranks (stating regimental number and name)—
  (*a*) killed;
  (*b*) wounded;
  (*c*) missing.

A second or additional notification will be sent correcting or amending the first general notification as may be found necessary.

Where heavy casualties are sustained, the first report will not be delayed for particulars *re* other ranks, but the total number of such casualties under the respective categories must be given.

71. As soon as possible, C.O.'s will supplement the report with such further details as may be available as to nature and degree of wounds as follows:—

(i) Dangerously wounded.
(ii) Severely wounded.
(iii) Wounded.
(iv) Slightly wounded.
(v) Wounded, remained at duty.
(vi) Wounded, self-inflicted.

72. On receipt of notification of casualties as set forth in paragraphs 70 and 71, Force Headquarters will telegraph particulars thereof, in the same general terms as laid down in those paragraphs, to the A.G. at the base, who will check same and repeat to the A.G. Any such telegram must be dispatched on the same day as the notification is received.

73. O.C. hospitals will report immediately, by telegraph where necessary, to A.G. base the rank, names, regimental numbers, and unit of all deaths occurring in hospital, stating cause of death.

74. The O.C. hospitals will render daily to A.G. base, in duplicate, a return on D.D. 233, showing all admissions to and discharges from hospital, nature and degree of illness or wound. Cases of illness will be classified as dangerous, serious, or mild, and wounds will be shown as laid down in paragraph 71.

75. A.G. base will notify the A.G. by telegraph on the same day as reported to him in accordance with paragraphs 70 and 71 of all deaths and dangerous, serious, or severe cases as they are placed in or removed from the respective degrees, and will forward by post a copy of Form D.D. 233 referred to.

76. As soon as possible after the death of a member, the O.C. unit or hospital, as the case may be, will forward to A.G. base for transmission to the A.G. a personal letter of sympathy referred to in paragraph 69.

77. As soon as possible after receipt of notification of the death of a soldier, the officer i/c A.G.'s office at the base will make out a death report in duplicate; one copy will be sent to the A.G. and the other to the paymaster at the base.

78. The personal effects of a sentimental nature of a deceased member will be securely packed and forwarded, together with a list of the articles, by the O.C. unit or hospital to A.G. The regimental clothing and such other articles which, in the opinion of the O.C., should not be sent to the relatives, will be disposed of by auction and the amount realized credited as an asset to the estate (*vide* Chapter IV, paragraph 36).

79. If owing to active service conditions, the administration of any member's estate cannot be dealt with in accordance with paragraph 35 of Chapter IV, the O.C. will forward full particulars of all assets and liabilities and the original will, if available, to the A.G. for transmission to the Financial Under-Secretary, who will deal with the estate in accordance with the paragraph quoted.

80. The A.G. will be solely responsible for all communications regarding casualties, etc., to the next-of-kin and to the Press, and

Wagrapporte.

64. Wagrapporte en rapporte oor geringe oortredinge wat aantoon hoe die B.O. en die bevelvoerders van eskadrons, ens., respektiewelik met beskuldigde soldate gehandel het, moet in origineel bewaar word. Wagrapporte moet daeliks in 'n wagboek geplak word.

65. Inspeksieoffisiere moet die wagrapporte en die rapporte oor geringe oortredinge met die aantekeninge in die gedragstate vergelyk en kan dan las gee om die rapporte te vernietig, maar die vernietiging moet nie geskied nie voor die verstryking van een jaar van af die datum van die laaste rapport.

Verliese.

66. Die dood van 'n lid moet deur die B.O. aan die A.G. per telegram gerapporteer word en volledige besonderhede daarvan moet deur die volgende pos gestuur word. Die B.O. moet ook die plaaslike Registrateur van Geboortes en Sterfgevalle en die Finansiële Ondersekretaris dadelik daarvan in kennis stel.

67. As 'n lid gevaarlik siek is, moet sy B.O. per telegram daarvan kennis gee aan sy naasbestaande as hy of sy in Suidafrika woon en moet met die volgende pos 'n brief stuur met alle beskikbare besonderhede soos van die geneeskundige outoriteite ontvang.

68. Die A.G. moet 'n lid se naasbestaande per telegram van sy dood in kennis stel, met vermelding van sy nommer, rang en naam en van die plek waar, en die datum waarop, hy dood is en die oorsaak van die dood; ook, as die naasbestaande in Suidafrika woon, van die plek waar en die tyd wanneer die begrafnis waarskynlik sal plaas vind.

69. By 'n sterfgeval moet 'n brief van deelneming, deur die B.O. geteken, aan die naasbestaande gestuur word, met volle inligting in verband met die siekte en enige andere besonderhede wat van belang mag wees.

Verliese op Aktiewe Diens.

70. Bevelvoerende offisiere moet alle verliese in verband met lede van hul eenhede sonder versuim aan die hoofkwartier van die Mag in algemene terme rapporteer soos volg:—

(i) Datum van slag of geveg.
(ii) Offisiere (met vermelding van rang, naam en voorletters)—
  (*a*) gesneuwel;
  (*b*) gewond;
  (*c*) vermis.
(iii) Minderes (met vermelding van resjimentsnommer en naam)—
  (*a*) gesneuwel;
  (*b*) gewond;
  (*c*) vermis.

Nog 'n ander of twede bekendmaking moet gestuur word om die eerste algemene bekendmaking te verbeter of te wysig na gelang dit nodig is.

As die verliese swaar is, moet die eerste rapport nie teruggehou word om eers besonderhede in verband met minderes te verkry nie, maar die totale verliese moet onder hul respektiewe klassifikasies opgegee word.

71. Bevelvoerende offisiere moet, sodra as moontlik is, die rapport aanvul met verdere beskikbare besonderhede in verband met die aard en graad van die wonde, soos volg:—

(i) Gevaarlik gewond;
(ii) ernstig gewond;
(iii) gewond;
(iv) lig gewond;
(v) gewond, op diens gebly;
(vi) gewond, wond self toegebring.

72. By ontvangs van 'n bekendmaking van verliese soos in paragrawe 70 en 71 bepaal, moet die hoofkwartier van die Mag besonderhede daarvan, in dieselfde algemene terme soos in daardie paragrawe voorgeskryf, aan die A.G. by die basis telegrafeer. Laasgemelde gaan dan die besonderhede na en herhaal dit aan die A.G. Die telegram moet op dieselfde dag gestuur word as wat die bekendmaking ontvang is.

73. Die B.O. van Hospitale moet dadelik per telegram as dit nodig is aan die A.G. by die basis die rang, name, resjimentsnommers en eenheid rapporteer van al die manne wat in die hospitaal sterf, met vermelding van die oorsaak van die dood.

74. Die B.O. van Hospitale moet daeliks aan die A.G. by die basis 'n opgaaf op D.D. 233 in duplikaat verskaf waarop aangetoon word alle gevalle van opneming in en ontslag uit die hospitaal, en die aard en graad van die siekte of wond. Siektegevalle word as gevaarlik, ernstig, of lig geklassifiseer, en wonde, soos voorgeskryf in paragraaf 71.

75. Die A.G. by die basis moet, op dieselfde dag waarop aan hom gerapporteer word, ooreenkomstig paragrawe 70 en 71, die A.G. per telegram in kennis stel van alle sterfgevalle en van gevaarlik, ernstig of swaar gewondes, na gelang hulle in die respektiewe grade opgeneem of daaruit verwyder word en moet per pos 'n afskrif stuur van gemelde vorm D.D. 233.

76. Sodra as moontlik is na die dood van 'n lid, moet die B.O. van die eenheid of hospitaal aan die A.G. by die basis, vir versending na die A.G., 'n persoonlike brief van deelneming stuur soos vermeld in paragraaf 69.

77. Sodra as moontlik is na die ontvangs van 'n bekendmaking van die dood van 'n soldaat, moet die offisier aan die hoof van die A.G. se kantoor by die basis 'n rapport oor sterfgevalle in tweevoud opstel, een waarvan aan die A.G. gestuur moet word en die ander aan die betaalmeester by die basis.

78. Die persoonlike goedere van sentimentele waarde van 'n oorlede lid moet veilig verpak en saam met 'n lys van die goedere deur die B.O. van die eenheid of hospitaal aan die A.G. gestuur word. Die resjimentsklere en sulke andere goedere as wat volgens oordeel van die B.O. nie aan die famieliebetrekkinge gestuur moet word nie, moet by veiling verkoop word en die opbrengs moet as bate van die boedel gekrediteer word (kyk Hoofstuk IV, paragraaf 36).

79. As 'n lid se boedel, weens omstandighede van aktiewe diens, nie ooreenkomstig paragraaf 35 van Hoofstuk IV beheer kan word nie, moet die B.O. volle besonderhede van alle bate en laste en die originele testament, as dit beskikbaar is, aan die A.G. stuur vir deursending aan die Finansiële Ondersekretaris, wat met die boedel moet handel ooreenkomstig die aangehaalde paragraaf.

80. Die A.G. is alleen verantwoordelik vir alle meedelinge in verband met verliese, ens., aan die naasbestaande en aan die pers

no member may communicate any such particulars except in the case of written personal condolences to the relatives of the member concerned.

INJURIES.

81. As soon as possible after a member sustains an injury, Form D.D. 101 or Form D.D. 358 will be made out in triplicate by the medical officer who deals with the case and forwarded to the O.C. concerned for completion and transmission to the A.G.

82. In cases where absence from duty, as the result of an injury, exceeds fourteen days, a court of inquiry shall be assembled to inquire into the circumstances. The O.C. will record his opinion on the proceedings as to whether the injury was received on or off duty, and such proceedings, in triplicate, together with Form D.D. 101 or Form D.D. 358, shall be submitted to the A.G. for confirmation.

CHANGE OF NAME.

83. The name in which a soldier is attested cannot be erased from his attestation or documents. If a soldier who has enlisted under an assumed name wishes his true name to be added in his records, he must, at his own expense, make a statutory declaration before a justice of the peace or commissioner of oaths, as follows:—

"I, A. B., do solemnly and sincerely declare that I was enlisted on the.....under the name of .....which name I now declare to be incorrect. The name of....., contained in the accompanying certificate of birth, I now declare to be my true name, and I make this solemn declaration conscientiously believing the same to be true.

"Signature of soldier.....

"Declared before me at.....this..... day of.....

"Signature of J.P....."
"or Commissioner of Oaths.

The man should be warned that, if the declaration so made is untrue in any material particulars he is liable to be indicted for perjury.

84. The true name will then be recorded as an *alias* after the assumed name wherever the latter appears on the documents and in all documents subsequently prepared the true name only will be used. The statutory declaration will be preserved with the soldier's original attestation.

DISPOSAAL OF DOCUMENTS.

85. The documents of a soldier will be disposed of as follows:—

52. As daar 'n kanon, boot, anker of enige ander kosbare of belangrike goedere verloor raak of 'n mas, ra of spar erg beskadig word, of as daar 'n ernstige ongeluk voorval in verband met die romp, masienerie of ketels van die skip, dan moet die kaptein die besonderhede daarvan by die eerste geleentheid rapporteer.

53. As daar 'n ongeluk gebeur wat die gehele of gedeeltelike ontreddering van die skip veroorsaak of wanneer 'n ernstige gebrek in die romp, masienerie of ketels ontdek word, waarvan die oorsaak nie duidelik is nie, moet die aanwesige senior offisier dadelik 'n ondersoek laat instel omtrent die oorsaak van die ongeluk of gebrek; en 'n volledige rapport met getuienis, uitspraak en tekeninge moet dan ingedien word. Solank as die ondersoek duur moet die gebrekkige dele, vir so ver as moontlik is, in die toestand gelaat word soos dit was net na die ongeluk gebeur het of die gebrek ontdek is.

54. Die kaptein moet af en toe by geskikte geleenthede besondere verslae van sy verrigtinge stuur aan die offisier wat oor hom geplaas is. Hy moet alles wat gebeur het en alle informasie van belang wat hy ingewin het, rapporteer.

55. Die kaptein moet nie die skip as dit aan 't vaar is aan die sorg van 'n offisier toevertrou nie, of dit 'n vasaangestelde of waarnemende offisier is, tensy hy oortuig is dat die bedoelde offisier bekend is met die regulasies wat vasgestel is om aanvaring op see te voorkom.

56. As 'n skip 'n ander skip op see teenkom wat gedeeltelik gesink het en verlaat is en wat gevaarlik is vir die skeepvaart, moet die verlate skip ondersoek word en as die vrag nie uit sulke groot blokke hout bestaan dat hulle self 'n gevaar sou wees as hulle van die wrak verwyder word, of as die posiesie van die wrak sodanig is dat dit waarskynlik nie gou na 'n hawe sal kan gesleep word nie, dan moet al wat moontlik is gedoen word om die wrak te laat sink of dit op 'n ander manier te vernietig.

57. Offisiere in bevel moet altyd wanneer daar 'n verlate skip of gevaarlike drywende hindernis gesien word, die posiesie en soort daarvan deur draadloostelegrafie rapporteer. Handelskepe in die nabyheid moet deur sigbare seine of (onderworpe aan die reëls vir hierdie soort kommunikasie) per draadloos gewaarsku word. As daar nie draadloostelegrafie verbinding is nie moet offisiere in bevel die datum waarop enige verlate vaartuig of gevaarlike drywende hindernis gedurende die reis gesien is, met besonderhede wat betref die posiesie en geaardheid daarvan, uit die eerste hawe van aankoms per telegram rapporteer.

Aanvaring met Handelskip.

58. Die kaptein moet, ingeval sy skip in aanvaring kom met 'n handelskip, benewens sy spesiale rapport (wat getelegrafeer moet word en besonderhede moet bevat van die plek waar en die datum wanneer die handelskip te vind is en ook die naam en adres van die eienaar) sonder versuim uitvoerige verklarings van sulke offisiere en manskappe as wat hy wenslik mag ag, aan die hoofkwartier stuur in verband met die omstandighede van die voorval en veral in verband met die volgende punte vir sover hulle op die geval van toepassing is:—

(*a*) Die tyd wanneer en die plek waar die aanvaring plaas gevind het.

(*b*) Die naam en die eienaar van die handelskip.

(*c*) Die krag en die rigting van die wind.

(*d*) Die weersgesteldheid.

(*e*) Die toestand en krag van die gety.

(*f*) (i) Of sy skip geanker of aan 't vaar was;
(ii) As dit aan vaar was, die koers en snelheid toe die ander skip vir die eerste maal gesien is; ook enige later verandering in die koers en snelheid.

(*g*) Of die handelskip geanker of aan 't vaar was; as dit aan 't vaar was moet, as dit moontlik is, sy koers en snelheid vermeld word.

(*h*) Watter ligte op sy skip was.

(*i*) Die tyd toe die ander skip die eerste keer gesien is.

(*j*) Die afstand en rigting van die ander skip toe dit die eerste keer gesien is.

(*k*) Watter ligte van die ander skip die eerste gesien is.

(*l*) Of enige ligte van die ander skip, behalwe die wat die eerste gesien is, voor die aanvaring gesien is.

(*m*) Watter geluidseine deur sy skip en deur die handelskip gegee is en wanneer.

(*n*) Watter maatreëls op sy skip geneem is, en wanneer, om aanvaring te voorkom.

(*o*) Albei die skepe se dele wat die eerste in botsing gekom het.

(*p*) Of een van die twee skepe op sleeptou of onder die sorg van 'n loods was.

(*q*) (1) Watter dade van nalatigheid deur die handelskip, na beweer word, gepleeg is;
(2) Of die bemanning van sy skip skuld het daaraan, en as dit die geval is, wie skuld het daaraan en wat die mate van die skuld is.

(*r*) Die koste, by benadering, in verband met die reparasie van die skade aangerig aan een van of albei die skepe. As dit nodig is om, weens die beskadiging van sy skip, 'n ander skip gereed te maak of te huur om sy skip tydelik te vervang, dan moet die koste in verband daarmee ook gerapporteer word.

(*s*) in all cases of collision between sunset and sunrise the report is to indicate whether the position, brilliancy, etc., of the lights carried complied with the collision regulations, and whether any of them were obscured by rigging or other obstruction in the direction from which the ship under way approached; the positions of the lights of each vessel should be indicated as far as possible;

(*t*) in cases involving sound signals, whether in fog or otherwise, information is also to be given as to the efficiency of the apparatus for the making of the proper signals;

(*u*) the report is to be accompanied, whenever possible, by a plan or tracing from the chart to illustrate the movements of the two vessels and any other information likely to be of value in enabling a decision as to liability to be reached;

(*v*) if all the particulars required above cannot be furnished promptly, the report should not be delayed, any information that has been omitted being sent in as soon as possible afterwards.

59. A careful note should be made of the foregoing details whenever one of His Majesty's S.A. ships comes into such close proximity to another vessel that there is the possibility of damage having been done, as not infrequently claims have been received for damages in cases where the commanding officer has reported on inquiry being made that no apparent damage was done to the other ship.

60. When collisions occur or are alleged to have occurred, it is of great importance that the damage caused or alleged to have been caused to both ships shall be surveyed *without prejudice* at the earliest possible moment by some competent person who can describe the damage and give some indication of the cost of repairing the same. Diagrams are to accompany the reports of survey, showing in detail the courses taken by the ships, their speed, and their positions at the time of the collision or alleged collision. This survey should be made even when it is believed that the blame for the accident rests entirely upon the other ship. It is important that, in all communications with the owners or representatives of the other ship in regard to the survey or otherwise in relation to the collision, it should be made clear that the action in question is being taken "without prejudice," in order to avoid the suggestion of an admission of liability or the waiver of any legal right. If the collision occurs in or near a dockyard, the superintendent should be at once informed so that he may arrange for the survey. Sketches showing details of the injury to both ships, together with photographs (when practicable), should also be sent. When no dockyard officials are available, sketches and particulars are to be furnished with a view of enabling the angle of impact and the direction and force of the blow to be determined. The direction of advance of each ship is also to be indicated. The representatives of the owner of the private ship are to be afforded all reasonable opportunities for surveying the damage done to His Majesty's S.A. ship in order that they may assess the cost of repairs.

61. Whenever a collision occurs and no blame rests on His Majesty's S.A. ship, complete lists of all naval, ordnance, victualling, and medical stores lost or damaged as a consequence of the collision, or while effecting repairs, are to be prepared at the earliest possible moment and sent to the dockyard at which the ship is being repaired. These lists need not be valued, but should be accompanied by a statement giving the proportion of the original value at the time of loss. A valued list of private effects lost or damaged should also be forwarded. A detailed statement of the cost of any repairs effected to either ship by the ship's staff should accompany these lists.

62. In no case should there be any acceptance of liability, and, except in extreme cases, to save life or to avert further serious damage to ship or cargo, no steps should be taken to effect repairs, nor anything done that may be construed into an admission of liability, until orders have been received.

63. Whenever a collision or narrow escape from a collision occurs, care should be taken to preserve the deck-log, rough engine-room registers, and the chart by which the ship was being navigated at the time.

64. When the Government attorney considers it necessary for the purpose of civil legal proceedings, he will make arrangements with the captain for a representative to visit the ship to obtain information and evidence whilst the events are still fresh in the minds of witnesses. As it would be of advantage to produce in any civil legal proceedings the evidence of surveyors accustomed to dealing with collision litigation, the Government attorney will instruct such a surveyor when he considers it necessary to report to him after surveying both ships.

Anchors and Cables.

65. The captain will attend most carefully to the state and preservation of the chain cables to ensure every precaution being taken to keep them from undue wear or corrosion, and he will see that the navigating officer and the boatswain pay the same attention to this very important subject.

66. The captain will never cut or slip a cable while there is a possibility of weighing the anchor, except in a case of emergency, such as chasing an enemy or for the safety of the ship, but if necessary to do so, or if the cable is parted, he will use his utmost endeavours to recover it and the anchor immediately the weather and other circumstances admit of the attempt being made. If the ship should be sent to sea, the senior officer left at the anchorage is to recover them if possible.

67. If an anchor or cable should be lost in any harbour or roadstead, or if an attempt made to recover it should prove unsuccessful, the captain will report it, detailing the circumstances in which the loss occurred, and transmitting a plan of the harbour or roadstead on which is marked, as near as possible, the spot where the anchor is supposed to lie, giving also any cross marks or the bearings and distances of the nearest points of land that may have been taken from the spot.

(*s*) In alle gevalle van aanvaring tussen son-onder en son-op moet uit die rapport blyk of die posiesie, helderheid, ens., van die ligte aan boord in ooreenstemming met die Aanvarings-regulasies was en of party van die ligte nie deur takelwerk of ander belemmering aan die kant waarvan die varende skip nader gekom het verduister was nie. Die posiesies van die ligte van elke skip moet, sover moontlik is, aangeduie word.

(*t*) In gevalle waar die gebruik van geluidseine nodig is, in mistige weer sowel as by 'n ander geleentheid, moet ook informasie gegee word wat betref die doelmatigheid van die toestel wat gebruik is om die regte seine te gee.

(*u*) Om die bewegings van die twee skepe te verduidelik moet, as dit moontlik is, aan die rapport 'n skets of 'n afskrif van die seekaart geheg word en daarby enige ander informasie gegee word wat bereken is om die verantwoordelikheid vir die aanvaring tuis te bring.

(*v*) In geval die bogemelde besonderhede nie dadelik verstrek kan word nie moet die rapport nie teruggehou word nie en moet enige besonderhede wat uitgelaat is later so gou as moontlik ingestuur word.

59. Van die bostaande besonderhede moet noukeurig aantekening gehou word elke maal wanneer een van S.M.S.A. skepe so naby 'n ander skip kom dat daar moontlik skade kan veroorsaak word, want dit het al gebeur dat eise vir skadevergoeding ontvang is in gevalle waar die bevelvoerende offisier, by navraag gerapporteer het dat geen blykbare skade aan die ander skip veroorsaak is nie.

60. As daar 'n aanvaring plaas vind, of as dit beweer word dat 'n aanvaring plaas gevind het, is dit van groot belang om die skade wat aan albei skepe veroorsaak is of wat beweer word veroorsaak te wees so gou as moontlik *sonder prejudiesie* te laat opneem door een bevoegde persoon wat die beskadiging kan beskryf en naasteby kan sê wat die reparasiekoste sal wees. By die opnemingsrapporte moet sketse gevoeg word waarop in besonderhede aangetoon word die koerse van die skepe, hul snelheid en hul posiesies toe die aanvaring of die beweerde aanvaring plaas gevind het. Hierdie opneming moet geskied selfs al is dit die opienie dat die ongeluk heeltemal aan die ander skip te wyte is. In alle kommunikasies met die eienaars of verteenwoordigers van die ander skip in verband met die opneming of ander aangeleenthede wat op die aanvaring betrekking het, is dit 'n vername punt om duidelik te verklaar dat die stappe "sonder prejudiese" geneem word, sodat dit nie as 'n erkenning van verantwoordelikheid of die afstand van 'n wettige reg opgevat kan word nie. As die aanvaring in of naby 'n skeepswerf plaasvind moet die superintendent dadelik daarvan in kennis gestel word om reëlings te kan tref vir die opneming. Sketse waarop besonderhede van die beskadiging van albei skepe aangetoon word, moet ook tesame met foto's (as dit moontlik is) voorgelê word. As daar geen skeepswerfbeamptes beskikbaar is nie moet sketse en besonderhede verstrek word om aan die aanvaringshoek en die rigting en krag van die skok te kan bepaal. Ook moet die rigting van elke skip aangedui word. Aan die verteenwoordigers van die private skip se eienaars moet alle redelike geleentheid vrskaf word om die skade wat aan S.M.S.A. skip veroorsaak is op te neem om die reparasiekoste te kan vasstel.

61. As 'n aanvaring plaasvind en S.M.S.A. skip nie skuld het daaraan nie, moet volledige lyste van alle mariene-, krygsbehoefte-, prowiand- en geneeskundige voorrade, wat as gevolg van die aanvaring of in die loop van die reparasies verloor of beskadig is so gou moontlik opgemaak en gestuur word na die skeepswerf waar die skip gerepareer word. Hierdie lyste hoef nie gewaardeer te word nie maar 'n opgaaf moet daarby gevoeg word om aan te toon wat die oorspronkelike waarde was tydens die verlies. Ook moet 'n gewaardeerde lys van private goedere wat verloor of beskadig is daarby gestuur word. 'n Gespesifiseerde rekening van die koste van enige reparasies, wat aan een of albei skepe deur die personeel gemaak is, moet aan hierdie lyste geheg word.

62. In geen geval moet verantwoordelikheid aanvaar word nie en behalwe in uiters dringende gevalle waar dit nodig is om lewens te red of om verder ernstige skade aan die skip of die lading te voorkom moet daar, so lank as daar geen orders ontvang is nie, geen maatreëls geneem word om reparasies te maak of iets te doen wat as 'n erkenning van verantwoordelikheid opgevat kan word nie.

63. As daar 'n aanvaring plaasgevind het of 'n aanvaring nouliks vermy is, moet alles gedoen word om die dekdagboek, die masienkamerregisters en die skip se seekaart te bewaar.

64. As die Goewermentsprokureur dit vir die doel van geregtelike stappe nodig ag, moet hy met die kaptein reëlings tref om die skip deur 'n verteenwoordiger te laat besoek om informasie en getuienis te verkry terwyl die gebeurtenisse nog vars in die geheue van die getuies is. Aangesien dit tot voordeel sal wees om in enige siviele aksie die getuienis te lewer van opnemers wat gewoon is om met hierdie soort hofsake te handel, moet die Goewermentsprokureur, as hy dit nodig ag, so 'n opnemer gelas om aan hom te rapporteer nadat hy albei skepe ondersoek het.

Ankers en Kabels.

65. Die kaptein moet sy sorgvuldige aandag wy aan die toestand en instandhouding van die kabelkettings en sorg dat alle maatreëls aangewend word om die onnodige slytasie en verroesting daarvan te voorkom, en dat ook die offisierstuurman en die bootsman aan hierdie belangrike onderwerp hul sorgvuldige aandag wy.

66. Die kaptein moet nooit die kabel kap of los so lank as dit moontlik is om die anker te lig nie, behalwe in 'n dringende geval soos die agtervolging van die vyand of vir die veiligheid van die skip; maar ingeval tot so 'n stap moet oorgegaan word of as die kabel los geraak het moet hy alles in sy vermoë doen om die kabel en die anker terug te kry sodra as die weer en ander omstandighede 'n poging in hierdie rigting toelaat. As die skip moet vertrek moet die senior offisier wat by die ankerplek agterbly die kabel en die anker probeer terugkry.

67. As die skip 'n anker of kabel in enige hawe of ankerplek verloor of as 'n poging om dit terug te kry misluk, moet die kaptein al die omstandighede in verband met die voorval rapporteer. Hy moet ook 'n skets stuur van die hawe of ankerplek, waarop so noukeurig moontlik gemerk is die plek waar die anker vermoedelik lê en daarby ook aantoon kruispeilings of die kompaspeilings en afstande van die naaste punte op die land soos van bedoelde plek af gepeil.

68. On every occasion of the parting of a cable or the loss or breakage of an anchor, a report will be made at once, giving full information as to the cause of the parting or breakage and the circumstances in which it occurred.

69. When lying at moorings the captain will take care to observe every precaution with regard to them which the captain of the dockyard may think necessary.

In Case of Wreck.

70. If a ship is wrecked or otherwise lost or destroyed, the captain will use every exertion to preserve the lives of the crew; and when as many of them as possible have been saved, he will use his utmost endeavours to save the stores, provisions, and furniture of the ship. He will give his particular attention to the saving of all books and papers relating to the ship's accounts, that he may be enabled to cause the necessary books to be made out for transmission to headquarters immediately after the court martial to inquire into the loss of the ship has taken place. Should he find himself unable to comply with these directions, he will report immediately the cause in order that, if judged proper, directions may be given for the books to be made out from the last accounts received in office. He will himself take especial care to preserve all secret orders, signals, and instructions, or, if necessary, to destroy them, to prevent their falling into improper hands.

71. The captain will dispose of the crew in the manner most conducive to their comfort and to economy that the circumstances admit of. He will place sufficient guards over the stores and provisions saved to prevent their being stolen, and will be careful that the wine and spirits are so disposed of that they cannot be tampered with. He will keep the crew together, and is to be very particular in preserving regular and perfect discipline among them, and in preventing the committal of any irregularities or the giving offence to the inhabitants of the country they are in. Should a sufficient quantity of provisions not be saved, he will authorize the accountant officer to purchase whatever may be required; and should the men be in want of clothes, he will cause whatever may be absolutely requisite for their comfort to be purchased. Should the ship be wrecked on the coast of a foreign power in amity with His Majesty, he will apply to the Governor or chief officer of the place for such assistance as he may stand in need of, and be particularly attentive in observing and conforming to all the laws and regulations of the country so long as he may continue in it.

72. In case of emergency, when there is not time to obtain previous authority, the senior naval officer present, before accepting an offer of assistance in raising the ship, saving stores, or for any other service, will arrange the form or manner in which payment is to be made, and he will satisfy himself, by independent evidence if possible, that the offer made is fair and reasonable. Should he be unable to arrange such terms to his own satisfaction, he will make the necessary provision for the matter to be referred to arbitration.

Admission to Ships.

73. The admission of any person on board a ship shall be in the discretion of and in terms of any instructions issued by the captain.

74. In order to maintain their secret nature, the captain will take care that with the exception of—

(*a*) officers and men of the Royal Navy, Dominion Navies, and S.A.N.S.,
(*b*) marine officers attached to marine barracks,
(*c*) dockyard officers and workmen acting under orders,

no one be allowed inside the submerged torpedo rooms or transmitting stations, or on the fire-control platforms of the ship without written sanction.

75. No person except—

(*a*) an officer or man of the Royal Navy or Royal Marines, of a Dominion Navy or Marines, or of the S.A.N.S.,
(*b*) a member of the S.A.P.F.,
(*c*) member of the Public Service of the Union specially authorized, whose duties are directly connected with wireless telegraphy or with the execution of duly authorized repairs,

may on any account be allowed inside the wireles telegraphy office, which is to be securely locked when unoccupied.

76. All details of submerged torpedo tubes, wireless telegraphy, and fire-control fittings and arrangements, and the methods of using them, including range-finders, are to be considered as of a strictly confidential nature, and information on these subjects may not be communicated, directly or indirectly, to any persons outside the service.

Observance of Rules and Instructions.

77. The captain will observe and take care that the officers and ship's company observe all orders, rules, regulations, and instructions laid down for the administration of the S.A.N.S. for the command, navigation, and care of H.M.S.A. ships, for the guidance and instruction of the personnel, and for the control and care of stores, equipment, machinery, armament, etc.

CHAPTER XIV.—TRAINING, MANOEUVRES, AMMUNITION EQUIPMENT, ETC.

Training.

1. Information regarding the annual course and general instructions as to the training will be found in the training manuals of each arm; the principles of training therein laid down are not to be departed from.

2. The training year shall be reckoned from the 1st of July in one year to the 30th June in the following year.

3. Commanding officers will submit, through the usual channels, to the C.G.S. not later than the 1st May in each year a programme of the training proposed to be carried out during the ensuing year. Programmes will show the periods allotted for individual, troop (section, platoon), flight, squadron (battery, company), and regimental (wing) training.

The training of specialists will extend throughout the year.

68. As 'n kabel losraak of 'n anker verloor of breek moet daaromtrent dadelik 'n rapport gemaak word waarin die oorsake en die omstandighede van die voorval uitvoerig moet vermeld word.

69. As 'n skip gemeer is moet die kaptein sorg dat hy hom hou aan alle voorsorgsmaatreëls in verband met die meerplek soos die dokmeester nodig mag ag.

In geval van Skipbreuk.

70. As 'n skip strand of op 'n ander manier vergaan, moet die kaptein al sy kragte inspan om die lewens van die bemanning te red en as so veel van hulle as moontlik is gered is, moet hy alles in sy vermoë doen om die voorrade, prowiand en meubels van die skip te red. Hy moet veral sy bes doen om alle boeke en papiere in verband met die skip se rekeninge te red sodat hy die nodige boeke kan laat opmaak vir versending aan die hoofkwartier onmiddellik na die afloop van die sitting van die krygsraad belas met die ondersoek in verband met die verlies van die skip. As hy nie in staat is om hierdie instruksies na te kom nie moet hy dadelik die redes daarvoor rapporteer sodat daar, as dit nodig geag word, instruksies kan gegee word om die boeke op te maak uit die laaste rekeninge wat in die kantoor ontvang is. Hy self moet doen wat hy kan om alle geheime orders, seine en instruksies te bewaar of, as dit nodig is, te vernietig sodat hulle nie in verkeerde hande kan val nie.

71. Die kaptein moet die nodige reëlings tref vir die versorging van die bemanning om aan hulle, onder die omstandighede, die grootste gerief op die goedkoopste manier te besorg. Hy moet genoeg wagte oor die geredde goedere en prowiand aanstel om te belet dat daarvan gesteel word en moet sorg dat die wyn en sterk drank op so 'n manier bewaar word dat niemand onwettig daaraan kan kom nie. Hy moet die bemanning bymekaar hou en baie presies wees om gereëlde en volkome disipliene onder hulle te handhaaf en om enige onreëlmatighede, of aanstoot aan die inwoners van die land waar hul geland het, te belet. As daar nie genoeg prowiand gered is nie moet hy die offisierboekhouer magtig om alles wat nodig is aan te koop en as die manne behoefte het aan klere moet hy alles laat aankoop wat absoluut nodig is vir hul gerief. As die skip op die kus van 'n bevriende vreemde moëndheid gestrand is, moet hy by die goewerneur of hoofamptenaar van die plek aansoek doen vir sulke bystand as wat hy vereis. Hy moet ook sorg veral dat hy al die wette en regulasies van die land in ag neem en uitvoer so lank as hy daarin verkeer.

72. In 'n dringende geval, as daar geen tyd is om van te vore magtiging te verkry nie, moet die aanwesige senior seeoffisier voordat hy die aanbod van hulp in verband met die ophaal van die skip, die redding van goedere of enige ander diens aanneem, reëlings tref vir die manier waarop betaling moet geskied en hy moet hom oortuig, deur onpartydige getuienis as dit moontlik is, dat die aanbod redelik en bilik is. As hy nie bevredigende reëlings kan tref nie moet hy doen wat nodig is om die saak na skeidsregters te verwys.

Toegang tot Skepe.

73. Die toelating van 'n persoon aan boord van 'n skip hang van die kaptein af en geskied oorenkomstig die instruksies wat deur hom gegee word.

74. Om geheimhouding te bewaar moet die kaptein sorg dat, met uitsondering van—

(*a*) offisiere en manne van die Koninklike Seemag, Domienium Seemagte en S.A.S.D.;
(*b*) seeoffisiere toegevoeg aan mariene karsernes;
(*c*) skeepswerf-offisiere en arbeiders wat op order handel;

niemand in die onderwater-torpedokamers of versendingsposte, of op die vuurkontrole platforms van die skip sonder skriftelike toestemming toegelaat word nie.

75. Geen persoon, behalwe—

(*a*) 'n offisier of man van die Koninklike Seemag of Koninklike Mariniers, van 'n Domienium Seemag of Mariniers, of van die S.A.S.D.;
(*b*) 'n lid van die S.A.S.M.;
(*c*) 'n lid van die Staatsdiens van die Unie; wat spesiaal gemagtig is; wie se pligte regstreeks in verband staan met draadloostelegrafie of met de uitvoering van behoorlik gemagtigde reparasies;

mag onder enige omstandighede toegelaat word nie in die draadloostelegrafiekantoor wat goed gesluit moet wees as dit nie gebruik word nie.

76. Alle besonderhede van onderwater torpedobuise, draadloostelegrafie- en vuurkontrole toestelle en toebehore en die manier van gebruik daarvan, met inbegrip van afstandmeters, moet as strik konfidensieel beskou word en informasie in verband daarmee moet nie direk of indirek aan enige persoon buite die diens meegedeel word nie.

Inagneming van Reëls en Instruksies.

77. Die kaptein self moet hom hou aan alle orders, reëls, regulasies en instruksies wat vasgestel is vir die administrasie van die S.A.S.D., vir die bevel, bevaring en sorg van S.M.S.A. skepe, vir die voorligting en instruksie van die personeel en vir die beheer en sorg van voorrade, uitrusting, masienierie, bewapening, ens., en hy moet ook sorg dat hierdie orders, es., deur die offisiere en bemanning van die skip nagekom word.

HOOFSTUK XIV.—OEFENING, MANEUWERS, AMMUNIESIE, UITRUSTING, ENS.

Oefening.

1. Informasie aangaande die jaarlikse kursus en algemene instruksies in verband met oefening is te vind in die oefeningshandboeke van elke wapen; van die beginsels van oefening wat daarin bepaal is mag nie afgewyk word nie.

2. Die oefenjaar word gereken van 1 Julie van een jaar tot 30 Junie van die volgende jaar.

3. Voor of op 1 Mei van elke jaar moet 'n program vir die oefening wat vir uitvoering gedurende die aanstaande jaar voorgestel word, deur bevelvoerende offisiere langs die gebruiklike weg aan die H.G.S. gestuur word. Die periodes wat toegewys is vir indiwiduele-, troep- (seksie-, pelotons-) eskaderafdelings-, eskadrons-, (battery-, Kompanjies-) en resjiments-, (vleuel-) oefening moet in hierdie program vermeld wees.

Die oefening van spesialiste duur die hele jaar voort.

4. A report on the previous year's training will be submitted through the usual channels to the C.G.S. not later than the 31st July in each year.

5. Instructions regarding musketry training and bayonet fighting and the courses to be fired are contained in the handbook of musketry.

6. C.O.'s are responsible that there is always sufficient trained personnel in the unit under their command to form the machine-gun section and Lewis-gun sections, as prescribed in War Establishments, plus 50 per cent. as reserves.

7. C.O.'s are responsible that as far as possible there are always sufficient trained signallers in the unit under their command to meet the requirements of war establishments, plus 10 per cent. as reserves.

8. A sufficient number of men will be trained to supply the telephonists, range-takers and layers, saddlers, wheelers, farriers, and other artificers prescribed for in the various establishments of the force, plus 20 per cent. as reserves.

C.O.'s will be responsible for the training of telephonists, range-takers, and layers.

The Q.M.G. will be responsible as regards the training of saddlers, wheelers, farriers, and other artificers, other than S.A.A.F. personnel, and C.O.'s will keep the Q.M.G. advised from time to time of any shortage in their units of any such artificers.

9. Physical and recreational training will be carried out in all units throughout the year. There should be at least one N.C.O. in each squadron, battery, or company qualified and available as instructor.

10. All mounted riflemen will be trained in scouting and reconnaissance duties.

11. Two men per battery and four men per squadron or company will be trained as stretcher-bearers and in first-aid to the wounded. One man per battery, squadron, or company will be trained in sanitation duties. The training will be carried out under arrangements made by the D.M.S.

Ammunition.

12. A sum will be fixed annually by the C.G.S. which will be available for the purchase of practice ammunition both for fixed and movable armament of the S.A.P.G.A. The nature and amount of ammunition allotted to companies will be determined by the O.C., Cape Peninsula Garrison, but the sum fixed by the C.G.S. for the purchase of such ammunition shall in no case be exceded.

13. The allowance of practice ammunition for units will be fixed annually by the C.G.S. and published in Force Orders. No issues will be made in excess thereof without the approval of the C.G.S.

Equipment and Stores.

14. The scales of equipment are laid down in Equipment Tables. Issues will be made in accordance therewith on the authority of the C.G.S.

15. All matters connected with the purchase, control, care, custody, maintenance, and issue of stores, vehicles, animals, etc., the property of the Union Defence Department, will be dealt with under the General Stores Regulations and Orders and Instructions, U.D.F.

Manoeuvres.

16. Areas selected for the training and exercise of any portion of the Defence Forces shall be published in the *Union Government Gazette* and local newspapers.

17. An officer shall be appointed by the Q.M.G. in each such area as a compensation officer to receive claims for compensation for any damage or loss sustained by owners or occupiers of the land in consequence of the use of their land by the Defence Forces.

18. A compensation committee, composed as the Minister may direct, shall be appointed to deal with all claims referred by compensation officers.

Instructions to Troops.

19. The following instructions will be issued to troops:—

(*a*) Troops will not cross cultivated ground nor enter any garden, orchard, houses, buildings, mining premises, tents, etc., without the owner's permission. No trees are to be cut down or damaged under any circumstances.

(*b*) All latrines and refuse pits will be filled in before the troops leave the camp, likewise any drains or excavations made.

(*c*) Every endeavour must be made by all ranks to prevent grass fires.

Grass round camps should be cleared and rings made round each kitchen. It is the duty of all members, where a grass fire is accidentally started, to use their utmost endeavours to extinguish it at once.

(*d*) Wire must not be cut except by order of an officer. No cutting will be authorized in the vicinity of gates or places where openings exist. The practice of pressing down or loosening wire is strictly prohibited.

20. (*a*) Whenever water is used under conditions requiring payment, the officer in command will hand the owner of the water a certificate showing—

(i) number of animals watered;
(ii) how many times watered;
(iii) approximate quantity of water taken for other purposes, giving particulars;
(iv) number and name of farm, owner's or occupier's name, and situation of dam;
(v) date on which water was taken;

and will forward a copy to the Q.M.G.

(*b*) Commanding officers will arrange that order is kept at watering-places, and that no property is damaged.

21. As soon as possible after any loss or damage is brought to his notice, the O.C. will take steps to have such loss or damage investigated and assessed, and will furnish a report thereon to the compensation officer and a copy to the Q.M.G.

4. Voor of op 31 Julie van elke jaar moet 'n verslag van die oefening van die vorige jaar langs die gebruiklike weg aan die H.G.S. gestuur word.

5. Instruksies aangaande oefening in die skietkuns en bajonetveg en die kursusse wat geskiet moet word is vervat in die Skietvoorskrif.

6. Bevelvoerende offisiere moet sorg dat daar in die eenheid onder hul bevel altyd genoeg geoefende personeel is om die masiengeweer-afdeling en die lewisgeweer-afdelings, soos voorgeskrywe in die Sterktes op voet van oorlog, uit te maak plus 50 persent as reserwes.

7. Bevelvoerende offisiere moet sorg dat daar vir sover moontlik in die eenheid onder hul bevel altyd genoeg geoefende seiners is om te voldoen aan die vereistes van die Sterktes op voet van oorlog, plus 10 persent as reserwes.

8. 'n Voldoende aantal manne moet geoefen word om die telefoonwerkers, afstandmeters en rigters en die saalmakers, wielmakers, hoefsmids en ander ambagsmanne wat in die verskillende Sterktes van die Mag voorgeskrewe is, plus 20 persent as reserwes, te verskaf.

Bevelvoerende offisiere is verantwoordelik vir die oefening van telefoonwerkers, afstandmeters en rigters.

Die K.M.G. is verantwoordelik wat betref die oefening van saalmakers, wielmakers, hoefsmids en ander ambagsmanne behalwe personeel van die S.A.L.M. Bevelvoerende offisiere moet van tyd tot tyd aan die K.M.G. meedeling doen van 'n tekort aan bedoelde ambagsmanne wat in hulle eenhede mag bestaan.

9. Liggaams- en ontspannings-oefening moet in alle eenhede die hele jaar deur uitgevoer word. In elke eskadron, battery of kompanjie behoort daar ten minste een onderoffisier te wees wat gekwalifiseer en ook beskikbaar is as instrukteur.

10. Alle berede skutters moet geoefen word in spioneer- en verkenningsdienste.

11. Twee man in elke battery en vier man in elke eskadron of kompanjie moet geoefen word as baardraers en in eerste hulp aan gewondes. Een man in elke battery, eskadron of kompanjie moet geoefen word in gesondheidsdiens. Die oefening word uitgevoer onder reëlinge deur die D.G.D. getref.

Ammuniesie.

12. 'n Som geld, wat beskikbaar sal wees vir aankoop van skietoefening-ammuniesie vir die gevestigde en beweegbare bewapening van die S.A. Perm. Vest.-Art., sal jaarliks deur die H.G.S. vasgestel word. Die soort en hoeveelheid van ammuniesie aan kompanjies toegewys, moet bepaal word deur die O. in B., Garnisoen van die Kaapse Skiereiland, maar die som wat deur die H.G.S. vasgestel is vir aankoop van die bedoelde ammuniesie mag in geen geval oorskry word nie.

13. Die hoeveelheid ammuniesie wat vir skietoefening aan eenhede toegestaan word, sal jaarliks deur die H.G.S. vasgestel en in Magorders gepubliseer word. Meer as daardie hoeveelheid mag nie sonder die goedkeuring van die H.G.S. uitgereik word nie.

Uitrusting en Benodighede.

14. Die skale van uitrusting is voorgeskrywe in Uitrustingstabelle. Uitgifte sal in ooreenstemming daarmee geskied onder magtiging van die H.G.S.

15. Alle sake in verband met aankoop, beheer, versorg, bewaar, instandhou en uitreik van benodighede, voertuie, diere, ens., wat die eiendom van die Unie Verdedigings-departement is, moet behandel word volgens die "Regulaties in verband met Algemene Benodigdheden en Orders en Instrukties, U.V.M."

Maneuwers.

16. Die aanwysing van streke vir oefening en maneuwers van enige gedeelte van die Verdedigingsmagte moet in die *Unie Staatskoerant* en plaaslike koerante gepubliseer word.

17. In elkeen van hierdie streke word deur die K.M.G. 'n offisier aangestel as kompensasieoffisier. Hy ontvang vorderinge van kompensasie vir skade of verlies wat eienare of bewoners van die grond gely het as gevolg van die gebruik van die grond deur die Verdedigingsmagte.

18. 'n Kompensasie-kommissie, samegestel soos deur die Minister gelas, moet aangestel word om alle vorderinge wat deur kompensasieoffisiere verwys word te handel.

Instruksies aan Troepe.

19. Die volgende instruksies moet aan troepe gegee word:—

(*a*) Troepe mag nie sonder permissie van die eienaar oor beboude grond of in 'n tuin, 'n boomgaard, huise, geboue, mynwerke, tente, ens., gaan nie. Onder geen omstandighede mag 'n boom afgekap of beskadig word nie.

(*b*) Alle latrienes en vuilisputte en ook elke afloopvoor of uitgrawing wat gemaak is moet opgevul word voor die troepe die kamp verlaat.

(*c*) Elkeen, wat sy rang ook is, moet alles in sy vermoë doen om grasbrande te voorkom. Die gras rondom kampe moet verwyder en 'n kring rondom elke kookplek gemaak word. Dit is die plig van alle lede om hul uiterste bes te doen om 'n grasbrand wat met 'n ongeluk ontstaan het dadelik te blus.

(*d*) Draad mag net op bevel van 'n offisier geknip word. Magtiging om die draad in die nabyheid van hekke of openinge te knip mag nie gegee word nie. Draad mag volstrek nie afgedruk of slapgemaak word nie.

20. (*a*) As water waarvoor betaal moet word gebruik word, moet die offisier in bevel die eienaar van die water 'n sertifikaat gee wat aantoon—

(i) die getal diere wat water gekry het;
(ii) hoeveel maal water gegee is;
(iii) ongeveer die hoeveelheid water wat vir ander doeleindes geneem is, met opgawe van besonderhede;
(iv) die nommer en naam van die plaas, die naam van die eienaar of bewoner, en waar die dam geleë is;
(v) die datum van gebruik van water;

en moet 'n afskrif daarvan aan die K.M.G. stuur.

(*b*) Bevelvoerende offisiere moet sorg dat alles by 'n suiping ordelik gaan en dat geen eiendom beskadig word nie.

21. Die O. in B. moet so spoedig moontlik na hy in kennis gestel is van verlies of skade, stappe neem om die bedoelde verlies of skade te laat ondersoek en vasstel. Hy moet die kompensasieoffisier voorsien van 'n rapport daaroor en 'n afskrif van die rapport aan die K.M.G. stuur.

ARTILLERY AND RIFLE RANGES.

22. Safety officers are required to stop all traffic by land and water within the danger zone when practice is being carried out. Local traffic will be suspended as little as possible, and safety officers will suspend practice when necessary to meet traffic requirements.

23. The public will be warned by notice in the Press against crossing the range while practice is taking place, and also of the very great danger of picking up shell which may be unexploded. The senior officer in charge of the practice will satisfy himself that this warning has been published.

24. A commanding officer may deny any person access to or the right to remain in any camp or training ground, provided notice thereof is given in terms of section 103 (*f*) of the Act.

ARTILLERIE- EN GEWEERSKIETBANE.

22. Veiligheidsoffisiere moet, vir solang as skietoefening uitgevoer word, alle verkeer op land en op die water binne die gevaarstrook belet. Plaaslike verkeer moet so min as moontlik opgehou word en veiligheidsoffisiere moet, as dit nodig is vir die vereistes van die verkeer, die skietoefening laat staak.

23. Die publiek moet deur kennisgewing in die pers gewaarsku word dat niemand solang as skietoefening aan die gang is oor die skietbaan moet gaan nie en ook dat dit baie gevaarlik is om bomme op te tel, want dit is moontlik dat so 'n bom nog nie ontplof is nie. Die senior offisier in bevel by die skietoefening moet hom oortuig dat hierdie warskuwing gepubliseer is.

24. Aan enige persoon kan deur 'n bevelvoerende offisier die toegang tot of die reg om te bly in 'n kamp of oefenterrein ontseg word, mits kennisgewing geskied is ooreenkomstig artiekel 103 (*f*) van die Wet.

Printed and Published at the Government Printing and Stationery Office, Pretoria.